# VLAMMENDE

# HAAT

## Calvyn & Servetus

deur

Ester Blomerus

Boek 7

## 27 OKTOBER 1553

Gee raad, gee beslissing,
maak jou skaduwee soos die nag
op die volle middag,
verberg die wat verdryf is,
verraai die vlugteling nie!

Jes. 16.3

## AFKORTINGS

ADD - Addendum
EE - Everyman's Encyclopaedia
EB - Encyclopaedia Brittanica
CE - Colliers Encyclopaedia
RD - Readers' Digest
CD - The Society for Distributing Hebrew Scriptures
v. - verwys
CEN - Catholic Encyclopaedia
TGP - The Gnostic Problem Wilson
KAB - Kabbalah
ES - Esseners
TCRB - Thompson's Chain Reference Bible
KJV - King James Version
NIV - New International Version
REB - Revised English Bible
CEV - Contemporary English Version
OT - Ou Testament
ICG - Institusie van die Christelike Godsdiens
NT - Nuwe Testament
GED - Gedeelte
c. - circa
SDFM – Standard Dictionary of Folklore Mythology
PHC - The Penguin History of Christianity
II - Volume II/Addisionele werk deur betrokke skrywer
Heb - Hebreeus
Gr - Grieks
SDIE - Standard Dictionary International Edition
Bibl - Bibliografie
o.a. - onder andere
NSB - NIV Serendipity Bible for Study Groups
GNB - Goodnews Bible Today's English Version with Deuterocanonicals/Apocrypa.
GAE - Grolier Academic Encyclopaedia
TJB - The Jerusalem Bible
Opm - Opmerking

---

©Ester Blomerus 2010.
Boek 7 vorm deel van die eerste hersiene PDF uitgawe bestaande uit 8 boeke en Bylaag (A-1)
Eerste hersiene PDF uitgawe, eerste druk : 6 April 2010. Tweede PDF druk van die hele reeks, 2012
Eerste weergawe (2004), ISBN 0-9584707-1-5, "Feite, Fabels & Raaisels" : nie formeel gepubliseer nie weens druk- en teksfoute – slegs aangewend as `n "sample"/steekproefkopie vir `n geslote groep lesers.
Navrae : fold88@yahoo.com /blomerus.ester@gmail.com
Webwerf : http://www.housealtarnetwork.com
Gepubliseer deur Skrywer , Swellendam, RSA.
Posbus 693, Swellendam, 6740, Kaapprovinsie, Suid-Afrika
Verspreiding van PDF reeks slegs deur : Skrywer of haar persoonlik aangestelde bemagtigde
Alle regte voorbehou. Geen vertalings of kopiëring van hierdie reeks word toegelaat sonder *skriftelike* toestemming van die skrywer of haar bemagtigde nie. Geen kopie mag van die PDF uitgawe gemaak word nie en geen kopieë mag van die CD gemaak word nie. Die PDF formaat mag onder geen omstandighede verander word nie en `n PDF kopie/bylaag mag ook nie gevonkpos/deurgegee word op enige wyse hoegenaamd via die internet nie en dit mag ook nie op webwerwe aangewend word, behalwe in verwysing, sonder skrywer se toestemming nie.
Kopiereg ten opsigte van hierdie boekreeks word uitgeoefen teneinde misbruik daarvan te voorkom en om die regte van enige outeur, publiseerder of individu te beskerm en van wie se data gebruik gemaak was by navorsing ten opsigte van hierdie boekreeks, ook om die integriteit van aanhalings of verwysings na bestaande werke van outeurs te bewaar. Die meerderheid van aanhalings/verwysings na outeurs en hulle werke waarvan gebruik gemaak was , was sover moontlik en so bondig moontlik omskryf/vertaal of hervertaal deur die outeur van hierdie werk in `n poging om nie inbreuk te wou maak op die kopiereg van andere nie, en om dit effektief in die taal waarin hierdie reeks geskryf is, aan te kon bied. Alle pogings moontlik was aangewend om die outeurs en die publiseerders van die oorspronklike bronverwysings sover moontlik te beskerm.
Font : Teks MSRef Sans Serif 8, 9, 11 & 13

ISBN NR 978-0-9584707-9-7

Die Christelike Geloof, Sy Grondslag en Ontplooiing bestaan uit :

Stryd tussen Lig en Duisternis BOEK I
Die Veelbesproke Jesus - BOEK 2
Doopkwessies - BOEK 3
Die Ware Jesus - BOEK 4
Vlammende Haat oor Jesus - Calvyn se Vete met Servetus - BOEK 5[1]
Die Paganisme maak sy Impak -- BOEK 6
Vreemde Vure in die Christendom - BOEK 7
Kruispaaie - BOEK 8
Addisionele Info tot Reeks - Bylaag A-1

Hierdie reeks is veral bedoel vir daardie tipe Christen wat nog bemoeienis wil maak met die vroegste Kerk en sy waarheidbelydenisse.

---

1 Daar was `n voorstel om die titel van hierdie boek te verander na "Vlammende Vete" - Tweede druk byvoeging

# INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| INLEIDING | | 5 |
| HOOFSTUK EEN : | Skandedaad van Calvyn - Marteldood van Servetus | 10 |
| HOOFSTUK TWEE: | Calvyn se Invloed in Genéve : Die Drieëenheid en Anabaptiste-vervolgings | 39 |
| BIBLIOGRAFIE | | BYLAAG A-1 |
| OOR DIE SKRYWER | | BYLAAG A-1 |
| NOTAS | | 52 |


---

# INLEIDING

Mag hierdie deel Christene help om te besin
oor hulle verhouding met Jesus,
want wat hierin vervat is,
is seker die grootste les wat ons uit
die Reformasie kan leer

AS ons terug sou kyk op alles wat in Naam van God plaasgevind het, kan ons net wonder waarom Jesus nou eintlik aan die kruis gesterwe het. Daar is dan ook verbasend baie Christene wat tot vandag toe afgryslike dade soos hierdie een waaraan Calvyn hom duidelik skuldig gemaak het, liewer maar wil ignoreer. Calvyn is natuurlik nie alleenlik die ikoon van duisende wat Christus as saligmaker bely nie, maar hy is dit veral vir hulle wat die gereformeerde belydenis handhaaf net soos wat hy dit dan seker ook is vir almal wat voel dat die Reformasie noodsaaklik was en dat juis dit ‘n kentering in die geskiedenis van die wêreld teweeggebring het. Maar hoe beoordeel die meerderheid wat hulle gewoonlik laat lei deur hulle beleidmakers, hierdie betrokke saak?

Hierdie konflik en veral sy tragiese gevolge, lees inderdaad soos `n Griekse tragedie. En dit gaan dan nie soseer presies hoe of hoedanig geloofsbelydenisse geargumenteer was tussen die twee betrokke partye nie, as die futiliteit van Godheidgeskille en veral as dit met uiterste wreedheid gepaard sou gaan en net om die verloorder vir altyd as “ketter” te brandmerk teenoor die wenner wie natuurlik dan beskou sal word as God se onfeilbare instrument. Dit is ook so asof Esseense wreedheid teenoor die naaste nogsteeds in plek gehou word as ons voortdurend tot stilswygende kondonering oorgehaal sou word.

Dit is dan baie jammer dat die Christelike geloof wat so kragtig vanuit die Bovertrek uitgegaan het, deur mense se toedoen in ‘n koue ontleding van God se bestaan ontaard het, asof dit die doel is waarvoor Jesus Christus aan die kruis gely en gesterwe het! En die haat wat ontketen is vanaf die Raad van Nicaéa (325) teen een en almal wat net nie die Drieëenheid van die Katolieke Vaders wou sluk nie, was geweldig, inderdaad absurd want hierdie verklaring staan eintlik op wankelbare pilare.

Vandag is die Liggaam van Jesus natuurlik nog net so verdeeld soos in die vroeë Christelike era en daar is nogsteeds Christene wat mekaar haat en dit alles oor Godheidverklarings. Het dit dan nie tyd geword dat ons sal besin sodat ons weereens by die ware Jesus van die Bovertrek sal kan uitkom nie? “Leer van My want Ek is sagmoedig en nederig van hart...” (Mat. 11.29).

Laat Calvyn se skandedaad, soos die “holocaust”, dan vir ons ‘n blywende les wees. Laat ons nooit net maar nooit in dieselfde gees kyf, haat en verdoem net omdat ons nie almal eenstemming is oor Godheidbelydenisse nie. Ook omdat ons ons ikone ten alle koste wil beskerm nie. Laat ons tog in liefde van mekaar verskil en verdraagsaam wees al sou ons ook sterk voel oor ons persoonlike menings rakende God en Sy bestaan. Immers het Jesus ons geroep om Sy getuiedraers te wees. Nie mekaar se moordenaars nie! Laat ons dan veel eerder die Naam van Jesus, hoogste Naam in hemel en op aarde, die Naam wat die Nuwe Verbond dra, weer in ere herstel (Fil. 2.-17)!

Hierdie deel word aangebied met die doel om Christene tot die besef te bring dat dit wat oor

Jesus Christus bely word, selfs deur die Trinitariërs, nie altyd so Skrifverantwoordbaar is as wat algemeen aanvaar word nie. Dit is immers hoe diegene voel wat nie hierdie belydenis ooit sal onderskryf nie. Die kritieke vraag is natuurlik: "Hoe kan ons van "misleidende belydenisse" praat as ons nie die Triniteit ooit mag aanspreek nie of as ons sou glo dat die Triniteit die enigste ware belydenis is? Hoe sal ons "misleiding" ooit kan meet? Ons word baie maklik gemaan om nie haarklowery aan die gang te sit nie, dat Godheidbelydenisse nie meer belangrik is nie, tog word die Triniteit volgehoue as "enigste absolute waarheid" aan ons opgedring. As iemand dit dan sou bevraagteken, kry so een steeds, en baie vinnig ook, 'n Middeleeuse etiket en die swaard van verwerping hang gevolglik nog net so sterk oor hierdie tipe "sondaar" as toe Servetus Calvyn gesmeek het om hom maar liewer met die swaard om die lewe te bring - as om hom op 'n nat, groenhout brandstapel te laat sterf!

As ons na al die verskillende belydenisse kyk wat rondom die koms van Jesus ontspring het, ook die verwarring wat op tou gesit was, ook natuurlik die ondenkbare martelings wat toegepas was, kan ons nie anders nie as om weer terug te keer tot Skrifwaarheid en natuurlik die apostels se benadering tot die bestaan van God. Hulle het duidelik nie soos die Kerkvaders, Jesus en Sy Vader, ook die Heilige Gees, deur die filosofie gelees of aan die hand van die Misterieë probeer verklaar nie.

As ons Jesus dan wil ken, behoort ons bereid te wees om Hom objektief in die Heilige Skrifte te aanskou. En dit is juis hier waar die antwoord lê. Almal maak aanspraak op Skrifverantwoordbaarheid, maar kan ons ooit verby Nicaéa kyk? Kan ons ophou om in God se Ryk in te dring met ons beperkte bevattingsvermoëns asof onsself die Seun voorgebring het? Besef ons wat via die Moederkerk aan ons oorgelewer is? Of loop ons maar net naïef op 'n pad wat ons glo vir ons deur die Kerkvaders gebaan was maar ons doen nooit moeite om daardie Kerkvaders en hulle belydenisse wat nie altyd objektief deur die teologiese instansies ondersoek word nie, self van nader te leer ken nie?

Mag ons tog weer by die ware Jesus uitkom en mag ons, in die proses, mekaar die hand in die liefde van Jesus en in baie groot verdraagsaamheid reik, juis omdat Godheidpersepsies die liggaam van Jesus só veskeur het. En wat sal die maatstaf in die Oordeelsdag wees? Ja, waarheid maak inderdaad vry, maar wat is waarheid wanneer ons by Godheidpersepsies kom? Het Paulus nie die sipier 'n baie bondige, tog baie raak, antwoord gegee op sy vraag nie? "Glo in die Here Jesus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin" (Hand. 16.31). Om Calvyn se "onskuld" dan teen wil en dank te probeer bewys, spreek van dieselfde naïwiteit as om Petrus as eerste Pous van die Roomse Kerk te wil aanvaar en net omdat dit so verkondig was vanaf die vroegste fase van die Moederkerk se bestaan. En dit is dan net so goed as om te bely dat hierdie Kerk, juis omdat dit soveel miljoene aanhangers het en veral so goed georganiseer is, niks anders nie as die ware Jesus Boodskap deur die eeue heen gebring het.

Sal ons weer ons lewe vir Jesus moet aflê? As ons fyn sou let op die winde van veranderings wat tans in die Christendom waai, naamlik eenwording ten koste van apostoliese waarheid, is dit 'n seker saak! 'n Gesalfde van God wat kennelik deur die Here gebruik was en wat bitter gely het vir die verkondiging van die Jesus Boodskap, het hierdie profesie kort voor sy heengaan in 1997 in 'n kerksaal in Pretoria deur die Heilige Gees gegee: "Ongetwyfeld kom daar vervolging vir die Christendom aan. Hy wie wil staan, kan staan, en hy wie wil hardloop kan hardloop".

Mag God ons dan versterk soos wat Hy vir Servetus versterk het. Nadat ek vir `n geruime tyd so vasgevang was in die geskiedenis van hierdie ongelukkige man en sy smartlike dood, en ek God aanhoudend vrae bly vra het, het ek hierdie gerusstellende antwoord gekry: "Dit was nie soos jy dit bedink nie. Ek was by hom." Die vroeë Christene, waaronder daar ook opregmenende Katolieke was, het geglo dat Christene "perfek" gemaak word deur die sogenaamde "bloeddoop" (marteling).

Dit sal ook nie help om hierdie tipe geskrif as "kerklike politiekery" af te maak nie. Solank as wat die Drieëenheid as "*enigste* waarheid" verkondig word, en solank as wat Christene wat dit nie wil onderskryf nie as "dwaalleraars" afgekraak word, sal daar nooit van eenwording in die Liggaam van Jesus gepraat kan word nie. Het die tyd dan nie aangebreek dat die Trinitariërs weer moet besin oor hulle

Roomse belydenisse nie, veral as haatspraak nooit ophou nie en as hierdie tipe Christene wat Jesus ook as Verlosser bely en die verlossingskrag in Sy bloed onderskryf, se roeping en bedieninge volgehoue negeer word?

Servetus was sekerlik nie volmaak nie en sy Godheidbelydenis kan beslis ook gekritiseer word, net soos byvoorbeeld sekere bewerings oor die heelal wat hy gemaak het - en dan natuurlik inaggenome die wetenskaplike ontwikkeling *van sy tyd*! - maar behoort hierdie insident in die geskiedenis van die Reformasie wat veronderstel was om weg te beweeg het van rigiede, eensydige oorheersing, ons nie juis tot die besef te bring dat die Christelike liefde groter behoort te wees as dogmatiese geskille en verskille nie en veral sodra dit by ons siening oor die onsienlike God en Sy bestaan kom nie?

Die onverdraagsaamheid wat Calvyn aan die dag gelê het met Servetus, het in die Ou Apartheidera onder die Calviniste in Suid-Afrika geseëvier. Die Christelike Onderwys-kultuur was deurspek met hierdie tipe geloofsonverdraagsaamheid en die leed wat veral aan "wederdoper" kinders gedoen was, behoort eintlik nooit verswyg te word nie. As God dan nie so sterk met die Heilige Gees-gawes in die midde van die Pentekostaliste teenwoordig was nie, en sulke sterk vate gesalf het wat die Calvinistiese predikante op hulle beurt weer kon aanvat oor afvallige kernbelydenisse nie, sou daar kwalik `n oes vir Jesus en Sy waarheidboodskap gewees het in hierdie land. Ekself dra baie goeie kennis van erge diskriminasie op die werksfront en daar is wel `n behoefte aan `n boek wat hierdie sweer ten volle kan oopmaak. Maar daar is natuurlik ook houdingsverandering wat veral sedert die aanbreek van die Nuwe Suid-Afrika op kerklike gebied plaasgevind het en kruisbestuiwing is deesdae opsigtelik sterk aan die orde van die dag. God roep ons ook natuurlik op tot vergiffenis en as daar vrug op ons arbeid is, wat ookal met ons gebeur terwille van Christus en Sy saak, behoort ons dit wel as positiewe ervaring te beskou.

Vir my gaan Servetus se geskiedenis dan nie soseer om die "regte" en die "verkeerde" verklaring van God en Godheid nie maar om geregtigheid versus ongeregtigheid en Calvyn sal vir my altyd as teken staan van laasgenoemde. Al sou hy dan ook in sy teologie goeie eksegese kon voorbring – mens wonder net of dit nie maar Beza is wat die eer toekom nie - bly die vraag: "Hoe sal hy ooit by Jesus verbykom?" En geen mens sal in daardie dag hand kan bysit nie!

Mag die wêreld dan nooit hierdie skandedaad vergeet nie! En laat die afgryslikheid daarvan ons des te meer uitbring by die groot Leermeester se woorde: "Jy MOET jou naaste liefhê soos jouself!" En al sou ons ook hewig van mekaar verskil oor geloofsbelydenisse, behoort ons notisie te neem van Paulus se verklaring wat aansluiting vind by Jesus se beleid: "Die liefde verdra alles!" (1 Kor. 13.7). Ek herinner my nog hoe snedig gereformeerde predikante, selfs in die media, na "Servet" verwys het. Tot en met 1993 was daar dikwels hoogvaardig verwys na die "onstabiele wederdopers" en die "eenvoudige sektes". Hulle was dan eintlik maar as tweedeklas burgers van die samelewing beskou en, ironies, is die prentjies nou skielik anders. Waarom? God het verandering ingewerk net soos wat Hy een Sondagoggend vir ons in Pretoria (1990) en vantevore in 1982 deur die profetiese gawe verklaar het. Maar hierdie verandering het met `n prys gekom en om hierdie rede behoort geloofsdiskriminasie kelder toe gestuur te word – al sou ons ook volhard in ons eie besondere standpunte. En heel ironies het God toe die stemme wat so luidkeels gewaarsku het teen "valse godsdienste " self gekonfronteer! En in dié verband verwys ek na Geertsema se betoog (p. 44).

As daar ooit `n geskrif is wat oneindige skade aan menseverhoudings berokken het, ook ingedruis het teen die menswaardigheid van die gedooptes in Suid-Afrika, was dit dr P.G. Geertsema se boekie, *"Die Wederdopers weerlê"* (1978). Die diskriminasie wat daarna in Suid-Afrikaanse skole losgebars het, kan nie maklik vergeet word nie. Verwys gerus na Boek 3 vir `n goeie bespreking oor die dompeldoop en natuurlik die ware Nuwe Testamentiese doop in die Naam van Jesus. Ekself kan `n boek skryf oor diskriminasie in sekere Staatsdepartemente tot so laat as 1993 maar terwille van Christus en

vir die bevordering van vrede, is ek bereid om alles aan die Groot Boek oor te laat (Open. 20.11+).

Die kennis waarmee Heilige Gees-vervuldes (wederdopers) gevolglik ook vorendag gekom het, is beslis nie iets wat ons ooit kan negeer nie! God moes eenvoudig net vanaf Nicaéa, naamlik deur die eeue heen, die wiele aan die rol gesit het om afvallige belydenisse hok te slaan. En waar Servetus ook nie die volle waarheid gehad het nie, het hy immers die wêreld aan die dink gesit oor die "onwankelbare" (!) Roomse Triniteitbelydenis.

Opm: Verwysings na "Unitariër" moet vervang word met "Eenheid" (*Oneness*) omdat laasgenoemde nou so na verwys word.[1]

SKRYWER

————————————————————

[1]Miguel Serveto Conesa (sy familiebynaam was "Reves") : vir meer oor hom en sy teologiese standpunte, verwys Michael Servetus – Wikipedia, file://M:\Michael_Servetus.htm, asook vir `n foto van sy huis in Spanje (vir kommentaar deur skrywer oor Servetus se Christologiese standpunte, kyk Bylaag Een tot Tweede Druk, bl. 56)

# HOOFSTUK EEN

## SKANDEDAAD VAN CALVYN?

## DIE MARTELDOOD

## VAN SERVETUS

As Homerus of enige Griekse dramaturg hierdie verhaal moes geken het, sou ons sekerlik vandag met 'n klassieke werk gesit het wat maklik met die Aeniad of ‘n belangrike epiese werk vergelykbaar kon wees. Servetus was 'n man wat nie soseer met sy kleurryke lewe sy merk op die geskiedenis gelaat het nie, maar dit is veel eerder in sy dood waar sy innerlike krag na vore tree. Juis omdat ook hy aanspraak op Christenskap gemaak het, kan ons onsself seker afvra: "Hoe sou Jesus opgetree het as hy heerser van Genéve was?"

Die Spanjaard se grusame dood word dikwels deur Protestante geringgeskat en sy naam word ook heel ironies, en strydig met *Ex 20* wat so gewild onder dieselfde sektor is, aan misdryf gekoppel en duidelik omdat hy die Drieëenheid afgewys het. Die naam „Servetus“ staan dan ook steeds vir baie as teken van ‘n ware “ketter”. Tog weet min wat eintlik in Genéve en in besonder in Champâl, Switserland, gebeur het met hierdie “juweel van die Anabaptiste”. Moontlik sal die milleniummens meer objektief teenoor hom standpunt kan inneem juis omdat menseregte vandag so ‘n uiters belangrike faktor vir almal is en natuurlik ook individuele mening. Immers het hierdie man sy lewe vir Jesus en sy saak afgelê al het hy en Calvyn nie oog om oog oor die Godheid gesien nie! Om 'n Anabaptis te gewees het in Calvyn se Genéve en die naburige lande en stede van Europa, was om feitlik van alle regte ontneem te gewees het. Om nie eens van die vernederings en verwerping van die breëre samelewing te praat nie! Die vrome Calvyn het selfs sover gegaan om Servetus 'n “hond” en 'n “gedrog” te noem!

Michael Servetus (=sy Latynse naam en in Spaans, Miguel Serveto], is in l511 in Tudela, Spanje, gebore uit welaf ouers. Maar sy ondergang het baie duidelik juis in sy besondere genialiteit en openhartige, eerlike persoonlikheid gelê. Hy was teoloog, juris en medikus van formaat. Ons moet natuurlik in die beskrywing van sy geskiedenis hom in sy tydvak plaas en die Katolisisme het, afgesien van die Hervorming wat toe al sterk na vore getree het onder segspersone soos Zwingli, Luther, Calvyn, en ander Reformiste, nogsteeds swaar in die lug gehang. Alhoewel die Reformiste ook maar weggebreek het van katolisistiese leerstel en sienswyse, het hulle daarna wat die Drieëenheid en die kinderbesprenkeling betref, almal in die voetspore van die Rooms-Katolieke Kerk gevolg. Ons behoort ook verder in gedagte te hou dat die Hervorming aanvanklik deur Luther aan die gang gesit was maar ook hy het voorlopers gehad wat teen die korrupsie van die Katolieke Kerk uitgegaan het. ‘n Poging was dus eers aangewend om die Kerk self te hervorm maar dit was ontmoontlik.

Die Boheemse geloofshervormer, Johannes Huss (Hus) (c.1373-1415) , was een van die voorlopers van die Hervorming. Sy werklike naam was Johann Hussinecz of de Hussynecz. Hy was

rektor van die Universiteit van Praag en was van pro-Wycliffe kettery beskuldig. Hy het ook in Praag gepreek en homself teen die verbranding van die boeke van Wycliffe deur die aartsbiskop van Praag uitgespreek waarop hy toe geëkskommuniseer is. Hy was kort daarna in die gevangenis gewerp en na 'n baie wrede marteling (sy kopvel was afgeskeur) word hy in 1414 in Constance lewendig verbrand. Dit kom voor dat hy as katoliek op die brandstapel gesterf het. Almal wat hulle teen die Katolieke geloofstradisies uitgespreek het, het die pad van vervolging, selfs marteling geloop. Daar was na bewering "grootdopers" wat aan die Rhynrivier gebly het, en wie lewendig verbrand was so vroeg as die twaalfde eeu n.C omrede hulle nie die Katolieke geloof bely het nie. As dit dan nie vir dapper helde was wat die dood verag het terwille van waarheid nie, sou daar geen Hervoming gewees het nie. En as daar geen Hervorming was nie, sou die Roomse Kerk nooit in haar absolute oorheersing en nie-apostoliese belydenisse gestuit gewees het nie.

Daar word baie geskryf oor die "groot Hervormers" maar relatief weinig weet eintlik wat werklik met Servetus gebeur het en 'n mens kry baie maklik die indruk dat net 'n sekere kategorie "heiliges" vereer mag word omrede hulle die Protestantisme gevestig het. Tog, as ons Servetus se geskiedenis objektief nagaan, behoort ons te kan besef dat hy indirek 'n baie groot bydrae gemaak het, afgesien van sy mediese prestasies, om bewuswording te skep van die noodsaaklikheid van verdraagsaamheid bó kennis, en in die besonder teologiese spekulasie. Juis omdat daar in die algemeen aanvaar word dat die Triniteit "onfeilbaar" is, en dat almal wat dit bevraagteken "ketters" is, behoort ons juis die Drieëenheidbelydenis te ontrafel. En natuurlik ook dit wat Servetus bely het sodat ons tot die besef kan kom dat die wysheid van mense inderdaad dwaasheid by God is. Of dit nou oor die Triniteit òf Servetus se besondere belydenis gaan, en veral as ons dit wil verabsoluteer.

Met die navorsing vandag tot ons beskikking, kan ons eintlik baie gou sien dat Servetus sy tydgenote ligjare vooruit was. Hy studeer regte aan die Universiteit in Toulouse, Frankryk. Daar het hy hom ook verdiep in Bybelstudie en filosofiese teologie en veral die probleem van die Drieëenheid ondersoek. As negentienjarige student aan die Universiteit van Parys, kom hy in aanraking met die anatomie van Gunter, Vasalius en Du Bois. As assistent van Gunter word hy vroeg in sy lewe die opvolger van Vasalius, Vader van die Chirurgie. Servetus ontdek en beskryf volgens Marais : 10 "....die werklike oorsprong van die bloedsomloop in die menslike liggaam, die verandering wat die bloed in die longe ondergaan en die weg deur die hart, in elke opsig juis en presies." Sy wetenskaplike deurbraak word beskou as gelyk aan die ontdekking van die Amerikas deur Columbus[1].

In l540 word Miguel Serveto maklik in diens geneem van die Aartbiskop van Wenen as sy lyfarts. In Februarie l530 vergesel hy sy beskermheer, die Fransiskaanse Juan de Quintana na die kroningsplegtigheid van Keiser Karel V in Bologne, Italië. Hy kry onmiddellik 'n weersin in die keiserlike onderdanigheid aan die Pous en hy verlaat daar en dan sy diens en kom in Basel en Strasburg in aanraking met Reformisteleiers soos Jan Oecolampadius, Martin Bucer en Kaspar Schwenckfeld.Uit hierdie optrede van Servetus kan ons sekerlik sy integriteit sien: hy bly getrou aan sy eie oortuigings. Maar dit is eienaardig hoe vooroordele werk want baie Protestante wie hulle by Calvyn skaar, haal skaars Servetus se wetenskaplike prestasies aan! Dit was ook in Basel waar Calvyn in 1535-6 hom gevestig het en waar daar dus baie protesterendes gebly het en wat natuurlik 'n inspirasie vir hom sou gewees het. Dit is ook in Strasburg waar Calvyn in 1539 met Idalette de Bure, 'n weduwee, in die huwelik tree. Daar is 'n bewering dat sy 'n Anabaptis was. Heel eienaardig verneem ons weinig van haar en mens wonder net hoe Calvyn se verhouding met haar inderdaad was.

Wie was hierdie mense wat 'n invloed op Servetus se lewe uitgeoefen het? Martin Bucer (Butzer) – 1491-1551 n.C. - was 'n Duitse Protestantse Hervormer. Hy het by die Dominikane aangesluit in 1506 n.C. en het toe in Heidelberg gestudeer waar hy met Erasmus en Luther in aanraking gekom het. (Uit die Dominikaanse Orde het die "honde van God" gekom wie dan ook die ketters uitgeruik het). Bucer het in

[1] Daar is `n mening dat die hierdie ontdekking vroeër gemaak was maar dat dit nooit bekend gemaak was nie – v. ook artikel in Wikipedia, file://M:\Michael_Servetus.htm.

1521 sy orde verlaat en "'n soort van 'n huwelik met 'n non gesluit". Hy word toe in 1523 geëkskommuniseer waarna hy hom in Strasburg vestig. Daar het Hendrik VIII hom oor "ongeldigmaking" geraadpleeg (en natuurlik met die oog op egskeiding en hertrou met Anne Boleyn). Hy weier om die "Interim van Augsburg" (1548) te onderteken en aanvaar 'n uitnodiging van Cranmer waarna hy "regius professor in die teologie aan Cambridge" word. Hy sterf egter twee jaar later en word in Cambridge begrawe waarna die "bloedige" Mary sy liggaam laat opgrawe en verbrand. (EE 2 : 612). Caspar von Schwenkfeld weer (1489- 1561 n.C. kom vanuit 'n adelike familie, naamlik vanaf Ossing, Silisië. Hy word as 'n mistikus beskryf. Hy was 'n ywerige volgeling van Luther in sy jeug, maar toe verskil hy volgens hierdie bron op `n stadium van hom, waarna hy toe aansluit by die Anabaptiste. Later stig hy toe weer sy eie groep. Hy leer onder andere dat God "direk met die individu kan praat".[1]

Hy het baie volgelinge in Silisië en in Swabië gewerf en 'n staat, gebaseer op sy leringe, was ook in Amerika in die agtiende eeu gestig. Ons behoort te kan begryp dat baie katolieke die mistisisme beoefen het, as dit is wat Schwenkfeld se profiel beskryf. Maar wat duidelik behoort te wees, is dat hierdie man beslis verder wegbeweeg het van die Katolisisme as byvoorbeeld Luther en Calvyn want hy het die grootdoop wat tot en met die vyfde eeu deur die Katolieke Kerk self beoefen was, weer in ere herstel. Watter doopformulier hy toegepas het, is egter nie duidelik nie (EE. 11 : 149). Ek kon nie data van Jan Oecolampadius kry nie maar hy was heel moontlik ook 'n Anabaptis. Daar was Anabaptiste wat wel met die Heilige Gees gedoop was gedurende die Reformasie (v. Boek 3 oor bloedige vervolgings teen hierdie beweging en wel vanuit die Protestantisme). Luther maak dan ook die opmerking met Müntzer in gedagte dat hy glad nie na hom wil luister nie "....al sou hy ook die Heilige Gees, vere en al, gesluk het" (Bainton : 261)!

Michael Servetus het daarna, afgesien van sy wetenskaplike studies en belangstelling, 'n groot bewonderaar van Jesus geword. Hy het steeds uiterlik as 'n Katoliek en in die geheim sy Bybelstudies ywerig in sy vrye tyd voortgesit, ook elke moontlike geleentheid tot sy beskikking daaraan bestee. Baie gou het hy die teenstrydighede in die Niceense Geloofsbelydenis van die Drieëenheid raakgesien. Vir hom as Bybelkundige was die Katolieke verklaring van 'n God-in-drie-persone, tog 'n drieënige God, en sekerlik onder die Katolieke van daardie tyd uitgebeeld soos die gnostiese doktrine, as 'n ou man, 'n vrou en 'n seun, onaanvaarbaar. Soortgelyke illustrasies was selfs in ons twintigste eeu op 'n stadium by sekere boekwinkels aangebied in plakkaatformaat (v. Boek 2, Notas, dit is in 1930-33).

Hislop maak melding van 'n driekoppige voorstelling van die Godheid in Madrid waarmee Servetus sekerlik kennis gemaak het want Spanje was natuurlik sy geboorteland. Ook was daar baie Jode in Spanje wat wreed gemartel was vir hulle belydenis in een God en heel interessant verneem ons dat Servetus vanaf moederskant van Joodse herkoms was.[2] As ons dan geskok sou wees oor Servetus se uitgesprokenheid oor die "driekoppige monster" behoort ons weer te besin (Dit kom voor dat Servetus se uitgesprokenheid Calvyn eindeloos geïrriteer het). Ons behoort ook die driegesiggod vanuit die Hindoïsme (die Trimurti) hier in gedagte te hou want Servetus was natuurlik ook hiermee bekend. Hy was duidelik goed belese.

Die "antieke Drieëenheid" was integraal tot die vrugbaarheidskultus (Hislop). Dit is dan geen wonder nie dat God Israel pertinent opdrag gegee het om nie die gode van die nasies rondom hulle te vereer nie en die Shema getuig duidelik van monoteïsme : (Deut 6.4): "Hoor, o, Israel, die Here ons God, die Here is Een." en (Deut 32.39): "Aanskou nou dat dit Ek is en dat daar geen god naas my is nie." (v. Boek 8 vir verdere besprekings oor Triniteit ).

Om God veral in die beskrywing van Vader, Moeder (Gees) en Seun as drie wesens voor te stel, tog behorende aan een en dieselfde God (een liggaam/lyf in die afbeelding) sou dan inderwaarheid

1 Ons behoort baie versigtig te wees hoe ons hierdie tipe bonatuurlike ervarings benader want die "toerus met Krag uit die hoogte" (Hand. 1 & 8) het natuurlik vir eeue verdwyn en dit was hierdie tipe Heilige Gees-ervaring wat veral deur die prominente Protestantse leierskap afgewys was.

2 Verwys Wikipedia, file://M:\Michael_Servetus.htm (4/7/2012)

onaanvaarbaar vir Servetus gewees het want dit is eg katolisisties[1]. Dat Servetus dit ook gewaag het om hom uit te spreek teen die Triniteit wat so godslasterlik verklaar was, was natuurlik 'n groot uitdaging in sy tyd want dit het onmiddellik die deure na die martelkamers van die Katolieke Kerk wyd oopgemaak omrede verwerping daarvan strafbaar was met die dood en Calvyn het natuurlik ook sy eie tipe vervolging, dit is met betrekking tot almal wat van hom sou verskil het, in plek gehad en duidelik in die gees en gesindheid van Rome.

Dit is dan geen wonder dat Servetus prooi geword het van die Kerk se Inkwisisie nie, maar dat Calvyn wat self nie tevrede was met Roomse voorskrifte nie, toe ook `n heksejag teen Servetus aan die gang gesit het, spreek duidelik van, (1) sy eenstemmigheid met die Katolieke Kerk, en/of (2) 'n onvermoë om ruimte te laat vir onafhanklike partye om ook inspraak te kon lewer, veral in 'n era toe teenstrydighede in die Roomse doktrine ywerig en openlik aangespreek was. Dat hierdie "onafhankliike partye" ook 'n baie groot gevolg gehad het, word dikwels uit die oog verloor.

Die Spanjaard het aangevoer dat die Katolieke Kerk 'n groot onreg aan Jesus en Sy Vader in hulle verklaring van die Godheid gedoen het. Hy het ook erfsonde wat in Boek 2 en Boek 3 behandel word en waarvan Kerkvader Augustinus, 'n eertydse Manikeër-volgeling, 'n groot voorstander was, afgewys. Verder het hy ook die 'kinderdoop' verwerp asook regverdiging deur die geloof, of moontlik geloof alleen. Ek dink hierdie aanname behoort dan ook objektief oorweeg te word, want volgens Paulus se evangelie sou geloof sonder werke niks beteken het nie, met ander woorde, om in Christenskap te roem sonder dat 'n godvrugtige lewenswandel nagestrewe word, sou inderwaarheid beteken het dat die mens steeds in ongehoorsaamheid sou voortlewe (Gal 5; I Kor. I3)].

Dit kom dan ook voor asof Miguel Servetus 'n voorbeeldige lewe gelei het want hy word nooit van immorele optrede beskuldig nie en die klag teen hom was duidelik sy verwerping van die Triniteit. As mens kom dit voor dat sy lewe en karakter dan onbesproke was en hierdie getuienis aangaande hom was dan ook wyd en syd bekend. Hy was ook nie vernou in sy denke nie ofskoon hy baie assertief kon optree soos dit voorkom. Hy kom voor as `n openhartige mens en dit mag dalk die rede wees waarom hy Calvyn, wat homself voorgedoen het as dienaar van Jesus, vertrou het. Immers was Calvyn deel van die Hervorming en wat beslis veel wyer gegaan het as die ooglopende Pouslike en Maria-verering. Juis omdat die Roomse Kerk as gevolg van die Hervorming in die proses was om sy houvas op die denke van die Renaissance-mens te verloor, het radikale verandering in die lug gehang en kommunikasie was gevolglik daardeur gestimuleer, veral tussen kennisse en dan seker te meer onder vriende. Calvyn en Servetus was duidelik nie vreemdelinge vir mekaar nie. Hulle was immers saam op universiteit en dit kom baie duidelik voor dat Servetus wel sy senior was.

Servet sou dan baie beslis nooit Calvyn se kerkdiens bygewoon het as hy geweet het wat in dieselfde kerk waar Calvyn besig was om Jesus te verkondig, met hom sou gebeur het nie. Dit word vertel dat hy uiters verbaas was toe Calvyn se dienaars hom in hegtenis geneem het en dit kom ook voor asof Servetus, soos wat dit dikwels met iemand van hoë intellegensie gaan, 'n kinderlike naïwiteit besit het en sy interpersoonlike verhoudinge sou dan maklik kon spreek van openhartige en opregte vertroue in sy medemens, iets wat ruimte sou laat vir meningsverskille. Wat Calvyn egter betref, blyk dit dat hy net eenvoudig nie die vloeibaarheid van gees en persoonlikheid besit het om "andersheid" (individualiteit) in sy medemens te kon waardeer nie. Dit kom gevolglik voor asof sy monastiese persoonlikheid blywend op hom ingewerk het.

As ons dan na hierdie persoonlikheidskonflik sou kyk, die een uitgaande en vol selfvertroue, ook duidelik humoristies, die ander rigied, outoritêr en selfgeldend, moes daar noodwendig 'n fiasko op interaksie gevolg het alhoewel dit sekerlik nie nodig was dat Calvyn so 'n grusame daad, en dit in die Naam van God, moes pleeg nie. Dit is baie duidelik dat Calvyn in eg Roomse gees opgetree het en die verskil tussen Servetus en Calvyn lê duidelik hierin dat Calvyn nie soos die wyddenkende Servetus totaal-

[1] Daar was meer as een tradisie ingebed in die vroegste katolisisme

en-al met indoktrinasie kon breek nie. Wat hulle persoonlike vetes en –konflikte betref, kan dit heel moontlik aan kulturele voorskrifte toegeskryf word.

Michael Servetus het sy geskrifte teen die Drieëenheid óf onder 'n skuilnaam, óf anoniem geskryf. In sy skrywes, *De Trinitatis erroribus libri* (1531) en *Dialogorum de Trinitate libri* (l532), het hy die ortodokse (let wel! Katolieke) verklaring van die Godheid weerlê. Hoewel Servet vandag deur die Protestantse Kerke daarvan beskuldig word dat hy in sy eerste geskrif 'n "panteïsties-spiritualistiese" standpunt, vergelykbaar met die Sabellianisme verkondig het - die opvatting dat Christus 'n verskyningswyse van God is en nie 'n selfstandige persoon nie, met ander woorde Hy is Gees oftewel `n allesdeurtrekkende Gees - vereis selfs hierdie Calvinistiese perspektief van Servetus 'n meer objektiewe, verligte benadering. Hierdie perspektief van die Godheid was volgens geskiedenis tot ons beskikking in die jaar 2l5 n.C. deur Pous Calixtus I as kettery verdoem en Sabellius was in Rome geëkskommuniseer. Tog, ironies, was Sabellius se terminologie in die beskrywing van die natuur van God in die Niceense Geloofsbelydenis opgeneem! (v. CarringtonII en Boek 1). Volgens die Triniteitbelydenis het God vlees geword, en dit is dan ook `n verklaring wat bevraagteken kan word juis omdat die *Seun* van God hierdie beskrywing toekom (1 Joh. 4). *1 Tim. 3.16* is juis vandag `n kontensieuse saak, dit is in die lig van die *Kodeks Alexandrinus* en teksveranderings wat nie meer betwyfel behoort te word nie.

Oor Sabellius se belydenis volgens EE 11 : 7 die volgende: "(It was a) heresy preached by Sabellius, an African bishop or presbyter, about the middle of the 3rd century. It was anti-Trinitarian, teaching that there is but one person in the Godhead, God the Father: that Christ was a mere man; and that the Holy Ghost is an energy, not a personality. It became almost extinct by the 5th century." Dit het dan, soos dit voorkom, baie met die Ebioniete se Adopsianisme ooreengestem (Daar was `n vroeër en `n latere tipe soos dit voorkom). Ons behoort dan baie noukeurig op Servetus se uitspraak "Seun van God" te let want dit onderskei sy belydenis van beide hierdie verklarings ofskoon dit op die oog af voorkom asof hy die Seun ook net in Sy mensestaat bely het (met ander woorde die Seunskap gaan oor in Godskap by die opstanding maar ons behoort nie net te aanvaar dat hy geglo het dat Jesus 'n aardse Pa gehad het soos wat die Ebioniete dit bely het nie [v. Boek 1 & 8(8); 8(75), 8(43)]. Ons behoort verder ook in gedagte te hou dat "kettery" gesien was in die lig van die post-apostoliese hoofstroom belydenis (Daar was ook van Servetus se geskrifte verbrand en hoe beoordeel ons dan, in alle eerlikheid, al sy werke? Hy was verder `n voortvlugtige op `n stadium van sy lewe en moontlik het meer as net daardie geskrif wat saam met hom in vlamme opgegaan het, verskyn.

As gevolg van Servetus se verklaring van die Godheid, was hy ná sy arres in Lyon, Frankryk, deur Calvyn se bemiddeling, aan die Roomse Inkwisisie oorgelewer. Calvyn het dit sonder enige sweem van twyfel met een doel voor oë gedoen, naamlik om Servetus wreed te laat martel en om die lewe te bring. Ook dat hy met die Roomse Katolieke Kerk saamgewerk het. Wat ons hieruit kan aflei, is dat Calvyn definitief 'n obsessionele haat teenoor Servetus gekoester het, en dat dit hom toe gedryf het om die Spanjaard van kant te maak. Hierdie houding van Calvyn was natuurlik gemotiveer deur sy opvoeding in die Katolieke Kerk, wat marteling geregverdig het as 'n belydenis nie met algemene Roomse leringe sou ooreenstem nie. Servetus kom natuurlik vanuit dieselfde agtergrond maar Calvyn se Pa was "notary apostolic and procurator fiscal of the county of Noyon" (EE 2 : 767). Hy was dus uit hoofde van sy pos nou betrokke by beide kerklike en staatkundige sake maar Kerk en Staat was onder Pouslike heerskappy verenig.

Servetus het sy *Christianismi Restitutio* in l546 aan Calvyn gestuur en die wens uitgespreek om hom persoonlik te ontmoet. Dit was hierdie manuskrip wat Calvyn teen hom gebruik het en hy het ook Servetus se briewe aan Guillaume de Trie, voorheen 'n burger van Lyon, oorhandig. So was Servetus saam met sy drukkers aan die Inkwisisie oorhandig. Die feit dat Calvyn sy vriend kon gebruik het om Servetus aan die Inkwisisie oor te gee, is bewys van sy noue skakeling met die Rooms-Katolieke Kerk, selfs ná sy afstigting. Daar is gewoonlik 'n band van openhartigheid tussen vriende wat groter ruimte laat vir meningsverskille.

Calvyn se optrede is duidelik `n bewys van sy onverdraagsaamheid maar dit is natuurlik `n standpunt wat in die algemeen gerasionaliseer word. Hy het na bewering aan sy vriend Farel, by wie hy aanvanklik die werk in Genéve oorgeneem het, gesê dat as Servetus ooit sy voete in Genéve sou sit, sou hy hom nie toelaat om die stad lewendig te verlaat nie. Hy het dus die doodstraf oor Servetus uitgespreek nog voordat hy hom behoorlik verhoor het! Hy het hom dan baie beslis eenhonderd persent met die Katolieke Kerk se veroordeling van Servetus vereenselwig. En Calvyn het natuurlik toe skoon vergeet dat hyself op 'n stadium van sy lewe 'n vlugteling was. Hyself wou dus marteling ten alle koste vryspring! En hyself het natuurlik `n tradisie gevolg wat sy eie geskiedenis van afvalligheid en misleiding aan die wêreld voorgehou het.

Waarom kon Calvyn vrye teuels aan sy venynige houding teenoor Servetus gee? Juis omdat hy so nou betrokke gebly het by die Rooms-Katolieke Kerk. Calvyn het dan baie goed geweet, in 'n tyd waar marteling die stemme van baie denkers stilgemaak het, hoe om homself te beskerm en die Katolieke Drieëenheid asook die kinderbesprenkeling was die “onwankelbare” tralies waaragter hy geskuil het – ook sy Middeleeuse onverdraagsaamheid laat gedy het. Nooit, net maar nooit, het hierdie Reformis hierdie kerngeloofsbelydenisse van die Katolieke Kerk bevraagteken nie. Tog was hy ook baie verlig in sy denkpatroon en dit is iets wat duidelik in sy belangrike geskrif weerspiëel word en mens kan dan net wonder of sy aanraking met die Anabaptiste nie maar ook ‘n invloed op hom uitgeoefen het nie. Daar was beslis in Basle nie net Protestante nie! Hy het dan ook ‘n groot bewonderaar van die baie belangrike Katolieke Kerkvader, Augustinus, gebly en wat natuurlik die rede is waarom hy so uiters getrou aan die Trinitieitbelydenis gebly het.

Ons behoort verder in gedagte te hou dat die Reformiste hulle grotendeels bemoei het met geloofspraktyke (rituele), dit wat opsigtelik onbybels was. Derhalwe, al sou Servetus nie 'n totaal Bybelse perspektief verkondig het nie, behoort ons in ag te neem dat Calvyn die Katolieke Drieëenheid aangehang het wat ook nie Bybels korrek is nie en daarom was daar duisende Ariane wat ná die Raad van Nicaéa in 325 n.C., en waaronder die twee Jeronimusse was, nogsteeds volhard het teen Athanasius se aanvaarde belydenis.

Servetus se leer, veral gesien in die lig van sy manuskrip, *Christianismi Restitutio* wat saam met hom op die brandstapel in Champâl in die nag van 27 Oktober l553 in vlamme opgegaan het, moes dan tot ons beskikking gewees het sodat ons dit aan die hand van die Katolieke Drieëenheid en die Heilige Skrifte kon gemeet het alvorens 'n behoorlike uitspraak gemaak kan word. Het dit dalk meer bevat as sy geskrifte wat in omloop was?[1] Wie was reg? Immers nie Calvyn wat hom op die Reformasieboodskap beroep het nie, naamlik om die vergrype en dwaalleerstel van die Katolisisme oop te maak en daarmee te breek nie. Hy het dit baie duidelik nie totaal-en-al gedoen nie! Servetus het natuurlik 'n fatale fout gemaak om sy manuskrip, *Christianismi Restitutio,* wat hy onder 'n skuilnaam geskryf het, aan Calvyn te stuur. Hy moes dit veel eerder aan Luther gestuur het!

Calvyn het na bewering wederregtelik die manuskrip teruggehou en hy wou dit selfs op Servetus se versoek nie weer aan hom terugbesorg nie - wat op sigself ‘n onetiese, en natuurilik ‘n uiters onchristelike daad was. Dit is net soos wat mens vandag iemand se manuskrip vir jouself sou toeëien en om dan daarmee te maak wat jy wil. Wat ons dan hieruit behoort af te lei, is dat Calvyn nie alleenlik `n outoritêre persoonlikheid was wat die Leviete graag vir almal voorgeskryf het nie – so amper op die aard van die genadelose Esseners - maar hy het wederregtelik op iemand se persoonlike besitting beslag gelê – hy het gevolglik intellektuele eiendom vir homself toegeëien wat nie aan hom behoort het nie - en hy het Servetus toe natuurlik in sy genadelose greep gehad. As ons dan nog enigisins wil aanvoer dat Calvyn onskuldig was en glad nie aandadig aan Servetus se grusame dood nie, behoort ons weer `n keer na te dink.

[1] Tensy daar meer as een kopie beskikbaar was (?). Daar bestaan vandag `n Michael Servetus Instituut wat in sy huis bedryf word in Villlaneuva de Sigenal Spanje volgens Wikipedia (v. sitasies in vorige voetnotas). Meer inligting oor Servetus se geskrifte behoort hier gevind te kan word.

Terwyl Servetus 'n dosent aan die Universiteit van Parys was, het hy Calvyn ontmoet en as gevolg van hulle wederkerige teologiese belangstellings, het 'n tipe van 'n vriendskapsband na bewering ontluik, hoewel Calvyn na bewering van meet af teen Servetus was. Ons moet onthou dat die ganse wêreld katolisisties was en 'n verligte persoon, van watter stoffasie of graad ookal, sou soos 'n vars briesie op enige denker se gemoed ingewerk het. So moes Servetus oor Calvyn gevoel het. Moontlik het hy in Calvyn 'n denkende persoonlikheid raakgesien met wie hy gedagtewisseling kon voer, juis omdat Calvyn self bekend was met die druk teen die Reformiste en hy het natuurlik dan goed geweet dat enigeen wat Rome teëgegaan het, se veiligheid en lewe bedreigd was. Moontlik, en dit kom so voor, wou hy Calvyn van die Drieëenheid laat afsien het. Immers het die Reformiste met die Katolieke Kerk gebreek en immers was hulle geskrifte en traktate ook versprei met die doel om verandering teweeg te bring.

As ons Calvyn se persoonlikheid dan op die getuienis wat ons van hom het, evalueer, sal ons baie gou kan sien dat hy 'n baie rigiede persoonlikheid was wat min ruimte vir sy medemens se persoonlike oortuigings gelaat het. Ons kan hom maar net aan Luther of die Switser Zwingli meet om die verskil duidelik raak te kan sien. Ook is die haat en afguns opmerklik in sy verhouding met Servetus anders sou sy *modus operandi* meer gematigd gewees het. Was hy moontlik jaloers op die beroemde Servetus? Dit is immers net jaloesie wat so 'n intense weersin kan ontketen dat marteling 'n aanvaarbare middel word om van ‘n “vyand” ontslae te raak en veral met `n Reformis in gedagte wat baie goed met Rome se wreedheid bekend was.

Sou Calvyn dan steeds 'n belydende Katoliek van sy tyd gewees het, kon sy optrede nog tot 'n mate geregverdig gewees het, maar hy het hom op die genade van die kruisdood van Jesus beroep! Ons kan ook, in die lig van Calvyn se verhouding en optrede met Servetus vra: Wat sou Jesus met Servetus gedoen het? Calvyn het toe ewe onderduims een bladsy van Servetus se manuskrip aan die Roomse Inkwisisie oorhandig net om duidelik te wys dat Servetus die skrywer daarvan was! Servetus slaag egter daarin - hoe weet ons nie - om aan die doodskloue van die Inkwisisie te ontkom en hy sê aan 'n vriend: "ob eam rem moriendum esse certo scio" - Ek weet seker dat ek oor die saak sal moet sterwe (Marais : 12). Ons behoort die duidelike bondgenootskap tussen Calvyn en die Roomse Kerk baie goed hierin raak te kan sien.

Servetus het toe as swerweling in die suide van Frankryk hom probeer versteek en onder bitter moeilike omstandighede 'n vlugteling gebly. Hoe hy vir 'n aantal jare so kon bestaan het, sal net hy en sy Here die verhaal van kan vertel. En hoe Calvyn hom in die Oordeelsdag teenoor die Man van Golgotha sal gedra, sal net die “Dag van alle Dae” openbaar kan maak. Gedurende 'n fatale naweek het Servetus deur Genève gereis op pad na sy bestemming in Napels. Omdat hy sy boot verpas het, het hy toe besluit om sy "ou vriend" Calvyn se diens by te woon.

Dat Servetus toe al moontlik lewensmoeg was en moontlik as voortvlugtige sat was vir vermydingsgedrag, of dat hy dalk naïef was deur om Calvyn te vertrou en in 'n onbesonne oomblik vergeet het dat dit juis Calvyn was wat sy manuskrip teruggehou het - laasgenoemde dui sekerlik op vergewensgesindheid en duidelike Christelike optrede aan die kant van Servetus - kan nie met sekerheid gesê word nie. Maar Servetus het hom misreken en in die verraderlike beer se kloue vasgeloop. Terwyl Calvyn sy sedepreek gelewer het, het hy sy geheime polisie 'n teken gegee om Servetus in hegtenis te neem. En dit bring ons tot die besef dat die vrome Calvyn se polisie altyd gereed gestaan het om op sy bevel te handel! Terwyl hy die Katedraal verlaat het, moes Servetus geweet het dat hy in hegtenis geneem was in die ryksgebied van hierdie Reformis wat tog sekerlik self goed vertroud was met verraad en bedreiging teen almal wat dit sou gewaag het om die Katolieke Kerk se doktrines af te wys.

Die feit dat Servetus verbaas was toe hy deur die polisie in hegtenis geneem is – en dit onder die preek! – kan wel as bewys dien dat hy en Calvyn heel moontlik op goeie voet uit mekaar was of ten minste dat daar tog voorheen basies ‘n redelik goeie verhouding tussen hulle bestaan het. Calvyn was immers dié Protestantse leier in Genéve wat ongetwyfeld die grootste sê gehad het en Servetus moes

dan goed geweet het dat hy die arrestasie geïnisieer het. Ek dink dit moes toe tot hom deurgedring het dat hy nie net die Roomse Kerk se voortvlugtige was nie maar ook dié van Calvyn. Maar dit kan ook vir ons sê dat Calvyn eerder passief-aggressief in sy houding was as uitgesproke soos Servetus. Hy het heel moontlik van Servet afskeid geneem sonder om sy ware weersin te wys, dit is nou tydens hulle kopstampery oor hulle onderskeie Godheidperspektiewe of algemene draakstekery van Servetus. Dit is juis die passief-aggressiewe persoonlikheid wat ook meer onvergewensgesind kan wees as daardie persoon wat sy gevoelens maklik kan verbaliseer.

Ons moet verder in gedagte hou dat Calvyn soos 'n god in Genéve geregeer het. Maar as dit maar soos God was, dan sou sy dade meer van menslikheid gespreek het! Sy woord was wet en met sy onmenslike, oordrewe Puritynse Blouwette van Genéve, het hy ‘n skrikbewind op die inwoners gevoer. Hoeveel is vandag, as die Hervorming ter sprake kom, nog vertroud met hierdie wette wat die Geneefse inwoners in angs en spanning aan sy outoritêre gesag uitgelewer het? Ook het hy mense wat hom teëgegaan het, laat martel. Dit word algemeen deur die Calviniste tot "heksery" beperk, maar as ons die lewe van Servetus bestudeer, kan dit allermins die geval wees! Marais : 10 skryf : "Die groot Hervormer was toe op die hoogste punt van sy godvrugtige lewe en van sy godsdienstige en siviele invloed. In Genéve was hy feitlik alleenheerser." Eintlik, soos dit voorkom, was hy in der waarheid die enigste een! Sy woord was die Wet!

Calvyn se persoonlike venyn teen Servetus kom gewis baie duidelik na vore in die wyse waarop hy hom gevange laat hou het. Servetus word in April in hegtenis geneem en eers in Oktober verhoor. Sommige skrywers beweer dat Calvyn met tussenposes by hom ingekom het en dan het beide, die heerser teenoor die gevangene, koppe gestamp oor hulle onderskeie verklarings van die Godheid. Wat opvallend is, is dat Servetus onwrikbaar by sy geloofsbelydenis volstaan het, hoewel hy geweet het dat hy die doodstraf kon kry of definitief sou kry. Nogtans het hy onbevrees en volhardend by sy boodskap gehou.

Dit word vertel dat hy nog die aand voor sy teregstelling, vol entoesiasme was oor Jesus en sy verklaring van Hom. Het Jesus hom dalk in die gevangenis ontmoet soos wat Hy martelare agter die ystergordyn in die twintigste eeu ontmoet het? Immers is Jesus altyd liefdevol en nie soos ons ingestel op “suiwer” dogma nie. Maar ons sal nie weet nie want Calvyn sou dit ook nooit aan ons kon oorvertel het nie. Hoe sou Jesus Servetus behandel het? Veral in die lig van Calvyn se Rooms-Katolieke Godheidverklaring wat ook skuiwergate het! Immers sou Jesus nie Servetus so wreed laat sterf het net omdat hy nie 'n totaal Bybelse perspektief van Hom sou gehad het nie en soos wat Calvyn aanvaar het dat hy dit gehad het.

Calvyn het Servetus op 26 Oktober l553 as ketter tot die dood veroordeel, "om lewendig tot as te verbrand" weens sy siening oor die Drieëenheid en die doop deur onderdompeling hoewel dit eerder om sy afwysing van die Drieëenheiddoktrine gegaan het. Hierdie veroordeling was ook in eg Katolieke tradisie, in die “Naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees”. Calvyn het voorgegee dat hy al die kerke oor die doodvonnis vooraf geraadpleeg het, maar soos Marais, vra ons ook: Het hy dan nie absolute heerskappy in Genéve gehad nie en kon hy nie versagting vir Servetus aangebied het nie? Of kon hy hom nie net terwille van genade, al moes hy tot die uiterste stap oorgegaan het, laat ontsnap het nie, en al was dit gedoen met ‘n “goeie” waarskuwing in eg Calvinistiese gees?

In Calvyn se tyd was die uiterste straf verbanning volgens die Wet van Switserland (Marais : l5). As juris moes Servetus baie deeglik bewus hiervan gewees het. Waarom moes Calvyn in tipiese Inkwisisie-styl optree so asof hy Rome wou behaag? Hy het juis die doodvonnis "namens die Protestante" onderteken saam met die Katolieke Kerk (Bainton). Kon hy nie maar vir Servetus grasie in Genéve verleen het en hom net beperkings opgelê het nie? Het die Wet van Moses waarop Calvyn so sterk gestaan het, dan nie vrystede vir voortvlugtiges voorgestaan nie? Calvyn het egter in sy veroordeling van Servetus, sy toevlug tot die Romeinse Wet geneem! Servetus het voor sy teregstelling verklaar: "Die

mense verstaan nie die karakter en leer van Christus nie." Die feit dat Calvyn Servetus volgens die Romeinse Wet veroordeel het, maak hom 'n ware volgeling van die Katolieke Kerk. “In haar some is die bloed van die heiliges gevind”, verklaar die *Openbaringe van Johannes* aan ons.

Waar veroordeel die Romeinse Wet diegene wat die Drieëenheid verwerp en op watter gronde? Maar met hierdie vraag in gedagte, behoort ons te kan besef dat die “Romeinse Wet” eerder om die Roomse Wet moes gegaan het, soos wat dit voorkom, want hierdie belydenis kom juis vanuit hierdie geledere en dit was heel moontlik in die Romeinse Ryk se wette ingeskryf ná Konstantyn se bekering en ná die Raad van Nicaea in 325 n.C., of nadat die Kerk met juridiese magte beklee was (v. Boek 8). Volgens EE 2 : 767 wou Calvyn se pa gehad het dat sy seun ‘n kerklike beroep moes volg. In 1521 - op die ouderdom van twaalf jaar volgens hierdie bron - ontvang hy “.... die besoldiging van (katedraal) almoesenier te Noyon and later dié van gemeentelike priester te Marteville”.

Hy het ook op betreklik jong ouderdom in Parys aan die Kolleges van Marche en Montaigu gestudeer. Daar het hy toe besluit om hom in die regte te bekwaam en hy het ook in aanraking gekom met ‘n familielid, Pierre Olivetan, wat besig was met die vertaling van die Skrifte waarna hy toe self daarby betrokke geraak het. Hy het ook kennis gemaak met die bekende Griekse geleerde, Melchior Wolmar (Volmar) in Bourges wie hom beïnvloed het oor die Hervorming. Hy het na Noyon toe terugekeer ná sy vader se dood[1]. Dit was in Parys waar hy openlik begin praat het teen die Kerk en sy geloof. Calvyn word egter gewaarsku dat hy gearresteer gaan word, en hy neem toe sy toevlug na ‘n kasteel naby Mantes, ook in Saintonge en daarna in Nerac, die tuiste van die koningin van Navarre.

Omrede vervolging intens was, het hy daarna na Basel vertrek waar hy sy baie gewilde werk *Christianae Religionis Institutio* geskryf het. Hy dra sy voorwoord op aan Francis I van Frankryk en versoek hom om die Protestantisme te steun. Hierdie werk word as die “eerste logiese en volledige definisie en betoog van die Protestantisme” beskou (1535-6). Servetus publiseer sy werk *Christianismi Restitutio* naamloos en natuurlik omdat dit teen die algemeen aanvaarde Triniteit uitgaan. Hierdie werk het ook die eerste gedrukte beskrywing van die pulmonêre sirkulasiesisteem bevat. Na bewering was die publikasie toe dadelik aan Servetus gekoppel (EE). Hy word op hierdie getuienis toe gearresteer en in die tronk opgesluit, hoofsaaklik deur die invloed van Calvyn volgens hierdie bron[2]

Calvyn het Servetus natuurlik daarvan beskuldig dat hy nie die leer van Christus verstaan nie. Maar die vraag kan natuurlik ook gevra word : Het Calvyn dit verstaan of het hy maar net in hierdie opsig in die Katolisisme bly volhard? Vandag, met al die kennis aangaande die Niceense Geloofsbelydenis en die Katolisisme tot ons beskikking, weet ons dat Calvyn beslis 'n katolisistiese perspektief in sy doodsvonnis oor Servetus gehandhaaf het. Ons weet ook dat die Roomse Kerk aanklank vind by alle nie-Katolieke wat hierdie perspektief handhaaf en natuurlik veral met betrekking tot die doop volgens *Mat. 28.19.*

Calvyn het op die ou einde toe uitgevoer wat die Inkwisisie as gevolg van Servetus se ontsnapping nie in staat was om te doen nie. Maar Servetus het tydens sy eerste arres gelukkig daarin geslaag om uit die kloue van die Inkwisisie te ontsnap maar`n pop (effigy) was toe van hom gemaak en toe verbrand in tipiese voodoostyl. Volgens Bainton het Calvyn Servetus veroordeel om, "In die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees op 'n stadige vuur tot as te verbrand". En hy het gevolglik op ‘n natgemaakte, groenhout brandstapel gesterf! Deur Calvyn se toedoen. Wie anders? Dit het net so gebeur! Hy het Servetus buite Genéve (!) en in die nag (!) in die klein dorpie Champâl laat verbrand. Nou waarom kan daar, afgesien van sterk teëspraak, met vrymoedigheid verklaar word dat Calvyn die oorsaak was van Servetus se grusame dood? Omrede hy voldoende status en invloed in Genéve gehad

1 En mens kan nie help om te wonder of sy verhouding met sy vader dalk nie na wense was nie en dit is gewoonlik hierdie tipe persoon wat ook probleme met gesagsfigure ervaar en, soos dit voorkom, veral met diegene van wie hy sou verskil. Servetus was juis `n baie sterk persoonlikheid en Calvyn natuurlik ook - bygevoeg by tweededruk

2 En wat logies klink omrede Calvyn goed moes geweet het van sy wetenskaplike studies en belangstelling - bygevoeg by tweede druk

het om Servetus se doodstraf ten minste te kon versag het, dit is as daar geredeneer sou word dat hy onder veroordeling van beide die Katolieke en die Protestante gestaan het. Immers het Calvyn, in die lig van sy eie aannames, van die Katolieke Kerk weggebreek en hy was dan niks aan Rome verskuldig nie! Luther sou beslis nie soos Calvyn opgetree het nie. Hy het tog self na bewering verklaar dat daar wel ruimte was vir Godheidperspektiewe, met ander woorde bo en behalwe die Triniteitbelydenis.

Servetus het sy laaste bundel wat hy geskryf het, in sy hand gehou en gesing totdat die rook sy stem gedemp het en totdat sy gekreun wat natuurlik vir ons 'n aanduiding is dat hy baie pyn moes ervaar het, stil geword het. Paulusverklaar in sy briewe dat ons deur lyding volmaak gemaak word en niemand mag dan ooit hierdie martelaar in die gees en gesindheid van Calvyn verdoem nie![1]

Calvyn het natuurlik op 27 Oktober 1553 huis toe gegaan en gaan slaap! Enige Christen behoort hier met Servetus empatie te kan hê want was die Hervorming dan net vir Calvyn en vir hulle wat in Katolieke belydenisse volhard het? Dit was juis die Anabaptiste wat op die brandstapels gestef het (v. Foxe oor hierdie martelare). Waarom die geskrifte saam met die veroordeelde verbrand? Dit spreek eintlik baie duidelik van uiterste verwerping en haat. Ofskoon baie skrywers dan pogings aanwend om Calvyn se onskuld of aandadigheid aan die dood van Servetus te bewys, is dit baie duidelik dat hy dit so wou gehad het. Derhalwe Servertus se arrestasie en vervulling van Calvyn se eie profesie aan Farel.

Om die Drieëenheid as dwaalleer te beskryf, was strafbaar met die dood en dit laat ons besef hoe sterk die Roomse invloed nog gegeld het, selfs ná die Reformasie. Volgens EE 2 : 768 het Calvyn sy bes gedoen om Servetus se veroordeling te waarborg. Dit was tydens Servetus se eerste arrestasie in Frankryk. Dieselfde bron verklaar ook dat hy weer in Genéve gearresteer was en dat, na 'n growwe/gemene (scurrilous) mondelingse konflik (natuurlik tussen Calvyn en Servet) was die ongelukkige man verhoor en gevonnis om op die brandstapel te sterf, "Though the great reformer did his utmost to get the manner of death altered, the sentence was carried out".

As dit dan 'n algemene vonnis was, waarom het die teregestelling in die nag plaasgevind? Dit was mos, soos dit algemeen aanvaar word, 'n vonnis van beide die Reformiste en die Katolieke Kerk! Volgens dieselfde bron het Calvyn Servetus se leerstellings gehaat maar daar word tog ook aangevoer dat daar geen bewys is dat hy persoonlik gedryf was deur vermaak en vyandskap teen Servetus nie maar dan word iets baie belangriks tog ook ruiterlik erken, "alhoewel hy die inisiatief geneem het om hom te laat verhoor." Het Calvyn dan nie geweet dat die doodvonnis van die Katolieke Kerk alreeds oor Servetus se kop gehang het nie? En waarom het hy dan aan Farel verklaar dat Servetus nooit sy ryksgebied lewendig sou verlaat nie as hy dan nie in sameswering met die Katolieke Kerk was nie? En was dit nie juis in Genéve waar vlugtelinge 'n veilige toevlugsoord gevind het en wel onder sy gesag nie?

Waarom was dieselfde dan nie met Servetus gedoen nie? Was dit nie hy wat Servetus aan die Inkwisisie, wat bekend was vir gruwelike martelings tot die dood toe, oorhandig het nie? En was Calvyn nie die grootste Protestantse Hervormer van sy tyd nie[2]? Hy het nie alleenlik op eie houtjie die *College of Pastors* ('n eweknie vir Ignatius van Antiochië se *Kollege van Biskoppe*?) in die lewe geroep nie, maar hy het ook die Protestantse kerke in al die lande ondersteun en gehelp! Selfs ná Servetus se dood, verwys hy snedig na hom. Is dit nie obsessionele haatspraak om iemand 'n "hond" en 'n "gedrog" te noem veral as jy baie goed weet dat daar so 'n drievoudige "monster" in Madrid gestaan het nie en ook goed moes geweet het dat die Katolieke Triniteit algemeen so geïllustreer was? Was Calvyn dan onkundig?

Het die uitbeelding van die Godheid op so 'n kru wyse dan nie voorgespruit uit die Niceense Godheidverklaring nie al word daar ook aangevoer dat Middeleeuse afbeeldings van die Triniteit as drie Persone, Vader, Seun en Gees, onbybels is? Ek wonder hoeveel Trinitariërs is bewus daarvan hoedanig die Triniteitbelydenis vanaf Sabellius tot en met die Niceense Raad en selfs daarna ontwikkel en ontplooi

[1] Maar Paulus het natuurlik nie bedoel dat ons mekaar moet martel om heiligmaking te bekom nie! - bygevoeg by tweede druk

[2] Sy invloed het vinniger wyer gegaan as die van Luther alhoewel Luther die deurslag in die kerklike afstigting gegee het - bygevoeg by tweede druk

het en watter persepsies daartoe gelei het dat “God Drieënig” as absolute waarheid aanvaar moet word. (v.Hislop; Boek 1 en 2, asook 8).

Of bly ons maar Middeleeus in ons persepsies omdat ons nie met Roomse dwaallering wil breek nie? Is ons monde maar net vol van “dwaalleer” as ons eie oortuigings bedreig word? En is die nuwe woord nou eerder “misleiding”? Ons behoort baie duidelik te sien dat die Kerk maar altyd besig was om rondom Rome te konsolideer.

Jesus sou nooit Sy Naam aan so 'n skandedaad gekoppel het nie. Veral nie nadat Hy toegelaat het dat die lig van die Hervorming uiteindelik deurgebreek het ná 'n stikdonker nag van eeuelange Middeleeuse Kerklike oorheersing nie! Of het ons Paulus se profesie, opgeneem in sy Tweede Brief aan die Tessalonisense, vergeet (2.2)? En het Calvyn die reg gehad om 'n Christen so 'n afskuwelike dood te laat sterf het net omrede hy nie met hom oor geloofsaannames saamgestem het nie? En hoeveel Protestantse predikante regverdig vandag nogsteeds Calvyn se optrede net omdat hulle 'n kerk of geloofsbelydenis wil beskerm! So maak hulle Calvyn se sonde natuurlik hulle eie! Met die mag wat hierdie prominente Hervormer dan as heerser in Genéve gehad het (hy het selfs met invloedryke adel geskakel), kon hy tog iets gedoen het om hierdie swaar vonnis ter syde te stel! Immers was Servetus se domicilium nie Genéve nie en as dit nie was dat hy sy boot verpas het nie, sou hy definitief nie Calvyn opgesoek het nie.

Dit is dié skandedaad van Calvyn waaroor die hele Europa getreur het en in l900 was 'n lewensgrootte standbeeld in Madrid (deur Katolieke!) vir hierdie vermaarde medikus/teoloog opgerig. Die Calviniste het weens die breuk wat ontstaan het tussen die wetenskap en die kerk, later by Champâl 'n gedenksteen vir hom opgerig.

Servetus se laaste woorde was: "Ek glo onwrikbaar in Jesus as Seun van die Ewige God." Calvyn het dit verdoem en verklaar dat Jesus die Ewige Seun van God is. Nou wie was reg? Kom ons beskou die saak objektief : Servetus sou eerder semi-monargianisme aangehang het want Hy het duidelik aan Jesus Christus as Seun van God geglo. Ook as hy ‘n streng unitariër was, sou hy nie aan die Seun van die Ewige God geglo het nie maar eerder verklaar het dat Jesus God Almagtig is. Dat Jesus wel die Seun van die Ewige God is, is waar en heeltemal Bybels. Dit was hy duidelik ná Sy opstanding (Rom. 1.4; Joh. 20.17)[1].

Die Vader het Hom voorgebring as Eersteling van Sy Skepping, met ander woorde die Vader is Skepper en die Eersteling die “geskapene” en dit is die woord wat vanaf Athanasius en Arius ‘n groot stryd in die Christendom ontketen het. Die Vader bly tot in alle ewigheid die Meerdere en die Seun die Mindere (Joh. 14.28). Hy was dan nie, soos in die Triniteitbelydenis, van gelyke oorsprong en gelyke ewigheid as die Vader nie. Die Logos-teorie bely dat die Seun vanaf die begin Sy bestaan in die gedagte van die Vader gehad het maar “gedagte” is nog nie “wese” oftewel wesensbestaan nie tensy dit teologies so omskryf word en natuurlik dan volgens kerklike leer en sienswyse verklaar [v.Carrington : 453; Boek 7 Nota II.1(2) ; 8(21)].

Dit is egter nie Bybels korrek nie! Jesus het 'n begin gehad, terwyl die Vader van ewigheid tot ewigheid is en dit is wat Servetus aan Calvyn sou gesê het of moontlik wou verklaar het as daar groter lig op sy doktrine geval het. Immers verklaar die Apostel Johannes in sy eerste pastorale brief (‘n geskrif wat wel ook tot Servetus se beskikking was) dat die antichriste ontken het dat Jesus Christus in die vlees gekom het (met ander woorde dat Hy ‘n definitiewe bestaan, nie slegs in gedagte nie, by die Vader gehad het voordat Hy in Bethlehem gebore was (1 Joh 4.2). Oor hierdie onderwerp was daar alreeds voor die Niceense Geloofsbelydenis en selfs daarna baie geredeneer en geëkskommuniseer.

---

1 Servetus het, soos dit voorkom, dan moontlik die Nasareense belydenis oor Jesus gehandhaaf, naamlik dat die Seun se bestaan vanaf die krip was, maar ons behoort ook in ag te neem dat dieselfde leerstel bely ook, waarna ek wil wys, die primitiewe Logosleer, naamlik dat Christus van meet af `n gedagte in God se bestaan was, iets wat natuurlik op verskeie wyses beredeneer kan word want die Logosleer het juis op die Triniteitbelydenis deurgewerk. Wat wel ook blyk, is dat dit wat vandag bely word deur Joods-Christelike sektes, ook maar op een of ander wyse aanpassings deurloop het - bygevoeg by tweede druk.

Die Roomse Kerk het op 'n stadium feitlik in 'n sirkus ontaard net omdat teoloë uit die kerk geban was om maar weer later in die Kerk opgeneem te word, en veral sodra daar op skuiwergate in die Niceense Drieëenheiddoktrine gewys was. Calvyn was dus verkeerd en Servetus was, ten minste in sy uitspraak dat Jesus die Seun van die ewige God is, Bybels korrek. Want hierdie selfde saak was warm gedebateer ná die Raad van Nicaea 325 n.C. omrede daar gevoel was dat die Seun van die Vader uitgegaan het en dus nie gelyke oorsprong met Hom kon deel nie. Ook moet ons onthou dat Jesus, ná Sy kruisiging en dood, onverganklik deur die Vader op die derde dag uit die dood opgewek is (Hand. 2.31-36), met ander woorde die dood sou nooit oor Hom kon heers nie en Hy was en bly dan ook die Seun van God (vir ewig) alhoewel Hy in die begin van alle dinge en tye van die Vader uitgegaan het as Eersteling van Sy Skepping en daar is dan ‘n verskil tussen “ewige Seun” en “bly vir ewig” – soos dit voorkom was dit die groot kontroversie tussen Servetus en Calvyn.

Ons moet onthou dat die Drieëenheid feitlik die hele aarde beslaan het. En die Katolieke Kerk het daarvoor gesorg. Enigeen wat dit wou ontken het, was òf gemartel, òf geëkskommuniseer So een was dan beskou as 'n uitgeworpene, en summier afgesny van die Kerk wat ook sou beteken het dat die skuldige die nagmaaltafel ontsê was, naamlik om van Christus afgesny te wees. En dit was `n baie belangrike saak. Protesterende Christene in Servetus se tyd was gewoonlik deur die Katolieke Kerk doodgemartel. Almal was in die Drieëenheiddoktrine opgevoed, en met of sonder die Bybel, was dit dan die kardinale geloofsbelydenis. Servetus het baie duidelik dan vernuwing gebring. Ten minste om ondersoek in te stel na die suiwerheid al dan nie, gemeet aan die Heilige Skrifte, van die Drieëenheiddoktrine.

Met die oprigting van die Protestantse gedenksteen in Champâl vir Servetus, het 'n seksie onder die Protestante hulle van die skandedaad van Calvyn gedistansieer. Immers verkondig die Protestante tog ook die versoening deur die bloed van Christus! As Calvyn se sonde bedek word, sal elkeen wat partydig vir hierdie afskuwelik daad is, tog sekerlik ook in die oordeelsdag deel aan sy sonde hê! Servetus het graag op die Heilige Skrifte as geloofsfondasie in die verklaring van die Godheid gewys, ook dit as teoloog ondersoek. Calvyn, aan die anderkant, het op die Rooms-Katolieke doktrine voortgebou en dit filosofies probeer regverdig deur sy eie geskrifte die lig te laat sien. Hy het hom duidelik deur Augustinus, die groot Trinitariër, laat lei en sekerlik ook sy ander ikoon, Chrysostom. Dit is dan nodig dat ons die Sabellianisme hier van nader beskou. Sabellius het in die derde eeu n.C. gelewe en hy was 'n kerkman/filosoof (met ander woorde 'n Rooms-Katoliek) wat ook nie die Drieëenheidsleer kon aanvaar het nie.

Ons behoort weereens in gedagte te hou dat daar in die derde eeu n.C. nog baie groot verwarring oor die Christelike geloof, en veral met betrekking tot die Godheid bestaan het. Die Drieëenheidsperspektief was ook nie deur alle Christene ondersteun nie, allermins deur die volgelinge van die Apostels van Jesus Christus. Die Triniteitkonsep was ook reeds deur die gnostiese leraars verkondig (v. Boek 1). Sabellius was deur 'n Roomse Pous tot ketter veroordeel maar tog was sy terminologieë vir die beskrywing van die natuur van Jesus Christus wat hy vanuit die filosofie beredeneer het, in die Niceense Geloofsbelydenis opgeneem! [v. Boek 7 Nota II.1(3)].

Die Christelike perspektief dat Jesus Seun van God is, het natuurlik daartoe gelei dat die monoteïsme bevraagteken was, veral deur die Joodse Christene. So was die Drieëenheid beskou as politeïsme of triteïsme (laasgenoemde vanuit die antieke Drieëenheid). Sabellius het toe verklaar dat God een is, maar dat Hy homself in drie duidelike en opeenvolgende wyses geopenbaar het. Ons behoort natuurlik hier die Ebioniete se belydenis oor God in ag te neem [v. Boek 1 & Boek 8(8)]. Sabellianisme is dan 'n "Modalistiese Monargianisme" wat die volgende bely: As Skepper is God Vader, as Verlosser is God Seun, en as Heiligmaker is God Gees. Daar kon dan baie maklik ook van “Vader God”, “Seun God” en “Gees God”, net soos wat die Drieëenheid na die Godheid verwys, in die Sabellianisme gepraat word. Tog was die leerstel van hierdie filosoof/gnostikus juis verdoem! Dit is gevolglik duidelik dat die beredenering rondom die Godheid eintlik maar om `n woordestryd gegaan het en wat natuurlik persepsies probeer

verklaar het. In hierdie perspektief, is die “drie Gode” nie aparte Gode nie, maar dieselfde God in drie verskillende uitdrukkingswyses of fases. Sabellius het sy doktrine vegelyk met die drieledigheid van die mens, gees, siel en liggaam.

Anders as in die Drieëenheidbelydenis, is hierdie drie agtereenvolgens en nie gelyke ewiges soos in die Triniteitdoktrine nie. Sabellianisme is dan, soos reeds op gewys, in essensie die Christelike Unitariërdoktrine wat vandag steeds 'n groot gevolg dwarsoor die wêreld het en wat baie vrae aan die Trinitariërs stel en andersom. Dit is opvallend, in die suiwere sin van die woord, dat die Sabellianisme wegdoen met die Seun en die Gees in sekere fases van hulle verklaring aangaande God of dit so integraal jeens mekaar maak dat dit dan eintlik ‘n eksklusiewe eenheid, dus nie ‘n Drieëenheid, is nie (CE).

In sy werk *De Trinitatis erroribus ibri vii* (l531) het Servetus die ortodokse leer (Katolieke Niceense Geloofsbelydenis) gekritiseer. Hy het aangevoer dat die Woord ewig is, en "a mode of God's self-expression" was, terwyl die Gees God se beweging of krag in die harte van die mens is. Die Seun was volgens Servetus die eenwording van die ewige Woord met die mens Jesus. Mens kan dan seker hier vra: Verkondig die Drieëenheid dan nie ook die vleeswording van die ewige Seun (die Woord) nie of geld die ou katolieke tradisie nogsteeds, naamlik dat God mens geword het? Sy doktrine was as “ingewikkeld” en “onverstaanbaar” ervaar Maar wat is meer onverstaanbaar as die Triniteit wat juis onverklaarbaar gemaak word? Hoewel dit voorkom dat Servetus nie totaal-en-al Bybels korrek was in sy verklaring van die Godheid nie, is dit ironies dat die Drieëenheid wat so onverklaarbaar is dat dit regdeur die eeue as 'n “Groot Misterie” aanvaar word sodra dit Bybels verantwoordbaar gemaak moet word, ewe ingewikkeld en onverstaanbaar is.

Wat die beskrywing van die Gees van God betref, was Servetus baie nader aan die waarheid as die Katolieke Drieëenheid van Athanasius - die leer waarin Calvyn gestaan het. Miguel Servetus het ook nie bogenoemde geloof gehandhaaf nie, andersins sou hy Jesus nie die Seun van die Ewige God gemaak het nie [v.Boek 7 Nota II.1(4)]. Alle Eenheid-verkondigers bely nie dat Jesus die Seun van die Ewige God is nie en veral ná Sy opstanding. Streng gesproke maak die meerderheid van hulle Jesus God Almagtig en doen weg met die Seunskap ná Sy opstanding. Hulle beperk laasgenoemde dus hoofsaaklik, en streng gesproke, tot Sy aardse bestaan. Dit mag dan wees dat Servetus hierdie siening tot op 'n stadium gehandhaaf het. Servetus was 'n ware intellektueel en sy persoonlikheid ontleen hom duidelik aan groei. Hy was, soos dit voorkom, 'n dinamiese, veelsydige mens. Hy sou dus aanpassings kon maak en ook baie makliker nuwe tendense/insigte kon akkommodeer, iets wat ‘n onbuigsame persoonlikheid nie maklik kan doen nie.

Sy finale verklaring oor Jesus dui op 'n veel dieper openbaring van Christus wat in ons twintigste eeu nou sterk na vore tree, naamlik dat daar net een God is wat Gees is (Joh. l.18), dat niemand hierdie God, Skepper van hemel en aarde, gesien het nie maar dat die Seun, die sigbare Uitdrukking van die Alleenwyse God, Hom aan die mensdom verklaar het. God die onsienlike Vader van Jesus, het dus uitbeweeg in en deur Sy Seun Jesus in die Ou sowel as in die Nuwe Testament (Kol. 1.15 met Jesus as beeld van God).

Servetus word daarvan beskuldig dat hy 'n derde eeuse monargianisme verkondig het. Volgens hierdie leer, wat ook as 'n Christelike dwaalleer deur die Katolieke Kerk verwerp was, was God tog ook nie 'n drievoudige God nie. Die Ebionisme kom weereens hier ter sprake en ook die ontplooing van die Roomse Kerk wat hierdie tradisie gehandhaaf het tot en met die Logos-verklaring van Justinus die Martelaar wat die Ebioniete se verklaring gekelder het (v. Boek 1 oor die gnostiese sektes se drievoudige vorm van God en Tertullianus se “personae”). Die monargianisme het 'n een-persoon God bely, dit is wesentlik die doktrine van 'n goddellike monargie maar dit was wel aangepas omrede die Ebioniete die vleeswording nie reg verklaar het nie (v. Boek 8(95). Daar word dan inderdaad van `n semi-Ebionisme gepraat, selfs `n semi-Arianisme.

Die kruks van die saak was dan die kwalifikasie van “een God” van die Jodendom waaruit die

Christendom natuurlik ontstaan het en die vleeswording wat hierdie saak in gedrang gebring het omrede die apostoliese belydenis nie korrek oorgedra of verstaan was nie. Daar was natuurlik ook doelbewuste Skrifverdraaiing (Hand. 20.30; 2 Pet. 3.16). Johannes maak duidelik onderskeid tussen Vader en Seun, iets wat die valse leraars nie wou doen nie (1 Joh. 2.22-23). Veral die apokriewe geskrifte weerspieël hierdie tendens (v. Boek 1 & Boek 8).

Daar was dan twee tipes Monargianisme : [1] Dinamistiese Monargianisme wat bely dat Christus 'n geskape Wese is, toegerus deur God met goddellike krag, energie en wysheid; [2] Modalistiese Monargianisme wat aanvoer dat Christus (in Sy aardse sending) net 'n Metode was in wie die een Goddellike persoon gemanifesteer het. Eersgenoemde ontken dan die Godskap van Christus terwyl die tweede verklaring erken dat Hy God is. Daar is derhalwe nie sprake van die Seun as afgeskeie van die Vader nie. Modalistiese Monargianisme word ook algemeen na verwys as : Patripassionisme, verwysend na die Vader as Lydenaar, want die onderskeid tussen Vader en Seun word gevolglik geëlimineer [v. CE; Boek 8(8) & 8(95).

Dit kom selfs voor asof Michael Servetus Dinamistiese Monargianisme aangehang het omdat hy bely het dat Jesus die Seun van die Ewige God is. Soos reeds na verwys is hierdie sienswyse per se heeltemal Bybels. Christus is nie die Vader nie en Hy deel nie gelyke oorsprong met die Vader soos wat die Niceense Drieëenheidsleer dit verkondig nie. Christus het wel van die Vader Goddellike krag, energie en wysheid ontvang (Hand. 10.38). Jesus self het gesê dat Hy niks uit Homself kan doen nie en dat Hy alles doen soos wat Hy Sy Vader dit sien doen het (Joh. 5.19). Jesus is duidelik in persoon en wese dus afgeskeie van en ondergeskik aan Sy Vader want daarom is Hy in alle opsigte Seun. Maar was Hy dit in Sy vooraardse bestaan? Dit kom voor dat hierdie die groot kwessie is wat rondom die Godheid ontstaan het en natuurlik die inkarnasie.

Die Trinitariërs bely dit nie ten volle nie hoewel ook hulle beide die Vaderskap en Seunskap eer. Dit kom voor dat dit in die verklaring van die Drieëenheid is dat daar fout gegaan het, net soos wat dit ook gebeur het met die Monargianisme of dit nou dié van Sabellius of dié van die Ebioniete was, of selfs ‘n moderne weergawe van die Eenheid (Christelike Unitariërs). Daar is dan praktiese probleme wat intree sodra ons die Seun een Wese met die Vader maak net soos wat daar praktiese probleme ontstaan sodra ons die Seun die één God van die Jode maak al wil veral die Trinitariërs die “een Wese” (Drie-in-Een) tot uiterstes toe dryf, of dit so verhewe in begrip maak dat nie een en almal dit in elk geval kan of wil aanvaar nie.

Dit is die Seun wat uitbeweeg het en Wie ‘n duidelike en ‘n definitiewe bestaan by die Vader gehad het voor die grondlegging van die wêreld. Dit is ook die Seun wat deur die Vader in die lewe geroep is (voorgebring is) en dit is iets wat nie van die Vader gesê kan word nie omrede God die Vader van ewigheid tot ewigheid is. God die Vader het Homself ook nie op aarde verteenwoordig nie en juis omdat Hy ‘n bestaan voer wat totaal en al vir die mens verborge is en sal bly en daarom kan niemand God ooit sien en bly lewe nie (Joh. 4.24; Joh. 1.8; 1 Joh. 4.12). Die Heilige Skrifte getuig só van God, veral die profete. Wat Jesus dus met die gedagte, “een met die Vader” bedoel het (Joh. 14.7-11), gaan duidelik baie dieper en veel wyer as wat aan die hand van ‘n vinnige definisie verklaarbaar gemaak kan word. En dit is die kruks van die saak! Dit is waar die problematiek rondom Godheidpersepsies lê en wat nóg die Katolieke Kerkvaders, nóg hulle opposisie ooit bevredigend kon oplos. Daarom kyf die Christene nogsteeds oor die Godheid en Godheidpersepsies. En wanneer dit veral problematies raak, is wanneer obsessionele haat en onmin Christene dryf om mekaar te haat en te vermy, ook onmin te saai net omdat God “nie na wense verklaar word nie”.

Wie het in elk geval die maatstawwe neergelê? Was dit nie juis die “Vaders” van die post-apostoliese Kerk wat weggebreek het van die apostels van Jesus se simplistiese en verklaarbare boodskap nie (Hand. 20.30; 1 Joh. 2.19; 2 Tim. 1.15; 2 Thes. 2)? Dit is ook die Trinitariërs wat God ‘n duistere verklaring (‘n Groot Misterie) maak. Dit kom voor asof daar ‘n geestelike hoogmoed ontstaan

sodra ons alleenreg op die heilige Skrifte vir onsself toeëien, iets wat die Trinitariërs geneig is om te doen. Die “Groot Misterie” bely drie “Persone” in een Wese saamgevat. Tog is dit nie die drie “Persone” of fases wat saamgevoeg word in en deur Jesus nie, soos wat die “Eenheidteologie” dit verkondig nie. Die gnostiese sektes het in die vroeë kerklike era verklaar dat hulle kennis net vir die uitverkorenes beskore was. Net hulle kon dan esoteriese kennis begryp. Dit kom ook voor asof segspersone soos Calvyn hierdie kwade sade in die Liggaam van Jesus, ná die Reformasie wat veronderstel was om katolisistiese engheid van denke af te skud, gesaai het.

Satan het baie goed geweet hoe om verwarring in die Christelike boodskap in te werk. Hy het die sentrale tema, Jesus Christus, Seun van God, se ware identiteit van Hom weggeneem en Hom en Sy Vader, natuurlik ook die Heilige Gees wat in in die eerste eeuse apostoliese bedeling in kragtige dade ten uiting gekom het, ‘ n post-apostoliese inkleding gegee. Filosofiese redenasies oor God, iets waarteen Paulus gewaarsku het, het toe die Kerk van Jesus se belydenisse al hoe meer gekontamineer. Jesus bly Seun van God tot in alle ewigheid en ons behoort Hom te glo want Hy sê duidelik ná Sy opstanding aan Maria: “Raak my nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na jou Vader en My Vader, na jou God en My God nie (Joh. 20.17)”.

Die Dinamistiese Monargianisme behou die Seunskap - Jesus het opgevaar en Hy regeer as Seun saam met die Vader. Daarom sit Hy sigbaar aan die Vader se regterhand (Heb. 10.11-13). Dit kom voor dat Servetus Jesus se verhouding met Sy Vader heel moontlik so probeer verklaar het, anders sou Hy nie die Seunskap so beklemtoon het nie, iets wat nie deur alle Eenheidgesante aanvaar word nie. As Hy inderdaad Jesus se Seunskap tot Sy aardse sending beperk het, sou Hy Hom God gemaak het ná Sy opstanding en dan sou hy ook nie van Hom as Seun van die Ewige God gepraat het nie. Sommige Eenheid-leraars het op ‘n stadium sover gegaan om drinkglase te breek net om te “bewys” dat die liggaam van Jesus ná Sy opstanding verdwyn het en sodat hulle Godheidpersepsie by hulle doktrine kon inpas. Dit is natuurlik Bybels korrek volgens die *Brief aan die Hebreërs* dat Jesus sigbaar, in Sy verrese liggaam, opgevaar het en voor die Vader verskyn het met Sy offerbloed - die bewys van Sy gestorte offerbloed is die merke in Sy hande - en dit stem goed ooreen met die Stefanus-boodskap opgeteken in Hand. 7.55.

Die Drieëenheid, daarenteen, verkondig 'n Misterie juis omdat hulle die Wese en bestaan van Christus, asook Sy verhouding tot Sy Vader, skeeftrek. Die Seun bly onlosmaaklik aan Sy Wesebestaan verbind, volgens die Heilige Skrifte, dit is as die Seunskap ten minste Bybels verklaar word. Sy liggaam het nooit verdwyn nie en die Vader het nooit die Liggaam van Jesus fisies gedeel nie anders sou dit inderdaad beteken dat Vader en Seun uit Maria voorgekom het[1]. Die Drieëenheid maak Hom Seun, maar terselfdertyd ook in alle opsigte gelyk aan daardie Een wat Hom voorgebring het (met ander woorde, wat Jesus se Wesebestaan ná Sy opstanding betref, is Hy gelyk aan die Vader omrede hy een Wese met die Vader deel) iets wat nie Skrifverantwoordbaar is nie.[2]

Dit is wat Calvyn sou bely het voor Servet, soos dit voorkom, en waaroor die twee teoloë dus hewig van mekaar sou verskil het. [v.Boek 7 Nota II.1(5)]. Dit is dan geen wonder dat Athanasius en Arius ook koppe gestamp het en oor dieselfde onderwerp nie, en dit is ook geen wonder nie dat Konstantyn die Grote sy doop so lank uitgestel het juis omdat hy nie verlief kon neem met die gekyf oor die Godheid nie (Chadwick verwys Bibl). Dit is dan veral baie duidelik dat een algemene geloof, veral wat Godheidverklaring betref, nooit in plek gestel sou gewees het, tensy dit met strafmaatreëls, selfs marteling, gepaard gegaan het nie.

As ons die Verbondsengel ook daardie “een God” maak, dwaal ons want God die Vader is en bly

---

1 Alhoewel die Triniteitbelydenis klem lê op “onverdeelbaarheid”, word daar tog ook baie duidelik verwys na drie “Persone” naamlik die Vader, die Seun en die Heilige Gees - bygevoeg by tweede druk

2 Waar Jesus tog duidelik in Joh. 14 verklaar dat wie Hom gesien het, het die Vader ook gesien, behoort ons tog dit in die lig van Sy vooraardse verskynings te beskou want Hy was deur die eeue heen inderdaad die sigbare teenwoordigheid van die onsigbare God wie dan in en deur Sy goddellike Wese geopenbaar word - bygevoeg by tweede druk.

vir ewig onsienlik want Hy is die Oorsprong van alle dinge, ook van die Seun. En hierdie evangelie stem ooreen met dit wat Jesus van Homself voor die Jode getuig het (Joh. 1.18; Joh. 4.24; Joh. 6 & 8). Die Verbondsboodskapper het ook God se Naam (Sy outoriteit) gedra en Hy was duidelik Israel se Leërowerste, en Hy sal weer in hierdie hoedangheid optree as Vors oor Israel (Ex. 23.20; Dan 12.1 – Verwys *Everyman's Talmud* : Cohen Bibl). Dat die Vader nooit 'n Engel was of sal wees nie, is ook heeltemal in ooreenstemming met die heilige Skrifte en daarom kan die Vader en die Verbondsengel (Jesus in Sy voormenslike bestaan) ook nie dieselfde Wese deel nie. Sekerlik moes Calvyn en Servetus oor hierdie saak baie diep geredeneer het. Beide het immers sterk gevoel oor hulle eie oortuigings. Ons lei dit af van Beza se verwysing na die "giggelende" Servetus (Calvyn).

Dit kom baie duidelik na vore dat Calvyn in die spore van die Katolieke Kerk gevolg het want hulle het ook oor die Wese van God en die Verbondsengel-teologie verskil het. Calvyn I-225-226: "Daarom was Servet se goddeloosheid des te afstootliker toe hy verklaar het dat God nooit aan Abraham en die ander vaders geopenbaar is nie maar dat 'n engel in sy plek aanbid is. [Kommentaar : 'n Mens kan net wonder hoe Calvyn sy Bybel gelees het!] Maar die regsinnige leraars van die kerk het dit tereg en wyslik so verklaar dat hierdie Engel die Woord van God was wat toe alreeds met die voorspel begin het deur om sy amp as Middelaar te vervul.

[Kommentaar : v. Boek 1. Daar was wel sommiges onder die breë katolieke stroom wat dit bely het en veral komend vanuit die Joodse Ebionisme[1] maar die Engel van die Verbond was beslis later nie deur die Katolisisme aanvaar nie[2]. Om die Engel van die Verbond as Seun van God te kon aanvaar het, was om direk die Niceense Geloofsbelydenis te negeer en daarom was Hippolitus dan ook in stryd hieroor maar hy moes hom op die ou einde tog ook maar neerlê by kerklike voorskrif. Dit is as ons hierdie betrokke saak enigsins objektief wil benader want hoewel hierdie saak veral aanvanklik steun gekry het, het dit langsamerhand uitgefaseer totdat dit in die verklaring van die Drieëenheid "verdwyn" (v. ook Internetbronlys oor die *Targums)*.

Dit was juis die Ebioniete wat 'n dwaallering aan die Verbondsengel (Migaél) gekoppel het en moontlik het dit toe aanleiding gegee tot afwysing daarvan [v. Boek 4 & Boek 8]. Volgens Calvyn die volgende : "Want hoewel die Verbondmaker nog nie met vlees beklee was nie, het Hy nogtans asof in vlees in hulle midde neergedaal om met groter vertroudheid tot gelowiges te nader. Sy nadere omgang het dus aan Hom die naam van 'n engel besorg...."

[Kommentaar: Hy was nie slegs in naam "Engel van die Verbond" nie. Hy het die gedaante van 'n Engel gehad en dit was Sy Wese].

"Intussen het Hy egter behou wat aan Hom behoort het, naamlik dat Hy die God van onuitspreeklike heerlikheid was. Dit is ook Hoséa se bedoeling. Nadat hy Jakob se worsteling met die Engel weergegee het, het hy gesê : "Here, God van die leërskare, Here is sy gedenknaam. Hieroor giggel Servet weer omdat God die persoon van 'n engel gehad het.

[Kommentaar : Hierdie verklaring van Calvyn strook, ironies, met die Eenheid se sienswyse oor die Godheid!].

Calvyn verklaar dus, soos dit voorkom, dat die Engel van die Here tweeledig opgetree het: (1) Hy is die onsienlike God en Hy kon Hom volgens Sy wilsbesluit dan "terugtrek" in 'n onsienlike Wese en (2) Hy is die Verbondmaker waar Hy Hom as God wou openbaar. Hierdie verklaring is duidelik nie Ou Testamenties nie want die Engel van die Here is baie duidelik nooit die onsienlike God nie al word Hy as "God" en "Here" deur Abraham ervaar en al verteenwoordig Hy dan ook God] [v.Boek 7 Nota II.1.(6)].

---

1 Sekere Nasareense sektes bely dieselfde tot vandag toe - bygevoeg by tweede druk

2 En Hy was duidelik ook uit die Babiloniese Talmoed van Sy eertydse gesagsposisie in oud-Israel ontneem. Ek stem hier saam met Calvyn dat daardie Engelewese wel die Woord van God was maar die kruks van die saak bly, naamlik hoedanig was Sy verskynings, was Sy verskynings net `n teofanie, was Hy `n hemels voorgebragde wese (geskape/geroep deur God) - bygevoeg by tweede druk

Dit is dus baie duidelik dat Calvyn Servetus verkeerd kon interpreteer het veral as ons die Niceense Geloofsbelydenis in ag neem en wat nie plek maak vir die Verbondsengel soos wat die Pentateug en die Profete van Hom getuig nie. Wat wel Bybels verantwoordbaar is, is dat God Homself in en deur hierdie Engel aan Abraham geopenbaar het. God het dus uitbeweeg in en deur hierdie sigbare Engelewese, dit is in sy ware bestaan as Engeleboodskapper of Engelewese.

Dat hierdie Engel wat deur God as eersteling en Heerser oor Israel aangestel is, aanbid was, was wel waar[1]. Let maar net op Ex 23.20-23. Hy was as die God van Israel aanbid, maar Hy was nie daardie Een Ware God Almagtig nie, maar wel Sy Seun (Ps 2). Met so 'n redenasie maak Calvyn die Verbondsengel deel van die Een Wese van die Drieëenheid[2] - Ons kan dan tereg vra: Is so 'n aanname Bybels? *Heb 1.8-9* : "Daarom, het o, God, - 'n uitroep van hoë respek en toewyding[3] - U God, U gesalf met vreugdeolie bokant U metgeselle". Let wel, die engele was Sy *metgeselle*! Wie s'n? Verwysend na Jesus se vooraardse bestaan, nie waar nie? Hulle was dan gelyk aan Hom, die Seun, alhoewel die Seun die sigbare uitdrukking van die onsienlike God was reg vanaf die begin van die skepping van God. Ons behoort ook in gedagte te hou dat in die Judaïsme is daar rangordes wat betref die engelewesens. Daar is met ander woorde serafs, gerubyne, die engeleskare, ensovoorts.

Paulus verklaar baie duidelik aan ons dat God Hom verhoog het, dus het God Hom ná Sy lyde, sterwe en opstanding uit die dood bó Sy metgeselle – die vier aartsengele volgens die Judaïsme (Cohen : 50) - uitgelig! As ons dan daardie Engel as die Wese van die Almagtige God aanvaar, is dit in stryd met God se verklaring aan Moses dat niemand God kan sien en bly lewe nie. Ook Jesus se verklaring van Sy Vader aan die Jode (Joh. 1.18).

As ons verder aanvaar dat God maar net vir 'n oomblik die gestalte van 'n Engel aangeneem het, is ons ook nie konsekwent met die heilige Skriftre nie, want God kon dan net sowel in 'n Groot Lig sonder gedaante aan Moses verskyn het. Dit sou immers heel Skriftuurlik wees, veral omrede God Almagtig is en Hy steeds respek sou afdwing veral as sodanige verskynings met bonatuurlike manifestasies gepaard sou gaan. Maar Jesus verklaar tog baie duidelik dat God, Sy Vader, nooit aanskou kan word deur die mens nie.

God het om hierdie rede dan 'n spesiale Engeleboodskapper oor Israel aangestel, deur wie Hy ook die Verbond met Abraham gesluit het en Israel as Sy volk onder al die volkere en nasies afgesonder het – dit is onder die eerste Verbondbedeling. Daarom verwys Cohen na hom as die Prins van Israel (verwys Bibl). Hierdie Aangestelde kom ook ooreen met *Ps 2* as die gesalfde Koning van Israel en Hy is ook die enigste Een wat die blink swaard in Sy hand het as gesagsimbool van God se outoriteit wat op Hom rus en van wie ons in die brief aan die gemeente van Pérgamus lees (Open. 2). Calvyn het dus duidelik op hierdie punt sy eie insig laat geld.

Christus Jesus kan nie Een Wese met die Vader deel nie want Hy is die sigbare uitdrukking van die onsigbare God (=verwysend na Sy bestaan en nie Sy karakter en heiligheid nie). Deur Hom kon die onsienlike God Hom sigbaar aan Israel vertoon. Ook, juis omdat God nie die Wese van 'n Engel het nie, maar wel in en deur 'n spesiale Engel geopenbaar word (naamlik die Verbondsengel) en in en deur hierdie een Engelewese uitbeweeg om kontak met die sigbare skepping en Sy skepsele te maak, behoort ons te kan aanvaar dat hierdie Engelewese deur God voorgebring was. Juis omdat die Engelewese voorgebring is, is dit ondergeskik (daardie Wese) aan God se Gees-Wese wat ewigdurend is (Joh. 1.18; Joh. 4.24). God het dan geen begin en geen einde nie. Hy is van ewigheid tot ewigheid volgens die heilige Skrifte. Maar die Verbondboodskapper deur Wie God Hom openbaar as Abraham se God, het wel

1 Tog behoort ons nie hierdie tipe aanbidding as onlosmaaklik van God, die Onsienlike Vader, te beskou nie - bygevoeg by tweede druk

2 En dan `n teofanie (`n Godsverskyning) wat heeltemal Bybels voorkom maar tegnies nie korrek is nie omrede ons God nooit kan reduseer tot die bestaan van `n engelewse nie - bygevoeg by tweede druk

3 Hierdie tipe uitroep dien ook as `n tussenwerpsel (interjection) en dit kom voor in Joodse literatuur. Dit is om God die allerhoogste respek te gee en dit dien dan as bevestiging van `n absolute waarheid. Wat dan hier plaasvind, is nie soseer dat Christus God is nie, maar dat God wat Hom voorgebring het (volgens die Skrifte) so hoog en groot is en daarom hervat die teks, "U God, U gesalf...." - bygevoeg by tweede druk

deur God en uit God ontstaan[1].

Daarom kon Jesus aan die Jode verklaar het dat Hy uit God uitgegaan het (Joh. 8.42). Ook dat Hy voor Abraham was ("Is Ek", Joh. 8.58[2]). Dit is die Verbondsengel wat as God se verteenwoordiger optree en Hy het duideik 'n fisiese bestaan by God (die Vader) gehad wat Hom afgeskeie in Wese maak van die Vader en Hy is dit nogsteeds. Net ná Sy opstanding, sien Stefanus Hom in Sy opgewekte, verheerlikte Liggaam ofskoon Hy steeds Sy Engeleheerlikheid behou want as sulks verskyn Hy aan Johannes en Hy gee Sy Openbaringe-boodskap aan hom.

Dit is aan Sy voete wat Johannes val, net soos wat Daniël dit ook gedoen het. Hy kan dus "materialiseer" – dit is van gedaante verwissel omdat Hy almag van God ontvang het (Heb. 1.2-3; Heb. 2.7). God het nooit almag ontvang nie want Hy was Vader van alle dinge en daarvan getuig die heilige Skrifte. Hy is die Bron van Lewe wat Sy Seun voorgebring het (Ps. 2.7). Die Vader het nie 'n Wese soos dié van die Verbondsengel, die Verbondmaker van Israel wat aan Abraham en Joshua verskyn het nie. "Wese" behoort baie duidelik, soos reeds na verwys, ook nie so abstrak verklaar te word dat dit sou beteken dat God en Sy Seun onsigbaar bly nie, want baie duidelik is net die Vader in onsigbaarheid gehul en daarvan getuig Jesus self (Joh. 4.24; Joh. 1.18; 1 Joh. 4.12). Tog, wat Sy status betref, het die Seun ná Sy opstanding verhoging van God ontvang want toe het God Hom "Here en Christus gemaak" en Hy beklee derhalwe nou in God se Almag en Ryk dieselfde gesagsposisie as wat Josef teenoor Farao beklee het (Hand. 2.36).

Josef het in elke opsig regeer maar Farao was net in outoriteit (sy gesag as Heerser van Egipte) hoër as Josef en wie baie duidelik wat sy persoon betref, ondergeskik aan Farao was maar tog was hy ook gelyk aan hom omdat hy deur Farao aangestel word as Sy Verteenwoordiger. Onder die Ou Verbondbedeling tree Jesus wel op in die outoriteit van Sy Vader sodat Hy ook genoem word (Jes. 9.5): "Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors" (met verwysing na Hom as Gestuurde van God maar ook as die Wonderbaar wat aan Manóag verskyn). Tog word God nooit vlees nie, maar Sy Seun het wel vleesgeword (1 Joh. 4.2).

Om hierdie rede kon Jesus aan Filippus verklaar: "Hy wie My gesien het, het die Vader gesien want Ek en die Vader is Een." Hy is dus een met die Vader in status en in heerlikheid ofskoon Hy steeds ná Sy opstanding Sy Vader hoër ag as Homself en daarvan getuig die vier *Evangelies* sowel as die apostoliese leringe. Daar word selfs van "God en Sy Christus" gepraat. Tog was Jesus nie die Vader nie, daarom bid Hy tot die Vader. Maar die Vader word alleenlik in en deur Sy Seun geopenbaar. Nie een van die ander engele het hierdie verhoogde status ontvang nie.

As ons hierdie saak nie Bybels verklaar nie, loop ons gevaar om 'n karikatuur van God en Sy Saligheidsplan te maak. Daar was in die Romantiese era van die Engelse letterkunde die godslasterlike aanname dat die Seun moes ly en sterf en dan nie die Vader en die Heilige Gees nie, omrede daar 'n sameswering tussen Vader en Gees teen die Seun was (Donne)! So 'n stelling is nie alleenlik godslasterlik nie, maar dit is duidelik dat as die Skrifte aangaande die Christus nie Bybels korrek verklaar word nie, dit tot afskuwelike bespotting kan lei. Jesus Christus het juis onder ons kom woon omdat die Planeet - die aarde waarop die mens as hoogste skepping van God sy bestaan voer - vir Hom en tot Hom en Sy heerlikheid geskape was (Spr. 8): "Sy verlustiging was by die mensekinders". Om hierdie rede moes Hy dan ook as losprys na Sy eiendom toe gekom het want die Vader het die mensdom, veral die Verbondsvolk, Israel, aan Hom toevertrou (Joh 1). Daarom was Hy tereg "Koning van die Jode" aan die kruis.

As ons Christus Jesus ondergeskik in Wese aan die Vader maak, doen ons geen afbreuk aan Hom as Seun van God nie en as ons Hom Seun hou, gee ons Hom inderdaad die hoogste eer omrede Hy die

[1] Engelewese behoort ook beskou te word as hemelse wese want hierdie spesifieke hemelse boodskapper het tweeledig Sy verskynings gemaak, as engelewese en as mens (byvoorbeeld aan Manóag/Dawid) - bygevoeg by tweede druk

[2] Daar is allerlei verklarings oor hierdie saak, maar dit is veral daardie Joodse Christene wat die definitiewe "boodskapper" voormenslike bestaan van Christus negeer wat vergesogte verklarings hieraan koppel - bygevoeg by tweede druk

Messias (Verlosser) is. Net Hy beklee dan hierdie spesiale uitverkore gesagsposisie. Daar is niemand buiten Hom nie want God het Hom die sigbare Uitdrukking van Homself gemaak - die God wat Hom verborge hou (Jes 45.15). Die eenheid tussen Vader en Seun is inderdaad baie nou want God tree net nooit op sonder Sy Seun nie en Sy Seun kan niks uit Homself doen nie (Joh. 14.9). Die Jode wou Jesus juis stenig omdat Hy Homself Seun van God gemaak het: "Die Jode antwoord Hom en sê: Dit is nie oor 'n goeie werk dat ons U stenig nie, maar oor godslastering en omdat U wat 'n mens is, Uself God maak." (Joh. 10.33 & 36). "Seun van God" was dus as God beskou maar ons moet ook besef dat daar wel 'n wesentlike verskil tussen Seun en Vader is. Seun van God, hoewel uitermatig hoog in status en uniek in God se Ryk, bly daardie Een wat voorgebring is as God se Seun tot in alle ewigheid en dit is dan ook geen wonder dat satan so jaloers op Hom was nie want Hy was dan wesentlik gelyk aan God (=Migaél "Wie gelyk is aan God), hoewel Hy Homself nooit onafhanklike goddellike status gegee het nie (Joh. 14. 28; Open. 12; Dan. 12.1; Fil. 2.6-9). Dit is Hy wat God die Vader se Troon deel. Sy grootheid lê juis daarin dat net Hy die sigbare skakel tussen God en mens bly tot in alle ewigheid (1 Tim. 2.5; Heb. 8.6; 1 Kor. 15.27-28). Daarom is "Seun van God" a `n bsolute waarheid en satan gaan verwoed uit om hierdie unieke identiteit van Hom te negeer.

Dit was die Middeleeuse Joodse filosoof, Maimonides, wat alle tussengangers tussen God en mens tot niet verklaar het en watter skade was daar nie aan die Joodse volk gedoen nie want toe verloor hulle hulle kontak met hulle Prins (Dan. 12.1; Cohen verwys Bibl)[1]. Jesus Christus is dan inderdaad die hoogste Bron van Gesag in God se hele skepping. Hy is onmeetbaar en oneindig groot en almag is ná Sy opstanding uit die dood aan Hom gegee deur Sy Vader. Daarom kon Hy ook verklaar: "Aan My is gegee (!) alle mag in hemel en op aarde" (Mat. 28.18). Die Vader het altyd almag gehad. Hy het dit nooit ontvang nie. Maar Hy het Sy mag aan Sy Seun oorgedra. En die Seun het dit ontvang! Daarom verklaar Paulus aan die Filippense dat Jesus dit geen roof geag het, dit is dan geensins asof hy Sy gesag gesteel het nie, naamlik om aan God gelyk te wees nie (2.6). Want die Vader het gelyke status aan Sy Seun, Sy Eersteling, gegee. Hy was dan tereg in die gestalte van God, maar Hy was nie God die Vader self nie. Hy het Sy status deur bekroning en salwing verkry. Hy is ook aangestel, volgens Paulus se evangelie, as Hoof van God se Huis (Heb. 3; Heb. 1.2; Heb. 1.7). Jesus het Homself dan ontledig toe Hy vlees geword het - Hy het vrywilliglik afstand gedoen van Sy goddelike status as God se (in die algemeen onsienlike) Seun en Prins oor Israel, en die gedaante van 'n mens gevind en onder ons kom woon as God se Sigbare Verteenwoordiger.

Ons moet in gedagte hou dat die Heilige Skrifte baie duidelik verklaar dat God die Almagtige Vader onsienlik is. Andersins maak ons Jesus tot leuenaar want Hy het eksplisiet verklaar dat niemand God ooit gesien het nie (Joh. 1.18). Toe Moses begeer het om Sy aangesig te sien, het God uitdruklik aan hom gesê dat hy Hom nie kan sien en bly lewe nie. Die voete wat Moses gesien het van daardie Een wat "van agter" by hom verbygegaan het, was dieselfde Een met wie Hy in die braambos in 'n vuurmanifestasie (!) mee kennis gemaak het (Hand. 7.30; Ex. 3.2-4). So het Jesus ook in Joh. 4.24 Sy luisteraars geleer dat God Gees is. God (Sy Vader) is Gees, sê Jesus dan ook aan Sy luisteraars. Weereens 'n dwaling van Calvyn dat die Heilige Gees 'n aparte Persoon [tog sê hy een Wese] of 'n aparte eienskap is. (v. Boek 8(52) oor die Derde Persoon en die apokriewe geskrifte wat tot godslastering lei. Die Derde Persoon word selfs 'n persoon wat aan 'n bed vasgemaak kon word in die Pistis Sophia!).

As ons dan wil staan op die onverdeelbaarheid van die drie Persone en dit eerder drie eienskappe wil noem om tog net nie te wil verklaar dat die drie afsonderlik is nie, waarom dan die groot bohaai oor die Eenheid wat ook duidelik nie aan die drie afsonderlike Persone glo nie? (v. Boek 1 oor Tertullianus se beskrywing van *personae*).

Juis omdat die Drieëenheid die Skrifte nie altyd konsekwent verklaar nie, behoort daar herondersoek ingestel te word. Dit is sekerlik wat Servetus en ander teëstanders van Calvyn probeer

[1] Hy het sy standpunte natuurlik op die Babiloniese Talmoed gebou - bygevoeg by tweede druk

doen het. Immers het hulle pogings aangewend! Geen aardse mens, of sterweling, het die reg om die natuur van God tot in die fynste besonderheid te ontleed nie. Al wat ons tot ons beskikking het en waarop ons dan eintlik kan en mag bou, is die Heilige Skrifte. Ons kan ook nie net een of twee Skrifverwysings neem en daarmee op loop gaan nie. Ons moet die Skrifte ondersoek, soos Jesus aan die Jode verklaar het, want daaruit meen ons om die Saligheid te verkry. Die Heilige Skrifte verklaar dat Jesus die Seun van God is en daarom is Hy ook die Eersteling van die Skepping van God. Ook dat God die wêreld deur Jesus geskape het en Hom oor Israel as die Verbondsengel/boodskapper aangestel het.

Die Seunskap is, naas dié van God die Vader, die hoogste gesag in hemel en op aarde. God se Gees getuig dat Jesus die Seun van God is en niemand anders kan hierdie gesag ooit van Hom wegneem nie! Sodra ons Hom God, God Seun maak, redeneer ons soos die gnostiese sektes en die Ebioniete (Die *Handelinge van Johannes* – Boek 1 – verwys). Dan het *1 Joh. 2* ook op ons betrekking want daar was 'n duidelike onderskeid gemaak tussen Vader en Seun – dus in gesag en in Wese - in die eerste eeuse apostoliese belydenis. Calvyn het duidelik vanuit 'n Katolieke perspektief geredeneer en daarom kon hy nooit van die Drieëenheidbelydenis wegbeweeg nie.[1]

Niemand kan God sien en bly lewe nie. Daarom moes Jesus (in die Ou Testament die Verbondsengel) as tussenganger tussen God en mens optree. Die Drieëenheid maak hierdie groot fout, naamlik om te verklaar dat daar geen wesenlike verskil tussen Jesus en Sy Vader is nie vanweë gelykheid in oorsprong, bestaan en gesag en veral deelname aan "een Wese". As ons baie noulettend op die verklarings van die Drieëenheid let, sal ons raakpunte tussen die Christelike Unitariërs (Eenheid) en die Trinitariërs raaksien al is hierdie twee belydenisse teenpole. Baie sal sommer dadelik van my verskil, maar volgens Calvyn maak hy die Engel wat God voor Israel uitstuur God self. Dit is soos dit voorkom uit sy stellings.

*Eks. 23.20-23* : "Kyk Ek stuur 'n Engel voor jou uit om jou op die pad te bewaar" - Is dit nie die Bewaarder van Israel nie? - "... en om jou in die plek te bring wat Ek (God) gereedgemaak het. Neem jou..." - Israel die Verbondsvolk - "... in ag vir Hom en luister na sy stem; wees nie wederstrewig teen Hom nie..." - kyk net watter gesag God die Almagtige aan hierdie Verbondsengel gee! - ".... want Hy sal julle oortredinge nie vergewe nie..." - Hy ontvang dus outoriteit om vergiffenis te kan skenk want dit is ook Hy wat bó die versoendeksel verskyn op *Yom Kippur - "...* want my Naam - my gesag - is in Hom".[2]

"Maar as jy terdeë na sy stem luister en alles doen wat Ek sal sê (God praat dus deur hierdie Verbondsengel tot Moses en Israel), sal Ek die vyand van jou vyande en die teëstander van jou teëstanders wees. Want my Engel (let wel, nie God self nie - daar is dus 'n duidelike skeidslyn tussen die twee: (1) Aan die eenkant God die onsienlike en (2) aan die anderkant Sy tussenganger, die Verbondsengel, naamlik die Sigbare Een) sal voor jou uitgaan.." Calvyn kon nie die wesentlike onderskeid tussen God en hierdie Verbondsengel deurtrek nie, want hy het in die voetspore van die Katolisisime (Helleniste) gevolg wat God in abstrakte konsepte verklaar het.

Hoewel hierdie Engel waar hy ookal verskyn, waargeneem word as die God van Israel, selfs dat hulle God van aangesig tot aangesig gesien het, is en kan God die onsienlike nooit 'n engel wees nie en het Hy duidelik as God opgetree. Tog was Hy nie God self nie. Dit is dus God in en deur daardie Verbondsengel. *Kol. 1.15-18*: "Hy (Jesus) is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping. God die Almagtige, die Skepper van alles, is tog nie die Eersgeborene nie.

Dit is baie duidelik dat as die Almagtige God en Vader die eersgeborene sou wees, kan ons tereg vra: Wie het Hom voorgebring? Nou weet ons dat ons nooit mag praat dat God die Almagtige die Eersgeborene is nie. Maar dat Christus dit wel is, bring ons onmiddellik by die kontensieuse saak uit, naamlik dat Hy wat deur die Vader voorgebring is, wel ná die Vader ontstaan het, ja, inderdaad deur die

[1] Die sterkste bewys dat Jesus geloofwaardig was met betrekking tot Sy getuienis oor Homself, is dat God Hom ná Sy opstanding as "Seun van God" verklaar het (Rom. 1.4) en met Krag, naamlik deur die Heilige Gees - bygevoeg by tweede druk

[2] Nog `n konsekwente saak tussen die Verbondsarkverskynings en toe die Hoëpriester tydens Yom Kippur die bloedoffer in die Allerheiligste ingebring het, en Golgotha - bygevoeg by tweede druk

Vader self voorgebring is, en om hierdie rede is Hy, die Almagtige God, Vader (voortbrenger) van die onsigbare sfeer met die Seun as Eersteling van Sy skepping (Kol. 1.15).[1] Dus kan die Seun nie dieselfde Wese as die Vader deel nie. Hoewel die Vader hom as Regterhand in Sy Skepping gebruik het (Spr. 8.22) bly die Vader dan nogsteeds die hoogste bron van gesag want in Hom, verklaar Paulus aan die Kolossense, is alle dinge geskape wat in die hemele (!) en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte - alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape (v. Boek 4).

Dit is baie duidelik dat die Vader Jesus in Sy voormenslike bestaan volgens *Spr. 8.22+* as agent in Sy Skepping gebruik het en nogsteeds gebruik. As ons hierdie saak Bybels kan verklaar, sal ons ook kan sien waarom satan teen Jesus in die hemele, waar hulle saam in God se koninkryk regeer het (natuurlik met Jesus as Eersteling en Koning – Ps. 2) gerebelleer het (Open. 12). Hy het dan nie teen die Almagtige God en Vader van Jesus opgestaan nie. Hy (Jesus) is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand (Paulus)! Hy is die Krag en die Wysheid van God (1 Kor. 1.24). Waarom kon Paulus dit so pertinent verklaar? Omdat hy vol in die monoteïsme gestaan het en die profete van Jesus as die Messias of Gestuurde gepraat het. Hy is dan deur hom verklaar as die Seun, die Eersteling, die Eersgeborene. Alles het volgens die apostel Paulus deur die Eersgeborene ontstaan (Kol. 1.15). Jesus was dan nooit God Almagtig nie en Hy sal dit ook nooit wees nie[2] Daarom sê Hy ná Sy opstanding aan Maria: "Raak my nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie; maar gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God." (Joh. 20.17).

Jesus was mede-Skepper saam met Sy Vader en daarom is Hy inderdaad erfgenaam, want volgens die Brief aan die Hebreërs het die Vader alle gesag in hemel en op aarde aan Hom oorgegee. Dit het Hy eers ná Sy opstanding verwerf en vanaf Sy opstanding en opvaring in die hoogte, deel Hy die troon (heerskappy) saam met die Vader (Open. 5.12). *Heb. 1.12 :* "Nadat God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het". En Hy is die Hoof van die liggaam..."[3]

Nou kom die Trinitariërs en die Eenheidleraars met die verklaring dat "alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape" sou beteken dat Jesus alle dinge geskape het, enkelvoudig en sonder God die Vader se toedoen, of, in die gees van die Triniteit, sou Jesus dan dieselfde Wese as Sy Vader gedeel het – die “drie-in-een konsep”. Maar "<u>deur</u> Hom" behoort tog baie duidelik te wees want net soos wat God die onsienlike deur Sy Verbondsengel met Israel kontak gemaak het, het Hy Christus Jesus in Sy voormenslike Bestaan as kunstenaar naas Homself gebruik (Spr. 8.22+) want dit is deur Hom wat God, die Onsienlike Vader, "alle dinge wat in die hemele en op die aarde is" geskape het. As God dus die Verbondsengel self was (in Wese) sou dit beteken dat God die Almagtige Skepper Homself moes geskape het! en dit sou dan ook beteken, in die lig van *Heb. 1*, dat God die Almagtige ook dieselfde Wese as Christus se metgeselle (die hoofengele) gedeel het! Verder sou dit dan ook beteken het dat Christus Jesus se verhoging bó Sy metgeselle, dit is volgens Paulus se verklaring aan die Hebreërs, eintlik absurd is omrede Hy dan alreeds dieselfde Wese as die Almagtige God, Sy Vader, sou gehad het!

Maar nou weet ons dat Christus Jesus se grootheid in Sy verhoogde status lê! Hy is deur Sy Vader verhoog en bó alle dinge aangestel. Daarom is Hy ook die Almagtige maar hou in gedagte deur toesegging (Open. 1.8; Mat. 28.18). Hy het gevolglik Sy status van Sy Vader ontvang! In hierdie lig sal ons ook Ef. 1.10 kan begryp net soos wat Paulus - weereens die man wat God gebruik het om Sy hele

---

1 Wat ons weer in gedagte moet hou is dat Hy uit die Vader ontstaan het en dit was juis die kontensieuse kwessie wat tot Nicaea (325) en latere Raadsvergaderings gelei het en toe Grieks filosofiese idees inderdaad aan Katolieke verklarings gekoppel was, alternatiewelik toe die sade van Triniteit wat van vroeg af al bygewerk was tot die Christelike belydenisse, toe tot volle wasdom gebring was - bygevoeg by tweede druk

2 Maar ons behoort na te dink hoe hoog Sy status van heerlikheid as “Seun” van God is, naamlik deelnemer aan die Troon van God – bygevoeg by tweede druk

3 Daarom kon Paulus dit beklemtoon dat Jesus gister, vandag en tot in alle ewigheid dieselfde is (Heb. 13.8) - bygevoeg by tweede druk

Raad aan Sy Liggaam oor te kon dra (Hand 20) - dit vir ons uitlê: "..om die volheid van die tye te reël, met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig." God die Vader het nie nodig gehad om reëlings te tref om alles onder Sy eie voete te stel nie want die hele kosmos, alles in hemel en op aarde, behoort reeds aan Hom en dit was dan onder Sy gesag en beheer vanaf die begin want Hy is die Skepper van die heelal, en veral van die Christus en Sy metgeselle (Gen. 1.3 en 2 Kor. 4.6).

Nogtans het Hy Sy Seun die mag gegee dat alles, ná Sy opstanding, onder Sy voete ingevou sou word sodat selfs die dood, die laaste vyand (1 Kor 15) deur Hom vernietig sou word. Tog sluit hierdie mag God die Vader uit want Hy is bo alles verhewe: *I Kor. 15.24-28*: : “Daarna kom die einde, wanneer Hy (Jesus) die koningskap aan God die Vader oordra, nadat Hy alle bose magte vernietig het. Hy (Jesus) moet as koning heers totdat die Vader al sy vyande aan Hom (Jesus) onderwerp het. Die laaste vyand wat vernietig word, is dan die dood.

Daar staan immers geskrywe : ‘Alles het Hy (God die Vader) aan Hom (Jesus) onderwerp.’ Maar as die Skrif sê dat alles aan Christus onderwerp is, is dit duidelik dat die Vader wat alles aan Hom (Jesus) onderwerp het, uitgesonder is. Wanneer alles dan aan die Seun onderwerp is, sal Hy (Jesus) Hom ook self onderwerp aan die Vader wat alles aan Hom (Jesus) onderwerp het. So sal God (die Vader) alles wees vir alles (alles in alles).”

Hierdie verklaring van Paulus is ‘n duidelik weerspreking van die Niceense Geloofsbelydenis naamlik dat die Vader en die Seun dieselfde ewigheid, gesag, status (uit Homself) deel. Dus was Servetus heel reg in sy verklaring dat hy onwrikbaar glo aan die bestaan van die Seun van die Ewige God![1] So kan ons Jesus as Messias sien, nie as God die onsienlike Vader nie, maar as die Messias wat deur Sy Vader gestuur word en alle gesag van Sy Vader ontvang. So sien die Jode hulle Messias! Derhalwe nie God self nie maar Sy gesalfde.

Jesus se volgelinge behoort dan te kan besef dat God *Sy Christus* (=Sy Woord) voorgebring het in die gedaante van dié Verbondsengel (hemelse Boodskapper) wat aan al die profete en rigters verskyn het - Toe Dawid die volk laat tel het en die Engel van die Here hom by die dorsvloer van Ornan (Aruna) gekonfronteer het (1 Kron. 21.15-18), Sagaria by die mirtebome, Joshua voor die inval in Jerigo (Josh. 6.2) en natuurlik daar in die gedaante van 'n mens as Leërowerse van Israel, vergelyk ook *Dan 12.1.* Miga (5.1) voorspel sy koms as die Heerser wie se uitgange uit die voortyd is - die Almagtige God het nie 'n begin of einde nie en daar kan dus nie van Hom as die Een wie se uitgange uit die voortyd is, gepraat word asof God 'n begin sou hê nie. Vir die profeet Maléagi is Hy daardie een wat na sy tempel toe sou kom, naamlik die Engel van die Verbond na wie Israel gesmag het (3.1).

Dit was dan nie asof hierdie voorgebragde hemelse Wese `n engel *geword het* of die gedaante van `n engelewese aangeneem het die oomblik wat Hy aan die profete, selfs Israel, verskyn het nie. Dit was dan nie asof God net maar hierdie omhulsel aangeneem het, of dit per geleentheid gebruik het nie, met ander woorde sodra Hy met Israel wou interakteer het nie. God was wel as Vader onlosmaaklik aan Sy Seun in `n hegte eenheidsband verbind maar hierdie Seun van Hom was `n hemelse engelewese (`n geeswese) wat ook metgeselle gehad het. Tog was Hy die een wat voorrang bo almal gehad het omrede Hy die eersgeborene van die ganse skepping van God was (Kol. 1.15).

Calvyn verwys na die Engel in Sagaria wat self sy engel stuur; *Sag. 1.11*: "Daarop het hulle die Engel van die Here, wat tussen die mirtebome gestaan het, toegespreek en gesê: Ons het die aarde deurkruis, en kyk, die ganse aarde is stil en rus. Daarop het die Engel van die Here (die Verbondsengel - *net Hy alleen*) aangehef en gesê: "HERE....” - let op hoe spreek die Verbondsengel die Hoë God aan - “....van die Leërskare, hoe lank nog bly U sonder ontferming oor Jerusalem en oor die stede van Juda waarop U alreeds sewentig jaar vertoornd was?" Hier sien ons baie duidelik dat daar 'n onderskeid is tussen die Engel van die Verbond - die een wat die Verbond met Abraham gesluit het - en die HERE van

[1] Dit is hier verwysend na die konsep en nie na Servetus se spesifieke belydenis nie - bygevoeg by tweede druk

die Leërskare is. Die allesoortreffende gesag behoort dus aan die HERE van die Leërskare (Dit is die engele - dit behoort nie verwar te word met die aardse leërs van die Konings van Israel nie) en dit is hierdie Almagtige God wat Sy Verbondsengel outoriteit oor al die engele (vuurfakkels volgens Paulus) gee.

Dit is die Aartsengel - die eerste of belangrikste engel - moet nie verwar word met die Katolisisme wat praat van vele aartsengele nie! Selfs die Jode praat van vier aartsengele met Migaél (Dan. 12. 1) wat oor die volk van Israel staan (Cohen – 50). “Engelewese” is dan ook boodskapper maar hierdie boodskapper het wel `n Wese gehad wat God die Almagtige dan nie gehad het nie (v. Boek 4). En dit is hier waar die Triniteitbelydenis die Ou Testamentiese Seunskap distorsief verdraai het want Hy word dan net `n engeleverskyning gemaak. God het dan volgens hierdie belydenis dan `n engelewese aangeneem en op die ou einde sit ons met `n een-Wese-Godheid wat tegelykertyd Vader, Seun en Gees is en tog ook nie!

Ons behoort dan des te meer van Paulus notisie te neem waar hy in Heb. 1 praat dat Jesus bo Sy metgeselle verhoog was. Hy verklaar dat Jesus in alles die eerste moet wees, want so het die Almagtige God dit bepaal! Die Aartsengel, volgens Sagaria, daardie een wat tussen die mirtebome staan as “Engel van die Here” (!), beheer en bestuur dan die leërskare van engele op gesag van die Almagtige God, want die Almagtige God het Sy Naam (Sy outoriteit) in Hom geplaas (Ex 23.20). Die Een wat stuur is derhalwe hoër as daardie Een wat gestuur word. Die Een wat aanstel, is hoër as die Een wat aangestel is.

Daarom kan die Een Wese met drie Persone (Calvyn praat van eienskappe wat onverdeelbaar in die Een Wese bestaan en so ‘n stelling dui ook op die Eenheidbelydenis) met gelyke oorsprong, gesag en bestaan, nie Skrifgetrou wees nie. God die Almagtige gebruik 'n Engel wat Hy voorgebring het as Eersteling van Sy ganse Skepping, om uit te beweeg en met die sigbare skepping (sy skepsele) kontak te maak, en God die Almagtige is nie, sal nie en kan nooit 'n Engel wees nie. Daarom is Christus Sy Seun (Ps 2). Daarom deel Christus nie die Vader se Wesebestaan nie, hoewel Hy as die mondstuk van God en in die gesag van God optree en selfs as die God van Israel aanvaar word.

Die profeet Sagaria erken die Engel van die Here se gesag as komend van die HERE (Yahweh = Adonai). "Seun van God" moet ook nooit vanuit 'n aardse perspektief beredeneer word asof dit sou beteken dat Jesus soveel geringer as die Vader is nie. In Sy amp as “Seun van God”, is Jesus inderdaad die Prins, die Troonopvolger, Heerser. Ons behoort altyd Josef se geskiedenis in gedagte te hou as Jesus se verhouding met Sy Vader ter sprake kom. Soos wat Farao Josef (‘n tipe van Jesus) verhoog het en hom in alles oppergesag gegee het, met uitsondering van hom (Farao) se gesag. Sonder Hom (Jesus) en buite Hom kan ons nie tot God die onsienlike nader nie.

Om hierdie rede verklaar Paulus tereg dat God 'n verterende vuur is (Heb. 12.2). Daar is net een soos Jesus, die Seun van God! Ons toegang tot God gaan deur Jesus alleen! Daarom het Jesus hom volgens *Fil. 2* verneder (duidelik het Hy nie die Wese van die Vader gedeel nie hoewel Hy God se Seun was) deur om ‘n gedaante van ‘n mens te vind ( mens te word). Hy “ontledig” homself – Hy doen afstand van Sy heerlikheid wat Hy by die Vader gehad het voor die grondlegging van die wêreld en Hy bid in Sy Hoëpriesterlike gebed in Getsémane dat Hy dit terug mag ontvang (Joh. 17).

As ons ook Jesus in Sy voormenslike bestaan as Engel van die Here, die Verbond, sien, sal teoloë nooit die gnostiese idee aanhang, naamlik dat Jesus nie opgestaan het en Sy liggaam verdwyn het nie, want, juis omdat Jesus die Eersteling van die Skepping van God is, moes Hy die gevalle mens, in die wese van 'n mens, uit die mag van satan kom verlos het, want die aarde was vir Hom en tot Sy heerlikheid geskape (Spr. 8.22) Immers verklaar Paulus baie duidelik dat Christus die Krag en die Wysheid van God is, sodat *Spr. 8.22+* des te meer vir ons op Christus Jesus van toepassing is. Sou Jesus nie opgestaan het nie, was Hy ook nie, soos Paulus dit aan ons oordra, met krag verklaar as die Seun van God ná Sy opstanding nie en was Sy kruisdood, en die verlossing van die mens uit die mag van satan, 'n klug (Rom. 1.4).

Of Servetus Jesus in Sy voormenslike bestaan as ondergeskikte Wese (Seun) gesien het, is nie duidelik nie (dit is nou kort voor sy dood). Maar waar die Dinamistiese Monargianisme Christus sien as 'n geskape Wese, toegerus met energie, krag en wysheid, kom dit wel voor dat hy dit geglo het. Dit kom nie voor dat Servetus die gnostiese geesverskyning ("phantasmal body" of psigiese Christus) bely het nie, want volgens die gnostisisme het die liggaam van Jesus verdwyn. Ook het die gnostici nie die Seunskap, afgeskeie van die Vader, bely nie. Dit was juis op hierdie punt dat die Apostel Johannes hulle in sy briewe verdoem het as antichriste: "Dit is die gees van die Antichris, hy wie die Vader en die Seun loën", met ander woorde 'n Meerdere teenoor 'n Mindere (let wel, ná Jesus se opstanding - die Drieëenheid ontken ook dat Jesus ondergeskik in Wese is aan Sy Vader ná Sy opstanding).

Die gnostici het die Vader en die Seun een en dieselfde "Wese" gemaak (v. Boek 1). Dit kom voor dat alle pogings aangewend was om by die "een God" aanbidding te bly maar as ons goed daaroor nadink, is Jesus, hoewel Hy ondergeskik in Wese aan die een Ware God bly – maar tog wel een in status en in heerlikheid met die Vader is – is Hy waarlik die sigbare Uitdrukking van die Onsigbare God. Maar Hy word nie dan God nie, maar Hy bly Seun van God soos wat die apostels van Jesus Hom verkondig het. Die bewoording "God, Seun van God" en behorende tot een en dieselfde Wese, kom dikwels voor in die Nuwe Testamentiese apokriewe geskrifte. Dit is hierdie konsep wat toe later aangepas was totdat dit sy finale beslag op die Raad van Nicaéa 325 n.C. - en natuurlik sy opvolg Rade in 381 en 451 - gekry het van "een God in drie Persone" of "God Drieënig". Dit is verbasend dat so min geleerdes hulle nie wil vergewis van die ontstaan en ontplooiing van die post-apostoliese kerk nie[1].

Wat ook moontlik verwarring geskep het met Servetus se leerstel, is die woord 'geskape'. Daar word algemeen aanvaar dat daar 'n verskil tussen voorbring (gegenereer) is en geskape of skep. Tog weet niemand hoe Jesus Christus deur die Vader voorgebring is nie. Dit was die gnostiese leiers wat aanvanklik redenasies oor die bestaan van God en emanasies (uitvloeisel = om vanuit iets te ontstaan of van iets afkomstig is) aan die gang gesit het, en die filosofie wat vanuit 'n abstrakte perspektief geredeneer het, het die konsep van hoedanig die Vader die Seun vanuit een Wese voorgebring het, in die Christelike geloof gevestig[2].

Paulus veklaar : "Hulle dring in in die dinge wat die engele nie gesien het nie" en ons kan hierdie verklaring maklik in verband bring met die skepping voor die ontstaan van die engele, dit is dit waarvan hierdie wesens nie kennis dra nie, naamlik daardie fase in God se skepping waaraan Jesus Christus as Eersgeborene van God behoort.[3] En dit is presies wat die gnostiese sektes gedoen het. Hulle het veral oor die "Eerste Oorsaak" van die skepping geredeneer. En die engele is soveel hoër as die mens wat tot die aardse skepping hoort. Dat Jesus wel voorgebring is en dat Sy generering ook maar op geskapenheid (om iets uit niks voor te bring) neerkom, is tog duidelik al was hierdie saak oor en oor aangespreek op Kerkrade en konsilies. Die kruks van die saak was om ewigheid aan Vader, Seun en Gees te gee en om God "een" te hou soos in die monoteïsme veral toe God se Gees as 'n onafhanklike Persoon beskou was (of dit nou abstrak of fisies vertolk was), dit is een Wese met drie duidelike "personae" volgens Tertullianus se verklaring. Die Ariane kon natuurlik nie aanvaar dat die Seun gelyke oorsprong met die Vader gehad het nie juis omdat die Vader die Seun voorgebring het, met die gevolg dat protesteerders wat van die Kerk afgesny was, weer na nog verdere redenases tot die skaapkraal hertoegelaat was en duidelik omrede daar skuiwergate in Atahanasius se belydenis was (v. Boek 1).

Dat Jesus in Sy voormenslike bestaan deur God voorgebring, is dan Bybels korrek. Hy was die eersteling in God se Skeppingsorde (Spr 8.22+). Alles het "deur Hom" ontstaan omdat Hy as God se Eersteling voorgebring was en natuurlik as God se Regterhand opgetree het. Ons behoort ons net deur

1 Dit is gemeet aan die eerste eeuse belydenisse en inbegrepe OT waarheid, teenoor die Katolisisme - bygevoeg by tweede druk

2 Daar was baie geredeneer oor gegenereer wat eintlik neerkom op geboorte, oftewel om iets voor te bring wat ook `n abstrakte betekenis kan hê (yalad), v. gerus Ps. 2 en raadpleeg ook die Hebreeuse teks. Daar word baie geredeneer oor konsepte maar ons moet waak dat ons vooropgestelde idees nie ons persepsies kleur nie en daar is ook `n verskil tussen Christus se ontstaan uit God die Vader en Sy geboorte - bygevoeg by tweede druk

3 En veral die Kabbalah (v. boeke in hierdie reeks) - bygevoeg by tweede druk

Paulus te laat lei want God het deur Hom Sy hele Raad aan die apostoliese gemeentes oorgedra en selfs Petrus het erken dat Paulus spesiale wysheid van God ontvang het om die Heilige Skrifte te verklaar (2 Pet. 3.15; Hand. 20.27 – vir 'n bespreking oor die *Tweede Brief van Petrus* verwys Boek 1). Paulus illustreer God se Skepping met Christus as "eersgeborene", dus is Hy nie net 'n gedagte of 'n eminasie van God die Vader nie, maar ons moet Hom sien as dat Hy 'n definitiewe bestaan by Sy Vader gehad het, dit is as ons ten minste die Heilige Skrifte en die profete wil glo en ons nie net deur die wysheid vanuit hierdie wêreld wil laat lei nie.

Athanasius het met sy wysheid vanuit die hierdie wêreld God se hele skeppingsorde deur Sy Seun uit verband geruk. God is nie, was nie en sal nooit 'n Engelewese wees nie, maar dit was die gestalte van Christus deur Wie Hy, die Almagtige, Ewige God en Vader, geopenbaar was in Oud-Israel[1]. In die Nuwe Testament-bedeling het God weer uitbeweeg toe Hy 'n Liggaam vir Sy Seun voorberei het in die Maagd Maria. Dus nie vir Homself nie, maar vir Sy Gestuurde (Ps. 40.8; Heb. 10.5). En juis omdat Paulus die hele Raad van God aan die gemeentes oorgedra het, het hy sy Brief aan die Hebreërs geskryf, dit is daardie brief wat ook deur Rome afgewys was (v.CarringtonII; Dele Boek 1; Boek 4; Boek 2).

Jesus is gevolglik wat Sy wesebestaan betref, ondergeskik aan die Vader soos wat Josef ondergeskik was aan Farao, maar Hy is terselfdertyd een met die Vader in status omrede Hy deur die Vader verhoog was ná Sy lyde en sterwe (Heb. 1.2; Heb. 2.8; Open. 1.8 – Hy, Jesus is die sigbare Uitdrukking van die onsienlike God se Alfa- en Omega-eeue) Hy bly in hierdie status, met ander woorde "gelyk aan God" – selfs die engele moet Hom na Sy opstanding aanbid omdat Hy bo Sy metgeselle verhoog is (Heb. 1.6-9) tot op God se bestemde tyd (1 Kor. 15.27-28). Oor hierdie onderwerp en besprekingspunt was daar in Suid-Afrika ook teoloë wat dit goed beredeneer het maar omrede Athanasius se Drieëenheidbelydenis as onfeilbaar beskou word, word hierdie tipe godskap van Jesus afgewys.

Jesus het dan inderdaad in 'n baie spesiale verhouding tot Sy Vader gestaan omdat God deur Hom, dit is in en deur Hom as Engelewese oftewel hemelse boodskapper, Homself aan Israel geopenbaar het en veral aan die profete (Ex. 23.23). Vir verdere bespreking verwys Boek 4; Open. 13.7-8; Open. 13.15; Open 17.15). 'n Beeld van godsdiensstel het gevolglik verrys en almal wat dit afgewys het toe die beeld op sy hoogtepunt van aanbidding was, was doodgemaak net soos wat die Heilige Skrifte dit profeties verklaar en dit kan weer gebeur (Open. 6..9-11). Daar is geen plek in die Nuwe Jerusalem vir die vreesagtiges nie (Open. 21.8) ("Nuwe Jerusalem" versimboliseer die openbaarmaking van die koninkryk van Jesus by Sy wederkoms en wanneer die verlostes saam met Hom sal regeer – Open. 21 & 22; vergelyk ook Open. 22.9 met Open. 1.17-19; Heb. 2.12 & v17).

*Kol. 1.15-23* vat die hele Skeppingsorde van die Vader deur Sy Eersgeborene saam. God die Vader het dan doelmatig Sy Seun voorgebring sodat Hy, die Onsienlike God, deur die Wese van Sy Seun met die sigbare wêreld kontak kon maak. Hy het vanuit die onsienlike uitbeweeg in en deur Sy Enigste of Eniggebore Seun. Dit is die hoogste amp in God se Ryk, naas God self. Die post-apostoliese Kerk het Christus, ironies, deur hulle verklaring verklein en Paulus spreek gevolglik implisiet 'n begeerte uit in *Efes. 4.13-14*: "... totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus, sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring.." (Dwaling word in hierdie reeks aangespreek en die oorsprong van tradisionele oorlewerings word uitgelig).

Jesus was deur Sy Vader voorgebring maar sy ontstaan verskil van dié van Adam en Eva wat 'n aardse skepping was alhoewel ook deur God voorgebring. Christus was dan die Eersteling van God se skepping en deur Hom het alles ontstaan en sonder Hom, verklaar Paulus, het niks ontstaan wat nie

[1] Dit is met teofanie in gedagte en met betrekking tot verklarings oor God se verskynings aan Abraham ensovoorts - bygevoeg by tweede druk

ontstaan het nie. Immers was Adam uit materie (stof) voorgebring, soos wat die Bybel dit tereg verklaar. Maar Jesus en die engele is deur God voorgebring op 'n wyse waaroor ons as mens net kan spekuleer, met ander woorde, Hy is sekerlik uit die onsigbare voorgebring en daarom is Sy ontstaan vanuit 'n veel hoër sfeer as Adam s'n.

Paulus het niks verder as dit verklaar nie, naamlik dat Jesus die "Eesgeborene" van die ganse skepping van God is. Hy het nie Jesus of Sy ontstaan soos die filosowe verkondig nie, alhoewel hy in die filosofie onderlê was, soos dit voorkom, of ten minste vertroud was daarmee. Hy was 'n kundige vanuit die belangrike universiteitstad Tarsus. Tog het hierdie geleerde apostel sy wysheid aangaande die openbaarmaking van God se verlossingsplan in en deur Sy Seun vanuit God verkry (1 Kor. 12.8). Daarom het hy nie soos die filosofiese teoloë gespekuleer oor Jesus se oorsprong nie, maar hy het wel gefokus op dit wat Jesus in en deur Sy aardse sending gedoen het, naamlik dat Hy, Seun van God, deur die Vader gestuur was om op hierdie aarde in 'n mensegedaante, sondaars tot bekering te roep (1 Tim. 1.15).

Sy verklarings van God se bestaan en Jesus se vooraardse bestaan wat duidelik in sy *Brief aan die Fillipense* en sy *Eerste Brief aan Timothéüs* deurskemer, verskil wyd van die post-apostoliese Kerk se filosofiese redenaars wat duidelik ook ingedring het in die dinge wat die engele nie gesien het nie. Die kerklike filosofwe het hulle toegelê op redenasies oor Jesus se oorsprong, en veral hoedanig Hy deur die Vader voorgebring is. Elkeen het hulle wysheid en aardse kennis met mag en mening aangewend en tot so 'n mate toe dat hulle op die ou einde inderdaad, net soos wat Paulus dit aan ons stel, 'n "ander" Jesus aan die wêreld voorgehou het.

As ons die Drieëenheidbelydenis goed onder 'n vergrootglas plaas, sien ons dat Jesus nooit kan wees wat daar van Hom gemaak word nie! Feit is: die Bybel maak nie melding van "God Drieënig" of "God in drie Persone" nie, maar dit spreek wel van "die God en Vader van Jesus Christus", "Jesus Seun van God", "God onse Vader en Jesus Christus onse Here". En die Heilige Gees kan ook nooit konnotasies van 'n onafhanklike Persoon kry nie [v. Boeke 1-3; Boek 8(31), 8(52) oor aannames rakende hierdie onderwerp][1].

Servetus het dan wel op sekere aannames en stellings gefouteer, maar Calvyn het ook! Tog was hierdie Hervormer, anders as Luther, so onverdraagsaam dat hy die wreedste straf wat hy kon toedien op hierdie ongelukkige man toegepas of dan tot uitvoering gebring het. En wie het hom eintlik die reg gegee om mense te martel? Sekerlik nie Jesus nie, want hy beveel die dissipel wat die slaaf van die Hoëpriester se oor met sy swaard afgekap het, om sy swaard in sy skede terug te steek en hy maak selfs die verminkte man se oor gesond(Mat. 26. 51-52)! In die lig hiervan, is dit ironies dat Servetus Calvyn gesmeek het om hom eerder met die swaard om die lewe te bring sonder enige toegewings[2]. Het hierdie woorde nie die Hervormer aan Getsémane en Judas se verraad herinner nie? Calvyn het geweier omrede hy wou weier. Sy ondersteuners wil steeds graag hê dat hy nie as wreedaard voorgestel word nie.[l] Gou word daar op die tydperk in die geskiedenis gewys waarin hierdie treurspel afgespeel het. [2] Gou word daar gesê dat Calvyn kettery verdoem het. [3] Gou word daar aangevoer dat Calvyn sy bes probeer het om Servetus die vuurdood te spaar. Al hierdie stellings kan as volg weerlê word:

Luther het met 'n "swaar" hand die doodvonnis van die Anabaptiste onderteken (Bainton). Hoewel hy dit gedoen het, het hy dit nie met totale hardvogtigheid gedoen nie. Ook Luther het nie nodig gehad om die Anabaptiste dood te maak nie maar dit was duidelik gedoen in die "Naam van die Here" omrede die Reformiste hulle eie saak wou bevorder het en omrede hulle meegeding het om territoriale gesag en –uitbreiding. Zwingli was na bewering die eerste een wat die Anabaptiste se dood in Switserland in werking gestel het (Bainton).

Was Calvyn se leerstel suiwer? Hy het absolute mag en heerskappy in Genéve uitgeoefen en hy

1 Anders sit ons op die ou einde met twee Middelaars en wat dan strydig is met Pauliniese direksies - bygevoeg by tweede druk
2 En dit komend van iemand wat Jesus verkondig het! - bygevoeg by tweede druk

kon ten minste aan Servetus se versoek voldoen het. Christelik gesproke, veral in die lig van sy redding-deur-genade-doktrine, kon hy Servetus uit Switserland verban het. Servetus het ook nie in Switserland gebly nie, dus was hy geen wesentlike bedreiging vir Calvyn nie. Hy het immers vriendskapsbande met Calvyn probeer behou en dit kom voor dat hy ook op 'n stadium van Calvyn se lewe (sy studentedae) vir hom iets beteken het. Dit kom selfs voor dat Johannes Calvyn op 'n stadium 'n student van Servetus (die Spanjaard) was. Was Calvyn moontlik toe al heimlik afgunstig op Servetus se uitmuntende prestasies? Immers kom onverdraagsaamheid, rigiditeit, bitterheid en al die eienskappe wat op jaloesie/venyn dui, in Calvyn se verhouding met Servetus na vore.

Die “hele Europa” het getreur toe Servetus op die brandstapel gesterf het en dit is iets wat ons tot die besef bring dat hy nie die gehate figuur was wat Calvyn van hom gemaak het nie. Daar is ‘n bewering dat Philip Melanchthon (1497-1560) teen Servetus was en die meeste kerklui het natuurlik so gevoel want hulle het volhard in die onfeilbare Triniteitbelydenis. Volgens EE 8 : 427 het hierdie teoloog in 1521 sy Loci communes rerum theologicarum gepubliseer. Dit word beskou as die eerste groot Protestantse werk oor dogmatiese teologie en wat ongeveer vyftig uitgawes in sy tyd behaal het. Hy het sy belangrike werk nog voor Calvyn s'n gepubliseer. Hy was ook by “pynlike” kontroversies betrokke wat ons onmiddellik tot die besef bring dat daar glad nie eenstemmigheid in sy tyd was nie. Hy was Luther se baie belangrike assistent gedurende die Reformasie.

Dit is dan verbasend hoe sommige teoloë hierdie skandedaad van Calvyn nogsteeds rasionaliseer selfs in ons verligte eeu. As ons nadink aan die ontstettende onverdraagsaamheid van die Calviniste teenoor die Wederdopers (veral in Suid-Afrika onder die voormalige regering maar ook in ander lande), en in die besonder tot nie so lank gelede nie, kan ons gou parallelle trek. Die verandering in gesindheid het maar eintlik begin toe die Nuwe Suid-Afrika in plek geval het. Ek onthou nog ‘n werksseminaar wat ek bygewoon het in die vroeë negentigerjare toe die Wederdopers steeds as “onstabiel” en “emosioneel” beskryf was. Ek het stil gesit en luister maar diep in my hart gebid dat God verandering moes bring want die toespraak, gelewer deur ‘n senior lektor van `n prominente plaaslike universiteit, was baie ontstellend. Kort daarna was die verandering daar!

Kyk gerus hoe lees Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (Geertsema : 44) "Daarom verwerp ons die Wederdopers en ander oproerige mense en in die algemeen almal wat owerhede en regeerders verwerp en die regtelike mag omver wil stoot, wat die gemeenskap van goedere invoer en die eerbaarheid wat God onder die mense verorden het, in verwarring bring." Kyk net na die aannames! Dit is opvallend dat hierdie teoloog in sy betoog teen die Anabaptiste, uiters venynig en bevooroordeeld in sy boek staan en natuurlik as gevolg van sy onwilligheid om God se werkende Hand in die Pinksterbeweging in Suid-Afrika raak te sien, sou hy kwalik erken het dat dit juis hierdie Artikel is wat groot verwarring en lyding in Suid-Afrika veroorsaak het.

Vele Pinksterkinders was in skole afgekraak en in hulle werkkringe benadeel as gevolg van hierdie Artikel. Dit is ironies, juis die Pinksterbelewenis wat na die historiese Kerke toe oorgespoel het en wat weereens bewys daarvan is dat hierdie beweging van God was. Meelewende godsdiens wat eens op 'n tyd as "oproerig" beskou was, asook straatwerk en traktaatverspreiding, om maar net 'n paar gebruike te noem, is vandag nie meer afstootlik nie. As dit ook nie was vir dapper Pentekostalistiese straatpredikers wat selfverloëning bo die eer van mense gestel het, en afgesien van vervolging en verwerping hulle “verlossingsboodskappe” op straathoeke aan die samelewing opgedring het nie, sou vernuwing nooit plaasgevind het nie. Nie so lank gelede nie, was daar `n klein beriggie in `n plaaslike koerant waarin belydenis gedoen was vir die leed wat aan die Pinkstergesindes gedoen was, maar `n meer volledige verklaring sou meer aanvaarbaar gewees het veral inaggenome die skade wat aan baie gedoen was.

Dit was egter nie net Pinkstergebruike wat op die gereformeerde Kerke oorgespoel het nie. Laasgenoemde het ook hulle invloed laat geld. Met die uitbreek van die Pentekostalisme in Suid-Afrika het ‘n sekere dominee in die vroeë Pinksterera verklaar: “Oor vyftig jaar hiervandaan is julle gelyk met

ons!" Wat 'n profetiese woord! Want die beweging wat in die Gees begin het, het ook maar weer teruggesak, dit is met betrekking tot geloofswerke en dit het dan ook relatief gou "in die vlees geëindig" en, soos dit voorkom, ook omdat die druk vanuit die wêreld tot 'n geestelike droogte gelei het. Daarom behoort ons so dankbaar te wees dat Jesus altyd bemoeienis maak met Sy Kerk in die geheel.

Net Hy weet wat nodig is op 'n gegewe tydstip en net Hy weet hoe om die brood en die vis te vermeerder! So het God deur die eeue heen gewerk. Hy versamel die los brokkies voedsel om sy voorraadskure te laai met kennis wat net Hy in staat is om weer en weer te vermeerder. Want die mens kan nie sonder God se bemiddeling sien wat Hy in gedagte het vir Sy kinders nie en daarom gebruik Hy die geheel, terwyl ons net op ons eie geskepte werklikheid fikseer. En omdat ons net vaskyk teen dit wat vir ons toeganklik is, dit wat ons kan of wil raaksien as "waarheid", kan ons nie altyd dit wat God besig is om te doen op Sy bestemde tyd, waardeer nie. Dit is God wat die aarde vol van Sy kennis kan maak, maar dit is die mens wat daarna moet vra! Want sonder ware Godskennis en Godsbelewenis sal die mens, al oefen hy ook al sy lidmaatskappe op die belangrikste plekke uit, arm, naak en blind bly!

God werk dan op unieke en wonderbaarlike wyses. Hy verhoog op Sy bestemde tyd en Hy verneder dienooreenkomstig omdat Hy Sy eindproduk aanskou. Daarom behoort ons die dag van die "klein dinge" nie te verag nie. Was dit nie vir 'n groep mense wat in 1957 deur 'n Pinksterprediker wat in die dertiger en veertigerjare oor die land vir die Here in Suid-Afrika gewerk het, bymekaar gebring was "om in alle erns te bid vir herlewing in Suid-Afrika en die toesakking van God se Gees", sou die Kerk van Jesus vandag nie dieselfde gelyk het in ons land nie. Ek was deel van daardie groep. Ons het dag en nag, oor 'n tydperk van 'n baie jare, gebid en God gesmeek dat Hy herlewing na ons land toe moes stuur. Kettinggebede was algemeen en ook spesiale vaste. Dit was voor die koms van die Charismatiese beweging en een oggend teen die draai van die sewentigerjare, het die Here deur dieselfde man 'n aankondiging gemaak dat Hy herlewing gaan stuur. Hy sou 'n sekere man - wat niemand geken het nie maar wat God deur Sy Gees beskryf het - in die historiese kerke instuur met 'n spesiale salwing en dit sou die herlewing aan die gang sit.

Daar was toe alreeds tekens van ontmoetings met God op verskillende plekke maar die herlewing het nog nie deurgebreek nie. Dit was maar klein groepies wat begin bid het vir die ontvangs van die Heilige Gees. Die Here het daardie oggend deur die gawe van profesie aangekondig[1] dat "niemand die vloed wat Hy sou stuur, sou keer nie" en God het al die belangrike Kerkleiers se name genoem wat toe die grootste sê gehad het op kerklike terrein, Pinkster sowel as Protestantse leiers. Dit wat God in 'n voorskouing deur Sy Gees gegee het, het net so gebeur maar die opoffering wat gemaak was om hierdie saak aan die gang te sit was oneindig groot en was deur feitlik niemand wat daarna die Heilige Gees-beweging belewe het, raakgesien nie. Maar so werk God!

Daarom behoort ons nie mense te vereer nie, maar eerder God wat in staat is om dikwels deur teenstrydighede - daardie dinge of mense wat ons gering ag - Sy Naam te verheerlik en Sy doel te bereik. So behoort ons die geskiedenis van Servetus te beskou. En nie net sy geskiedenis nie, maar ons behoort dankbaar te wees vir almal wat God gebruik het om die sluier van onkunde wat oor die wêreld getrek was, deur Sy krag en Gees te verbreek.

Ek kan onthou dat die woord "Wederdoper" 'n algemene etiket was, en ook "sekte" (tot onlangs toe) . Hoeveel Pinksterkinders het nie egte Skrifwaarheid verlaat as gevolg van hierdie tipe druk wat op hulle uitgeoefen was in die "ou Apartheidera" nie, maar dank God vir hulle wat juis as gevolg daarvan sterk in Christus Jesus kon wortel skiet. Om ook die Donatiste (Geertsema : 2) die eerste Wederdopers te noem, is nie alleenlik belaglik nie, maar ook vergesog! Baie van die 3000 siele wat op Pinksterdag gedoop was in die Naam van Jesus Christus, was vantevore deur Johannes gedoop.

Derhalwe die aanspreekvorm : "Manne, Broeders..." Dit was algemeen om almal wat na daardie historiese dag by die Apostels aangesluit het, in die Naam van Jesus oor te doop (Hand. 19). Servetus

[1] Arie Blomerus (1910-1997) – bygevoeg by tweede druk

was ook veroordeel omdat hy die doop van gelowiges op die ouderdom van 30 jaar voorgestaan het. Hy was derhalwe ook as “Wederdoper” gebrandmerk en hy was een van die prominente leiers van die Anabaptiste (die "juweel" sogenaamd) wat soveel vervolging en lyding onder die Protestantisme moes verduur het.

Die geskiedenis van Servetus staan dan uit as teken vir elke volgeling van Jesus om deur volharding "ons siele in besit te neem" en om die liefde en verdraagsaamheid van God ten alle koste uit te dra ook Skrifwaarheid nooit in ruil vir status en aansien prys te gee nie. Dit vereis ‘n groot gees - ja, inderwaarheid wedergeboorte - om iemand wat jou oortuigings verwerp, volgehoue lief te kan hê en te kan verdra. Van die twee karakters was Servetus duidelik die groter gees. Verder behoort ware volgelinge van Jesus altyd in gedagte te hou dat Jesus self gesê het: (Joh. 1.18) : "Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar." Die groot vraag is: Het Jesus Sy Vader wie Hy “God” noem, soos die Niceense Geloofsbelydenis verklaar? Het Jesus 'n filosofiese diskussie oor die bestaan van God op tou gesit? Was dit nie juis dit wat Sy Liggaam totaal en al versnipper en verdeel het nie? Daarom behoort ons God en Sy Seun, ook Sy Gees, net deur die heilige Skrifte te aanskou.

Uiterste verwarringe het na die Raad van Nicaéa in 325 n.C. gevolg. Die pyn en die smart, ook die vervolgings en verdrukkings, twiste en haat, kerkverskeuring en selfs martelings, kan nooit na ware beskryf word nie, en natuurlik skending van menseregte, net omrede een standpunt as absolute waarheid verkondig en uitgedra was. Daar word maklik gesê dat Godheidverklarings “nie meer nodig is nie”, dat dit “verwarring” saai en mense net “onnodig verwar”. Tog word “God Drieënig” of “God-in-drie-Persone” as enigste waarheid aan almal voorgehou asof geen ander perspektief, in eg Roomse gees, mag geld nie en net omdat die massas hierdie belydenis as waarheid aanhang. Dieselfde het met die Ariane gebeur ondanks hulle baie groot getalle. “Die Biskop van alle Biskoppe het gepraat”, het Tertullianus gesê en dit is dan geen wonder dat die Triniteit onverdraagsaamheid in die Liggaam van Jesus ingewerk het nie want dit was natuurlik met groot gesag as enigste waarheid afgedwing (v. CarringtonII oor Tertullianus). ‘n “Misleidingsetiket” word baie gou aan almal gegee wat nie die Triniteit wil onderskryf nie. Eenheid word in die Liggaam van Jesus bepleit maar altyd geskoei op Roomse lees.

Is die profetiese woord dan nie inderdaad in die kol nie? Open.l3.3: "En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aangegaan." (Vers 8-9) "En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie.” Daarom : “As iemand 'n oor het, laat hom hoor."

.

———————————

# HOOFSTUK TWEE

# CALVYN SE
# INVLOED
# IN GENÉVE

## DIE DRIEëENHEID

## EN

## ANABAPTISTE-VERVOLGINGS

Om oor Calvyn te skryf, van 'n nuwe tydvak te kom. Beza skryf oor sy beroemde *Institusie van die Christelike Godsdiens*: "Met uitsondering van die Apostoliese Geskrifte het geen leeftyd na Christus hierdie boeke se gelyke voorgebring nie." 'n Mens raak baie gou bewus van Beza se oordrewe respek vir Calvyn, so asof hy alles in sy vermoë wou doen om hom te behaag en nooit sou waag om ook sy eie mening uit te spreek nie. En dit is te verstane, veral as ons Calvyn se outoritêre persoonlikheid in ag neem. Daar word vertel dat hierdie tenger prediker van die Hervorming, met 'n bulderende stem oor sy gemeentes kon troon. Calvyn het hom veral onderskei deur sy Predestinasieleer.

Hiervolgens het God natuurlik sommige siele bestem vir verlossing en ander vir die verdoemenis. Beide dekrete was as “onveranderd” beskou. Vir die uitverkorenes was doeltreffende (afdoende) genade ‘n seker saak en ook die gawe van volharding. Die Westminister Belydenis” word as die mees komplete verklaring van die Calvinisme beskou. In Engeland was dit die inspirasie van die Purityne en veelvuldige groepe wat uit hulle ontspring het. Ook Amerika se Purityne spruit voort uit die Engelse beweging. Sy volgelinge beskou sy belydenisse as een van “courageous consistency”. Dit het ook die Franse Hugenote geïnspireer (EE 2 : 767).

Dat Calvinisme raakpunte met die Roomse doktrine het, lei geen twyfel nie. En dat die Reformiste teen die Heilige Gees-gawes is – Calvyn was duidelik daarteen – spreek uit hulle kerklike beleid en geskiedenis. Dit is maar eers onlangs in Suid-Afrika, en met die koms van die Charismatiese beweging, dat daar ‘n oop benadering tot die “Gawes” bespeur word en moontlik omdat daar ‘n groter aanvaarding vir die “grootdoop” as “bekeringsdoop” geskep is. (Boek 3 verwys). Maar daar is nog glad nie ‘n algehele aanvaarding van die beoefening van die Heilige Gees-gawes soos wat dit in vroeë Pentekostalisme voorgekom het nie. Dit kom duidelik na vore dat dit wat nog in die Pinkster- en Charismatiese bewegings as “die gawes van die Heilige Gees” bekend staan, nie is wat dit voorgee om te wees nie en die Toronto Blessing-manifestasie was erg gekritiseer deur Reformiste-leraars en met baie goeie rede (v. Boek 1 vir ‘n bondige bespreking oor hierdie en aanverwante sake).

Ofskoon Calvyn in sy leeftyd soos Augustinus, vir wie hy 'n hoë agting - wat grens aan aanbidding - gehad het, ook vir Chrysostom (345-407 n.C.), vele geskrifte die lig laat sien het, kry mens tog maar gou die indruk dat hy dit nooit sou kon doen sonder die toewyding van sy sekretarisse aan wie hy so meedoënloos gedikteer het nie. Dieselfde toewyding kom na vore in die lewe van Hippolitus en Origenes en daar is ‘n duidelike monastiese gees en fanatisisme te bespeur in hierdie tipe gedrag. As ons die geskiedenis van Chrysostom onder die loep neem, kan ons begryp waarom Calvyn hom as rolmodel beskou het. Hierdie Roomse teoloog het hom vir tien jaar in ‘n woestyn afgesonder nadat sy moeder hom tot die doop oorgehaal het. Gedurende hierdie tydperk het hy teologie studeer en sy hoë eise het natuurlik sy gesondheid benadeel. (Vir ‘n bespreking van woestynafsondering verwys Boek 1 en Boek 2) . Chrysostom het die Ariane bitter vervolg en vele verdrinkings het na bewering plaasgevind met sy goedkeuring - was hy moontlik die groot inspirasie vir Calvyn se hardvogtige optrede?

Dan was daar natuurlik Viret en Farel, Calvyn se getroue kollegas wie self in die teologie onderlê was en wat sekerlik sy klerikale pligte baie makliker gemaak het. Beza wat duidelik 'n amper onrealistiese beeld van Calvyn in sy beskrywing van hierdie vrome Godsman aan die wêreld voorhou, erken dat hy Calvyn vir ongeveer sestien jaar in Genéve bygestaan het. As ons 'n persoonlikheidsprofiel van Beza probeer opstel, kry 'n mens maklik die indruk dat hy totaal-en-al in Calvyn opgegaan het en dus beswaarlik sy eie persoonlikheid kon laat ontplooi het. Beza het Calvyn slaafs bygestaan met sy eindelose briewe, geskrifte en talle weerleggings van, soos Calvyn dit sou stel, dwaalleraars, skeurders en oproermakers. Wat mens onmiddellik opval, is dat Calvyn inderdaad geen teenstand kon verdra het van enigiemand wat waagmoed aan die dag wou lê om 'n standpunt van hom aan te vat nie.

Dit kom dus duidelik na vore dat hierdie Kerkhervormer 'n uiters onverdraagsame en rigiede persoonlikheid was. In Beza se eie woorde kon hy inderdaad spitsvondigheid nie verdra het nie. Is dit nie moontlik die rede waarom hy na die "giggelende" Servet verwys nie? Ook het Calvyn self erken dat hy 'n opvlieëende man was. Dat hy in die algemeen sondes kon bely, blyk duidelik. Of hy egter die Bybelse belydenis van persoonlike vergiffenis en restitusie, persoon tot persoon (Jak. 5.16), kon handhaaf, kom nie duidelik na vore nie. Natuurlik het sy magsoorheersing in Genéve hierdie eienskappe in hierdie Reformis versterk. Nadat hy en Farel aanvanklik in 1538 uit Genéve verban is, moontlik as gevolg van Calvyn se uitermatige gestrenge wette wat hy op die burgers van Genéve opgelê het, het hy weer na Genéve teruggekeer. Hier het hy hom onverpoosd met die Hervormingsboodskap besig gehou. Beza: ICG : i : "Die Hervorming moes weer orde in die chaos skep, moes siftend-krities die korrels van die kaf skei... terug na die Bybel en die God van die Bybel" was die motto.

Wat die leser van Beza se lewensbeskrywing van Calvyn verder tref, is dat sy teëparty altyd in uiters emosionele en aggressiewe taal beskryf word: Servetus is 'n “gedrog”. Enigeen wat dit durf waag het om die Heerser van Genéve, wat ongetwyfeld ook die Senaat onder sy duim gehad het, teë te gaan, was as 'n "ongelukkige vent", of moontlik 'n "uitgehongerde hond" of 'n "opstoker" om maar net 'n paar beskrywings te noem, beskryf. Natuurlik was dit daardie mense wat die moed van hulle oortuiging gehad het om binne, of selfs buite die magsgebied van Calvyn, maar veral daarbinne, hulle stemme te verhef en 'n mening oor die Godheid of die Bybel in die algemeen te lug. Calvyn se beskrywing van sy teëstanders dui ongetwyfeld op emosionele onrypheid en ook op ‘n onvermoë om te verdra.

Dit kan natuurlik ook op intellektuele stompsinnigheid dui want hy moes sy opponente uitskel juis omdat hy net nie soos Disederius Erasmus, die groot Renaissance filosoof en kerklike persoonlikheid, met kwinkslae sy opposisie op hulle neuse kon laat kyk het nie! Om nie eens van sy verwysing na "Geesdrywers" te praat nie. Hier behoort ons egter 'n toegewing te maak, want Calvyn moes bekend gewees het met die Katolieke Kerk se duiweluitdrywing of eksorsisme wat sekerlik nie met die Bybel of Nuwe Testamentiese geloof ooreengstem het nie, maar om elke Anabaptis of Geesvervulde 'n Geesdrywer te noem, klink baie na veralgemening en die handhawing van ‘n eensydige siening. Immers was dit die Katolieke Kerk wat die werkinge van die Heilige Gees-gawes uitgeblus het en immers

sou God saam met die lig wat met die Renaissance deurgebreek het, ook hierdie Skrifwaarheid herstel het!

Dit is dan inderdaad Calvyn se sterk uitsprake teen die sogenaamde “Geesdrywers” wat groot leed aan nie alleen hedendaagse Pinkstergesindes dwarsoor die wêreld veroorsaak het nie, maar ook aan Christene wat in die verlede na diepere waarheid gesmag het. 'n Mens kan net wonder wat Calvyn van die belewenisgodsdiens wat deesdae in Protestantse kringe plaasvind, sou gesê het! En dan behoort ons ook die alvermoë van Jesus raak te sien wat nooit, net maar nooit, 'n aannemer van die persoon is wanneer dit by die herstel van die evangelie, waarvoor Hy Sy lewe afgelê het, kom nie. God het nou eenmaal maar net die unieke vermoë om die mens wat Hom teëstaan of pogings aanwend om Sy doel te verydel, te systap en Hy doen dit op sy tyd en volgens Sy eie plan!

Hoewel Calvyn beskryf word as 'n beskeie man, kom 'n mens baie gou tot die gevolgtrekking dat hy inderdaad 'n man van staal en onbuigsame hardvogtigheid was. Hy erken sy "opvlieëndheid wat soms onbeheersd was" in sy testament wat ons maklik aan Paulus se afskeidsrede by die Raad van Èfese herinner (Hand 20 - v. Calvyn ICG : 71 verwys Bibl). Ook dat almal van die Senaatslede en die vier direkteure (dit is die vier stede Neuchatel, Bern, Basel en Zurich) hom “altyd in kalmte verdra het”. Hieruit kan ons die outorêre gesag wat hy afgedwing het, sien en aflei dat hy teëstand nie sou verdra het nie. Dit kom voor asof hy oor die algemeen sy gesag op 'n “stil manier” (passief-aggressief ?) laat geld het, maar so deurtastend was sy invloed, dat hy sy sin duidelik in alles gekry het. Beza (Calvyn ICG :76) beweer dat hy van nature temperamenteel en opvlieënd" was. Hierdie getroue sekretaris van hom skryf egter dat die gees van die Here hom geleer (het) om sy toorn so te beheers dat nooit 'n woord van hom gehoor is wat 'n vroom mens onwaardig is nie." Beza weerspreek hom dan tog maar as hy erken [Calvyn ICG : 77] : "....om nou nie te ver hiermee te gaan nie: hy is nooit ligtelik daartoe beweeg nie behalwe wanneer dit oor die godsdiens gegaan het of wanneer hy met weerspannige mense te doen gehad het."

Dit laat ons gou besef dat hy eintlik maar net beheers was as almal met hom saamgestem het of nie die moed gehad het om hom te opponeer nie. Hy was immers vader van die Reformiste wat 'n wakende oog oor sy kroos moes hou en sy outoritêre gesag ten alle koste moes handhaaf! Sy selfbeeld was dus besonder goed want daar was vele ander Reformiste wat tog sekerlik ook 'n baie groot bydrae tot die Hervorming gelewer het.

Sy invloed het wyd en syd gestrek en as opvolger van Luther, sou sy stem des te meer binne Genéve gegeld het. Calvyn het deeglik van sy teëstanders ontslae geraak. Die wat nie soos Servetus in Genéve op die brandstapel gesterf het nie, was deur bemiddeling van korrespondensie met mede-Reformiste, vervolg en onthoof; die bannelinge wat ‘n besoek aan Genéve ontsê was, se wapens was van hulle afgeneem insluitende hulle swaarde, en so was hulle veiligheid natuurlik verder bedreig.

Die Protestante neem graag aan, en wil dit baie graag glo, dat Calvyn 'n baie godvrugtige, vrome man was wat streng volgens Bybelse voorskrif gelewe het. Dit is so asof die Middeleeuse respek vir die priesterkaste outomaties op hom in Genéve oorgegaan het want gou vind ons egter, en tot ons groot teleurstelling, dat daar 'n baie eensydige verhaal van Calvyn vertel word. So asof sy profiel by die nuwe beweging moes inpas. Dit sou inderdaad baie goed gewees het om die “honde wat so geblaf” het, naamlik sy teëstanders, veral die Anabaptiste wat hy nie kon verdra het nie en self wreed vervolg en om die lewe laat bring het, se verhaal te kon hoor. Ook behoort ons te besef dat as Servetus nie so 'n bekende figuur in Europa was nie, sou hy heel moontlik een van Calvyn se stil matertelare gewees het! Ons behoort verder ook te kan besef dat as dit nie vir Servetus se marteldood was nie, sou Calvyn dalk nog groter aftrek gekry het.

Calvyn het hom veral daarop toegelê om elke nuwe persepsie in die kiem te smoor met 'n venynige aanslag op sy teëstander. Sy weerlegging van dwaallerstellings voer jou gedagtes baie gou terug na veral die vroeëe twintigste eeu toe die Calvinistiese leraars met dieselfde vroomheid en hoogdrawendheid die "Wederdopers" se durf en waagmoeg met skeldtaal probeer breek het. (Ek dink as

ons ons bereid verklaar om die foute wat ons gemaak het te erken, sal God ons vergewe en Hy sal ons weer tegemoet kom en Sy seëninge oor ons uitstort.)

Geloofsvervolging is sekerlik die afskuwelikste daad waaraan enige mens hom ooit aan skuldig kan maak juis omdat dit, net soos in die geval van etniese vervolging, van onmenslikheid, selfs barbarisme, spreek. Ware kinders van God mag hulle nooit daaraan skuldig maak nie juis omdat hulle, soos Jesus, altyd sagmoedig (edel) teenoor almal behoort te wees. Daar was baie Kerkleiers wat in Calvyn se tyd hulle nie aan vervolging skuldig gemaak het nie. Ons kan van mekaar verskil en ons kan ons menings eerlik teenoor mekaar uitspreek, maar ons behoort ook ruimte te laat vir 'n persoonlike mening. Geen wonder dat Theodosius al in sy tyd geloofsvervolgings afgekeur het nie.

Calvyn het 'n verbete stryd teen die antitrinitariërs gevoer en ook vas geglo dat hy deur God aangewys was om die evanglie uit te dra. Dat Servetus in dieselfde gees sy boodskap kon uitdra, het hierdie belangrike Reformis, soos dit voorkom, heeltemal uit die oog verloor. Servetus was immers een van die leiers van 'n sterkgroeiende beweging wat 'n magtige invloed op Europa uitgeoefen het ondanks hulle bittere lyding en vervolgings. Beza beweer dat Servetus selfvertroue uitgestraal het en natuurlik sou Calvyn, in eg Puritynse gees, sulke "vrypostigheid" aanmatigend gevind het. Calvyn se rigiditeit en gebrek aan 'n diep geestelike ervaring met Jesus, kom baie sterk na vore in sy verhouding met sy teëstanders. Het Jesus dan nie gesê dat ons ons vyande moet seën en hulle nie vervloek nie en sodat ons geregtigheid dié van die Fariseërs s'n kan oortref? En dit is nie net die voorval met Servetus wat Calvyn in 'n swak lig plaas nie.

Calvyn se invloed was allesoorheersend in Genéve, veral nadat die "oproermakers" verdryf was. Hy en sy kollegas, die kerkraad, die Senaat en die diakonie (Calvyn ICG : 44) was nou vervleg. As Calvyn die Senaat versoek om rustig voor die volk sy standpunt te stel, word dit dadelik toegestaan. Dan het hy veral die "oproeriges" vroom en “opreg” meegedeel waarom 'n wet nodig was. As iemand dit egter sou waag om sy predistinasieleer in die openbaar aan te vat, was so een summier uit die stad geboender, soos die armsalige monnik wat skaamteloos dit wou waag om so vrypostig te wees! Hy was met knuppels uit die stad verdryf!

Dat Calvyn sy magsposie goed gebruik en ook misbruik het, blyk uit die geskiedenis van Bertellier. Beza skryf (Calvyn ICG : 43) "...toe het Perrin - Bertellier het die Senaat om kwytskelding versoek nadat Calvyn se kerkraad hom geëekskommuniseer het - saam met sy trawante verwag dat 'n verdere gevolg daarvan sou wees dat hy Calvyn met oproer sou kon oorweldig indien hy nie die opdrag van die Senaat sou gehoorsaam nie..." Immers sou Perrin nie tot hierdie stap oorgegaan het of wou oorgaan indien dit nie Calvyn se gewoonte was om die Senaat se besluite te verbreek nie! Perrin het Bertellier daarna gewaarsku om nie by die nagsmaaltafel te gaan aansit nie. En dit was sekerlik die swaarste straf wat 'n opregmenende Christen opgelê kon word! En natuurlik nie sonder goeie rede nie!

Calvyn se vervolgings was dan wreed en sonder die sagmoedigheid wat in sy testament van hom as Reformis uitgebeeld word. Sy Predistansieleer was sy troetelkind en enigeen wat dit sou waag om dit aan te tas, was summier uit Genéve verban (Bolsec v. Calvyn : 38) Om lastering aan iemand toe te dig, was die algemene uitspraak van Calvyn. Natuurlik het sy vyande hom verafsku. Hy was daarvan beskuldig dat hy 'n Stoïsynse gees openbaar, wat natuurlik duidelik blyk, inaggenome sy skrikbewind wat hy gevoer het in hierdie skone stad. Calvyn het ook makliker met groepe wat steeds by die Roomse Kerk betrokke gebly het, geskakel as met die Anabaptiste, hoewel hy sommiges bekeer het en van hulle "dwaasheid" laat afsien het. Dit kom duidelik na vore dat die Anabaptiste 'n algemene term is, want Paul Volz word deur Calvyn bekeer. Hy was egter nie soos dit voorkom, 'n "wederdoper" nie maar 'n spiritualis! Indien hy wel die grootdoop ondergaan het, kan sy sienswyse en oortuiging beslis nie na die breë Anabaptistebeweging deurgetrek word nie. Sekerlik moes Calvyn self baie hard gewerk het aan die ideaal van 'n Reformasiekerk met 'n eenvormige beleid, sienswyse, kerklike tug, ensovoorts. Sekerlik was die "oproerigheid: wat daar in Genéve en die res van Switserland ontstaan het, die gevolg van Calvyn se

wette (ook sy Blouwette sogenaamd) en kerklike tug wat almal, ná die ysterhand van die Roomse Pousdom, nie summier wou omhels nie! [v. Boek 7 Nota II.2(3)].

As ons maar net sou dink met watter ysterhand het die Calvinisme in Suid-Afrika regeer aan die begin van die twintigste eeu en toe die Pinksterlig posgevat het, sal ons kan besef dat dit ook geen grap in Genéve moes gewees het waar die Heerser outokraties sy wil in elke faset van die samelewing laat geld het nie! In beide gevalle was dit 'n Rome in die kleine. Baie Protestante het natuurlik uit hulle eie geskiedenis geleer om meer verdraagsaam te wees en ons kan reeds tekens daarvan sien deurbreek. Ons behoort die Here dankbaar daarvoor te wees. Tog kan ons nie die geskiedenis vergeet nie, want dit motiveer ons om Jesus en nie ons ikone nie, te aanbid. Ook om getrou aan Skrifwaarheid te staan.

Ons moet ook nie uit die oog verloor nie dat, al sou feite ook hoe verdoesel word, daar wel 'n noue eenheid tussen die Senaat en Calvyn se Kerk in Genéve bestaan het. Die direkteure wat die hoogste amp in die Republiek van Switserland beklee het, was op uiterste goeie voet met die groot Reformis wie sy mag wyd en syd laat geld het en veral in Protestantse kringe. Calvyn se heerskappy was allermins demokraties. Net om ons 'n voorbeeld te gee van die invloed en gesag wat hy sonder twyfel gehad het, verwys ons na die voorval in Bern waar 'n groepie van die "naburige herders" dit gewaag het om by "so 'n groot man” (Calvyn) te kla. Hulle het hulle eie siening oor die Bybel gehad en kon natuurlik nie waag om dit in vryheid te lug nie. Reg of verkeerd, dit was nie hulle duidelik nie beskore om in gesprek met “so ‘n groot man” te gaan nie.

Ons moet onthou dat enige kritiek op Calvyn se verklaring van die heilige Skrifte en enige alternatiewe sienswyse, as lastering en dwaalleer beskou was. Tog het Calvyn "toestemming" van die Senaat verkry om na Bern te gaan om die saak aan te hoor. Feit is "hy is tog uiteindelik deur hulle kwaadstokery daartoe gedwing" om na Bern te gaan (Calvyn ICG : 51). En wat was die gevolge? "Die saak is daar “in behandeling” geneem en Sebastian Castellio is as gevolg van die skandvlek tot ballingskap gevonnis. Bolsec is gelas om die gebied te verlaat". God se Kerk was baie duidelik Calvyn se Kerk! en Calvyn moes soos die Pous van Rome sorgdra dat sy geloof "suiwer" bly!

Dit is eienaardig dat selfs die man wat gehelp het om Calvyn weer terug te kry in Genéve, Zebedéüs, 'n geleerde wat ook in Genéve doseer het, later sy vyand geword het. Dit sal dan naïef wees as ons wil aanvaar dat Calvyn altyd die onskuldige was. So 'n siening sal net by sy Sekretaris pas. Dit is ook opvallend dat Calvyn nooit self in persoonlike belydenis van die "oproeriges" deelneem nie. Hy vervul altyd die rol van biegpriester. Ons moet onthou dat die sluier van verdoemenis swaar in die lug gehang het en dit het inderdaad 'n buitengewoon sterk persoonlikheid, soos byvoorbeeld Servetus vereis, om nie, selfs in die aangesig van die dood, en nie eens die vuurdood, sy persoonlike oortuigings prys te gee nie! Die meeste Christene het maar bely wanneer die dood nader gestaan het en dit kom voor dat ‘n opregte persoon soos wat Castellio blykbaar was, Calvyn inderdaad sou laat roep het om “reg te maak” alvorens hy sy asem uitblaas. Belydenis bly immers altyd 'n manmoedige, eerbare daad! Die Roomse Kerk het dit immers so ingeprent dat die laaste oliesel aan die sterweling gegee moes word! Dus is dit nou nie te sê dat Calvyn benadeel was nie maar hierdie indruk word maklik geskep.

Net om daarop te wys dat die Anabaptiste beslis nie die uitvaagsels was wat Calvyn en sy gevolg daarvan wou maaak nie (Calvyn ICG : 50) : "Tuis het die asse van Servet weer begin vlam vat. 'n Bekende regsgeleerde, Matthèüs Gribaldi, is betrap dat hy Servet se laster steun (Laat dit ons nie dink nie? Die ysterhand was selfs erger as wat die geval was met die eerste vervolging van die Christene onder die wrede Romeinse Keisers). Hy was die eienaar van Farges, 'n dorpie in die omgewing van Genéve. Toe hy in hierdie belangrike en natuurlik veelbesproke stad aankom, is hy deur sekere Italianers onder wie hy in Padua gedoseer het, na Calvyn toe gebring.

Toe Calvyn daarop geweier het om hom die regterhand te gee, tensy hulle eers ooreenstemming bereik oor die eerste artikel van die geloofsbelydenis (dit is oor die heilige Drieëenheid en die Godheid van Christus) het hy daarop aan Gribaldi geen geleentheid vir vermaning of redenasie gelaat nie! Calvyn

het toe alreeds vir hom voorspel dat 'n swaar oordeel van God (!) oor sy hardnekkige goddeloosheid hang, en dit het hy self ook later ervaar". Die "pes" het hom oorval en hy het sy verdiende dood tegemoet gegaan! 'n Mens kry amper die indruk dat 'n sterfte as gevolg van siekte net vir die dwaalleraars bedoel was! Dat Calvyn eintlik 'n vloek op die arme man geplaas het, ly geen twyfel nie. Calvyn self was kort na Servetus se dood een Sondagoggend so hewig deur die koors oorval dat hy gedwing was om die kansel te verlaat.

Hyself het aan veelvuldige krankhede gely gedurende die laaste tien jaar van sy bestaan. Volgens EE. 2 : 768 die volgende oor hom : “His incessant and exhausting labours told on so fragile a constitution racked by fever, asthma, gout and stone. In 1564 his sufferings became so aggravated, that it was evident his life was rapidly drawing to a close. On 6 February of that year he preached his last sermon, having with difficulty found breath enough to complete it. He expired in the arms of his faithful friend Beza on the evening of 27 May, in the 55th year of his age.” Wat opvallend is, is dat sy krankhede die gevolg is van harde werk, terwyl sy teëstanders s’n die gevolg is van hulle slegte dade!

Dit is nodig dat ons Calvyn se houding teenoor Gribaldi van nader beskou. Wat ironies is, is dat hy soos die Katolieke Kekvaders die bestaan van God en Sy Wese in detail beskryf, dit is nou die Drieëenheid wat volgens hom van ewigheid af bestaan, maar wanneer hy met die bestaan van satan te doene kry, skree hy (Calvyn ICG : 276): "En van watter belang is dit tog vir ons om meer van die duiwel te wete te kom of met 'n ander doel?" En weer: "Maar omdat dit niks met ons te doen het nie, is dit beter om dit nie geheel en al te verswyg nie, maar ten minste oppervlakkig aan te roer, want dit is die Heilige Gees nie waardig om die nuuskierigheid van die mens sonder vrug met ydel geskiedenisse te voed nie.

Ons sien ook dat dit die Here se doel was om niks in sy heilige Godsprake oor te dra wat ons nie tot ons stigting kon leer nie. Laat ons ons dus nie met oorbodige stof ophou nie maar laat ons tevrede wees met hierdie bondige uiteensitting in verband met die aard van die duiwels, naamlik dat hulle aan die begin van die skepping engele van God was maar dat hulle ontaard het...". Satan bly dus in die ware sin van die woord onaantasbaar terwyl, ironies, die Heilige Almagtige God en sy Seun deur die Drieëenheidsverklaring so ontleed word dat enigeen wat dit wou waag om 'n ander siening daaroor te hê, summier as 'n “ketter” of 'n "vuil hond" afgekraak sou word en dit was van Servet[us] gesê selfs na sy verskriklike vuurdood! Kyk net hoe redeneer Calvyn (ICG : 290) : "Ek erken wel dat die heerlikheid van die volle Godheid in die Persoon van die Middelaar skitter, maar hoe sal die ewige Woord 'n beeld van die Gees genoem kan word as die Woord in rangorde aan die Gees voorafgaan.....” - met ander woorde (1) Vader (2) Seun (3) Gees is almal gelyk. Verder word die onderskeid tussen die Seun en Gees tot niet gemaak as die Gees Christus sy beeld sou noem". Terwyl Jesus self sê dat God, Sy Vader, Gees is (Joh 4.24) met ander woorde, nie 'n aparte Persoon nie, selfs nie eens 'n gedagte van aparte selfstandigheid nie!

Calvyn erken ook dat gees onsienlik is, maar God se Wese is Gees en daarom is Hy inderdaad onsienlik al het God al die selfstandige eienskappe wat die geskape mens as Sy hoogste skepping het, maar veel meer. Jesus self was met die Heilige Gees gesalf. Hy, die Woord, was onderworpe aan die salwing van die Gees (Hand. 10.38). Jesus het selfs die Heilige Gees van die Vader ontvang. Waarom nie direk van die Heilige Gees self nie? Let ook daarop dat Calvyn die Wesenseenheid van God beklemtoon, maar tog sê hy hier uitdruklik: "Verder word die onderskeid tussen die Seun en Gees tot niet gemaak..."

Met ander woorde daar is wel 'n wesenlike onderskeid tussen die sogenaamde drie Persone! (Hand 2.33): "Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort". Die Woord, met ander woorde, het die Heilige Gees ontvang - want Johannes verklaar die Woord onder ons kom woon het en dat Hy in die begin by God was en dat die Woord self die Lig wat deur God voorgebring was (Gen.1.3; 2 Kor. 4.6).

Let daarop dat die Vader nooit met die Heilige Gees gesalf was nie. Ook het Hy nie die Heilige Gees ontvang nie. Hierdie "ontvangs", met ander woorde, beteken nie dat hy met talespraak toegerus

was soos wat dit in die Oppersaal algemeen gebeur het nie; dit beteken dat Hy, Jesus, die mag ontvang het, na Sy opstanding, om die Vader se Gees uit te stort oor die mensekinders soos wat die profeet Joël dit vir ons profeteer. Ook het Hy die volle salwing van God se Gees ontvang (Hand. 10.38). Dit is die mensekinders wat talespraak op Pinksterdag ontvang het (Hand. 2).

Paulus praat ook van die Gees van Jesus wat die Vader aan ons gegee het. Verder moet ons ook die Judaïstiese siening, dat die *Shekhinah* heerlikheid toegesak het waar die Verbondsengel opgetree het, in gedagte hou (Cohen verwys Bibl). Met ander woorde, Jesus Christus is die volle uitdrukking van die Enige Ware God en waar Hy optree, daar manifesteer die Heilige Gees in en deur Hom as enigste middelaar tussen God en mens (1 Tim. 2.5; Kol. 1.15).

As ons die heilige Skrifte glo en ophou om die Hoë God te probeer analiseer, en aan Hom dieselfde eer toebring wat Calvyn indirek aan satan gee, naamlik dat ons as mens nie al die wysheid en kennis in pag het nie en dat ons maar net ten dele kan verklaar, sal ons volstaan by Jesus se verklaring dat God onsienlik is en dat Hy Gees is en dat Christus dus inderdaad die Beeld van daardie onsienlike God is. (Ef 4.20-25): "Maar julle het Christus nie so leer ken nie, as julle ten minste van Hom gehoor het en in Hom onderrig is soos die waarheid is in Jesus; dat julle, wat die vorige lewenswandel betref, die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is, in ware geregtigheid en heiligheid. Daarom, lê die leuen af - satan se beeld is die leuen - en spreek die waarheid. Om hierdie rede word die Heilige Gees dan ook die “Gees van Waarheid” genoem, en dit is ook ‘n weerspieëling van God (Joh.14.17).

Die geredetwis oor die Godheid en die ontleding van die bestaan van God, spruit uit die filosofie voort. Wat ons as mens moet begryp, is dat ons nie dieselfde skepping as die engele deel nie. Dan sal ons Christus ook in sy grootheid sien en nie aannames maak en dit 'n filosofiese inkleding gee wat ons al verder van die waarheid wegdryf nie. Calvyn (ICG -295) sê dat die siel net soos die engele geskape is. *Gen. 2.7:* "En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword."

Die Nuwe Vertaling verwys na "lewende wese" (v. 8(45). Of Calvyn Servetus op hierdie punt reg begryp het, sou alleenlik opgeklaar gewees het as daar 'n verbatim verslag oor hulle debatvoering bestaan het. Servetus sou die aanname gemaak het dat God die asem van die lewe in die gesig van die mens geblaas het - moontlik sou Servetus eerder gesê het neus - maar of hy daarmee bedoel het dat sy verklaring vergelyk het met die Manikeërs dat die siel 'n spruit (*branch*) van die Wese van God is, is nie duidelik nie.

Dit mag ook wees dat Calvyn Servetus verkeerd verstaan het. Heel moontlik, want uit die aard van sy uiterste bewondering vir Augustinus (‘n eertydse Manikeër) was hy moontlik behep met hierdie kultiese religie en sou hy moontlik baie maklik alle “dwalinge” daaraan gemeet het, reg of verkeerd. Calvyn erken immers dat dit na die Manikeërdwaling lyk (Calvyn ICG :295). Die Manikeërs het die gnostiese idee bely, naamlik dat daar 'n vonkie lig in elke geskape wese op aarde bestaan. [v. Boek 7 Nota II.2(1)]. Ek voel self nie baie gelukkig met Calvyn se verklaring “dat die siel soos die engele geskape is nie”, want dan word die siel ‘n entiteit met ‘n eie persoonlikheid (v. 8(65) oor De Burgh se parallel tussen gees en siel). Om terug te keer tot die bannelinge van Genéve en natuurlik ook die res van Europa in die Reformasietydperk: Ons behoort te verstaan dat 'n banneling 'n verjaagde was, en as sulks, met die Roomse Kerk aan die eenkant en die streng Calvinisme en Protestantisme aan die anderkant, kon hierdie ongelukkige mense beswaarlik 'n kwaliteit lewe lei. Sommiges het gevlug na Danzig en Pole en Transilvanië.

Calvyn het natuurlik ook sy korrespondensie dan daarheen gestuur met die oog op uitroeiing van die dwaalleraars. Calvyn was dus 'n aktivis in die ware sin van die woord want hy het gerieflik sy magsgebied uitgebrei en het dit meedoënloos, sonder enige gewetenswroeging wat op genade dui,

gedoen! Dit kom ook voor asof hy egosentries en selfgeldend was en homself implisiet tot die status van Reformis Pous verhef het. Ons moet verder onthou dat Calvyn steeds net die Roomse kerk saamgewerk het oor die uitlewering van "dwaalleraars". Ook was dit Luther, nie Calvyn nie, wat die Pous as Antichris verklaar het!

Na Servetus se dood, was daar steeds diegene wat die "driegodheid' bevraagteken het. Dit was net so goed as om jou eie doodvonnis te onderteken want Calvyn het streng in die spore van Rooms-Katolisisme gevolg met Augustinus as beminde Kerkvader en heel duidelik ook Chrysostom wat weer in die Oosterse Kerk vereer was. Dit kom voor asof Calvyn van Augustinus die uitverkiesingsleer, altans geskool op sy persepsies, ontvang het. Net soos wat Augustinus ook 'n “besige by” was, was Calvyn dit genoem! Geen wonder dan ook dat Calvyn ingestel was op dwalinge van die Manikeërs nie. Tog het hy nie die dwaalleerstellings van Augustinus bevraagteken nie, tipiese optrede wanneer, veral 'n onbuigsame persoon, iemand slaafs navolg en aanbid. Dit kom duidelik na vore dat Servetus, wat duidelik meer plooibaar en vindingryk van persoonlikheid was, geen model Kerkvader gehad het nie.

Valentinus Gentilis moes uit Italië vlug vanweë sy antitrinitariese opvattinge en hy kom sodoende in Genève aan. Hier word hy as antitrinitariër gevange geneem, sy berou oor sy vroeëre kettery en skriftelike belydenis van die ortodokse Triniteitsleer (29 Augustus 1568) is na toetsing deur 'n paneel van vyf regsgeleerdes (!) verwerp en hy is ter dood veroordeel maar ontsnap – hierdie vyf regsgeleerdes was natuulik kop-in-een-mus! Hy vertrek na Pole en gaan daarna na Oostenryk en weer terug na Switserland waar hy gevang en in Bern onthoof is (I-53)! Die Calviniste glo vas dat Calvyn nie aandadig aan Servetus se dood was nie maar as ons Gentilis se geskiedenis in ag neem, sien ons baie maklik ooreenkomste.

Net soos die Domikane die "Honde van God" in die Roomse Kerk was, kom dit voor dat Calvyn hierdie selfde houding van jagmaak op "dwaalleraars" - hulle wat van hom verskil het - gehad het. Waarom was hy gevange geneem en nie verban soos wat die wet van Switserland dit toegelaat het nie? Waarom het hy Servetus so lank in die gevangenis sonder verhoor aangehou? Dit kom soms voor asof Calvyn se voormalige monnike-bestaan blywend op hom ingewerk het!

Wat ook duidelik blyk uit Beza se noukeurige lewensbeskrywing van Johannes Calvyn, is dat Calvyn se probleme, hoe gering ookal, baie vergroot word. Toe Calvyn in 1534 met Frans I se inhegtenisname van agt martelare en na sy geskrif *Psychopannychia (*Calvyn ICG : 9) Parys inderhaas verlaat, skryf Beza dat hy die "grootste moeilikheid" beleef het toe een van sy slawe, op pad na Basel, dit is saam met Calvyn, hom beroof het. Maar die smartlike dood van Servetus, wie Calvyn moontlik as jong man aan die Kollege in Montaigu as dosent ontmoet het, word as 'n noodsaaklike handeling, so terloops, beskryf! Beza (Calvyn ICG : 3) haal tereg aan: "….daarop is Calvyn (as student) na die Kollege in Montaignu oorgeplaas, en daar het hy 'n geleerde Spanjaard as dosent gehad (!). Onder hom (Servetus) is sy begaafdheid, wat toe reeds baie skerpsinnig was, verder ontwikkel." Dit kom voor asof Beza meer vir geregtigheid was en hy maak hierdie erkenning dan ook ruiterlik, maar dit kom ook voor asof selfs hy as Calvyn se Sekretaris katvoet moes loop.

Dit is opvallend dat Beza wat altyd baie noukeurig is in sy weergawe van gebeurlikhede, die naam van die geleerde Spanjaard verswyg! Servetus het aanvanklik regte gestudeer. Hoewel hy en Calvyn amper ewe oud was, kom dit voor dat, waar Servetus aanvanklik regte studeer het en Calvyn eers later, Servetus die dosent kon wees. Die regskursus wat Calvyn daar bygewoon het, was (v. Calvyn ICG, Boek 7 Nota 19 : 3) "'n voorbereidende kursus in Latyn, want die kursusse in Teologie in die mediese rigting (Servetus was 'n knap medikus op 'n vroeë ouderdom) en die Regte is in Latyn aangebied.” Beza erken later dat Calvyn wel Servetus “jare gelede” geken het en hom maklik herken het toe die hom in Genéve by sy erediens daardie fatale Sondag opgemerk het. Kon Calvyn se intense haat/afguns in die lig van Servetus se akademiese senioriteit en pretasies teenoor hom, dalk om afguns gegaan het?

Van al Calvyn se teëstanders is dit opvallend dat hy Servetus, meer as al die ander, gehaat het. Beza (Calvyn ICG : 42) skryf: "Maar die satan het ook 'n verdere geleentheid vir oproer gegee. Want die

hy behaal het, inaggenome sy bittere haat en veragting - op grond waarvan, kan ons dan seker vra, kon hy Servetus nou eintlik so diep verag het? As dit dan net om die Triniteit gegaan het, kon hy dit mos in ‘n volwasse gees hanteer het veral as hy probeer het om hom van sy sonde te laat afsien het! Calvyn verwys ook na "Servet en sy broertjies" op so 'n snedige manier dat hy eintlik maar sy aandadigheid aan sy dood onweerlegbaar erken.

Die grootste gevolg en hartseer van hierdie skandedaad van Calvyn, is dat die Reformiste hulle tot vandag toe by Calvyn se "onskuld" skaar en weier om die verskriklike vergrype teen 'n volgeling van Jesus, hoe hy ookal van Calvyn verskil het, en op watter gronde ookal, te verdoem! Daar was selfs ‘n Redakteur (teoloog) van ‘n vrouetydskrif wat ook snedig na hom verwys het (sover ek kan onthou in die tagtiger/vroeë negentigerjare) en dit teen iemand wat nie 'n regverdige (onpartydige) verhoor gehad het nie en wie se laaste gesprekvoering met Calvyn nie tot ons beskikking is nie.

Servetus het Calvyn versoek: "Maak my asseblief eerder met die swaard dood." Die "heilige" Reformis het ook hierdie versoek geweier. Hoe sal Calvyn hom, in die dag van al die dae teenoor Jesus verantwoord? Dit is Hy wat dan Regter sal wees, daardie Jesus wat Calvyn verkondig het! Dan sal Calvyn voel wat dit is om in die regbank, soos Servetus, te staan maar hierdie keer sal dit nie om genade gaan nie, maar soos die Heilige Skrifte daarvan getuig, en dan sal daar uitspraak gelewer word (1 Kor. 4.5; Open. 20; Hand. 10.42).

Calvyn se onmenslike optrede, het ook die weg help baan vir haat en nydigheid teenoor hulle wat die Drieëenheid verwerp, hoewel baie ook getroue belydende Christene was wat net nie die Katolieke Drieëenheid kon aanvaar het nie! Baie het hulle lewe opgeoffer om vir die Liggaam van Jesus te bid en ook vir Sy Saak te stry. En baie was diep vervuld met God se Gees en God het kennelik deur hulle bediening gewerk en bewys dat Jesus lewe.

Dit kom net voor dat die geringste fout wat diesulkes begaan het, maklik uit verband geruk word en natuurlik met die doel om hulle te diskrediteer terwyl die Trinitariërs se uitsprake, soos dat die doop in die Naam van Jesus ’n dwaallering is, maklik oor die hoof gesien word. “Hy verkondig ‘n dwaalleer”, is ‘n cliché wat baie nie maklik sal vergeet nie.

Die verskil tussen Servetus en ander Anabapiste wat Calvyn teëgegaan het, lê hierin: Servetus was duidelik `n hoogs intelligente, geleerde medikus/teoloog. Boonop het hy vanuit 'n baie welaf huis gekom - Calvyn kom vanuit 'n huis van middelmatige rykdom volgens Beza (Calvyn ICG : 3). By dit alles was Servetus vanweë sy mediese prestasies, baie bekend in Europa. Ook was hy in staat om 'n lywige en weldeurdagte uiteensetting van sy geloofsidees te gee. Ons kan van sy mediese ontdekking oor die bloedsomloop en die noukeurige aantekeninge daaroor, aflei dat hy 'n baie sistematiese en logiese mens was - en moontlik was dit juis Servetus se ondergang. Vir die eerste keer in sy lewe was Calvyn gekonfronteer met…..sy eweknie of dalk sy intellektuele meerdere? Calvyn was duidelik die geskoolde denker, Servetus die gebore denker.

Die een was geskool in die Rooms-Katolieke tradisie van klassieke filosowe, -skrywers en Kerkvaders, die ander kundig in die Skrifte, wyddenkend, ook geskool in die Katolieke tradisie en teologie, maar vry van tradisionele bande en bedeeld met insig en individualisme. Die een wat strewe na mag en opvallende eersoekery by koninklikes en invloedrykes, die ander getrou aan sy eie oortuigings, gemaklik met homself en duidelik nie ingestel op invloedwerwing nie. Die heerser van Genève het sekerlik vir die eerste keer iemand teëgekom wat nie sy standpunte net summier wou aanvaar het nie en wat dapper genoeg was om hom te konfronteer. En dit was Servetus se doodvonnis! Hy was te spitsvondig vir die uiters rigiede Calvyn wat steeds vasgevang was in ‘n Roomse outoritêre denkstyl.

As ons sien hoe ywerig Calvyn aan sy eie Institusies gewerk het, verbaas dit ons dat hy nie in dieselfde gees inisiatief in sy medemens, en Christene wat ook weggebreek het van die Katolieke Kerk, kon verdra het nie. Dit is duidelik dat hy 'n stroom van haat ontketen het met sy uiters onverdraagsame

en meedoënlose optrede. Hierdie selfde gesindheid het hy, veral op die vroeë Calvinistiese predikante oorgedra. In die saak van Bertellier, berig Beza : (Calvyn ICG : 43) : "Calvyn het dit gevolglik in die naam van die kerkraad opreg en moedig teengestaan (Bertellier het geëis om op gesag van die Senaat vrygespreek te word van die verbod wat hom opgelê is by die nagmaalstafel) en aangedui dat die owerheid 'n beskermheer, en nie 'n vernietiger nie [!] van heilige wette moet wees (Wat van die Switserse Wet, naamlik dat 'n oortreder verban kon word?) Hy het geen aspek van die sake wat so 'n belangrike stryd van hom vereis het, verwaarloos nie." Die “heilige wette” het natuurlik Calvyn se eie wette ingesluit! Arius was ook die nagmaalstafel belet na die Raad van Nicaéa 325 n.C.

Oor Servetus se gruwelike marteldood skryf Beza (Calvyn ICG : 46) "Servet[us] is volgens die hoogste reg in Genève gestraf - nie as 'n skeurder nie, maar as 'n gedrog wat uit louter goddeloosheid en gruwelike laster saamgestel is." (Hoe rym dit met die Romeins-Hollandse reg?) Waarom het Calvyn Servet so heimlik in die nag na sy dood geneem, so asof sy doodvonnis nie algemeen aanvaar was nie? en daar is ‘n bewering dat Calvyn Servetus se dood namens die Protestante onderteken het en dat die Katolieke Kerk dit ook onderteken het en heel moontlik sy Katolieke neef). Servetus se leer het tot by Pole, Transilvanië en Hongarye deurgedring. Calvyn wou natuurlik sy eie saak bevorder het en tergende vrae oor die Drieëenheid was 'n speek in sy wiel. Beza skryf verder : "Servet(us) het klaarblyklik met 'n satansgees gepraat toe hy die verklaring uit Openbaringe voor in sy boek geskrywe het met dieselfde gewetenloosheid waarmee hy gewoonlik al sy ander boeke geskryf het. 'Daar is 'n groot geveg in die hemel gevoer en Migael en sy engele het met die draak baklei'." Hierdie stelling behoort vir enige intelligente mens op Servetus se spitsvondigheid en natuurlik ook sy humor te dui! Calvyn kon duidelik satire òf nie begryp nie òf hy kon dit nie waardeer nie.

Die feit dat Servetus na Migael verwys het wat nie alleenlik op hom (sy naam) gesinspeel het nie maar ook verwys het na die engel oor wie hy en Calvyn so baie geredeneer het, spreek van sy besondere intellek. Skrywers het seker maar altyd die reg vir hulleself toegeëien om vryheid van spraak te beoefen anders sou hulle nooit hulle hand op papier gesit het nie. En dit het Calvyn natuurlik ook gedoen, maar natuurlik met een verskil. Hy het dit wat reeds bekend was, verkondig terwyl Servetus met nuwe dinge vorendag gekom het. Iets waaroor ons wel Calvyn krediet behoort te gee, is sy afwysing van Luther se transubstansiasieleer maar dit het Servetus natuurlik self nie geglo nie.

Oor sy geloof en siening van Jesus, het Servetus en Calvyn hewige debatvoering in die tronk gehad. Calvyn het duidelik geglo dat die Verbondsengel nie Christus was nie (met ander woorde, Calvyn het die Rooms-Katolieke tradisie en nie die leer van die Apostels van Jesus gevolg nie), maar wel God. Daaroor het Servetus 'n laggie gekry en Calvyn kon sulke “vrypostigheid” natuurlik nie verdra nie! ('n Mens kan nou vra: wie het Calvyn absolute mag gegee om vrye denke aan bande te lê en Servetus se insigte as vrypostig te etiketteer? Hy het dan self vrye denke beoefen en sy eie Kerk gestig!

Gee dit ons nie 'n beeld van die waansin waarin Calvyn geleef het deur om homself tot Pous van die Hervormingsbeweging te verhef nie? Natuurlik sou Servetus kon lag, want verklaar die Skrifte dan nie baie duidelik dat die Verbondsengel deur God oor Israel aangestel was nie (Ex 23.20)? Die vraag vandag is: Wie is Migael, die groot vors wat oor die volk Israel staan (Dan 12.1) staan? Immers behoort enige regdenkende Christen 'n toegewing te maak dat geen mens al die wysheid op aarde in pag het nie! Ook nie Calvyn nie! Die Verbondsengel word Israel se Prins gemaak, nie hulle Onsienlike, Ewige God nie! (Cohen verwys Bibl).

Beza skryf ook dat die as van Servetus beswaarlik koud was, of die mense het begin om oor die straf van die ketters te kla (!) (Calvyn ICG : 47). "Sommiges het gedink dat hulle aan bande gelê moes word, maar dat hulle nie met reg met die dood gestraf kon word nie.. net asof 'n mens nie genoeg in verband met 'n ketter uit die Woord van God kan put nie en net asof 'n mens oor al die hoofpunte van die godsdiens soos die Akademici na albei kante toe mag neig." Sê dit nie vir ons genoeg omtrent Calvyn en sy Geneefse Raad nie? Calvyn het die besluite geneem! Hy het aan Beza dikteer! Hierdie standpunt kom

duidelik nie van Beza af nie, maar direk van Calvyn. En, is dit nie ironies dat daar van die bestaan van die "ketters" gepraat word so asof Calvyn oortuig was dat dit hom regtens of goddellik veroorloof was om die laaste stigter van 'n Kerk/geloof te wees nie?

Calvyn het hom nie veel gesteur aan die dood van Servetus nie, maar, ironies, was hy besonder onthuts "oor die wreedaardige vervolging van die vromes besonder in Parys." Dit was vir Calvyn 'n ware foltering! En dat die "ketters" dit kon waag om te kla oor hulle straf! Ons kan maar weereens vergelykings tref tussen Luther en Calvyn. Luther het die teregstelling van die Anabaptiste "met 'n swaar hand" onderteken, terwyl Calvyn dit gretiglik en maklik gedoen het! Ook kon Luther bespiegelinge oor die Triniteit aanvaar.

As ons Calvyn se weergawe van sy argument met Servetus oor die doopleer objektief beskou, sal ons gou agterkom dat sy redenasies ook hier op die Verbond met Abraham berus. Hierdie Calvinistiese standpunt word beedvoerig in Boek 3 bespreek. Hoewel Servetus voorgestel word as 'n onlogiese mens, moet ons weereens in gedagte hou dat Calvyn sy eie standpunte versterk het deur om die idee te skep dat hy Servetus telkens verslaan. Hoewel Servetus die doop van gelowiges bepleit het, moet ons in gedagte hou dat Calvyn se doop nou vervleg is met die erfsonde-teologie van Augustinus, ook 'n idee wat Servetus verwerp het [v. Boek 7 Nota II.2(2); Boek 3).

Wat ons ook in gedagte behoort te hou is dat sommige van die Anabaptiste-sektes wel die ontvangs van die Heilige Gees sprekende in tale ervaar het en dit het hulle duidelik van die algemene Reformasie-stroom vervreem. Luther het aangaande Müntzer roekeloos verklaar dat al sou hy ook die Heilige Gees, vere en al, ingesluk het, sal hy nie na hom luister nie (Bainton : 261). Hy het klagtes teen Carlstadt en Müntzer gehad en hulle onstabiel genoem (Bainton : 258) maar alhoewel Carlstadt die radikale prediker was wat sy volgelinge opgesweep het om die wapen op te neem, behoort ons ook hier objektiwiteit aan die dag te lê omdat die laerstand geweldig verdruk was deur die landhere, maar gee Luther gelyk want `n prediker mag hom nie tot geweld wend nie.

Tog, is vervolging nie ook maar passiewe geweld nie? Zwingli wat in Luther se kraal gepas het,was die eerste een wat die doodstraf teen die Anabaptistge ingestel het in Switzerland (Bainton : 314) en hy het moontlik die pad oopgemaak vir Calvyn om sy voorbeeld te volg. Daar was ook gematigde Anabaptiste en Servetus het baie duidelik onder hulle geressorteer – hierdie tipe het Luther geval en waar Servetus die "Juweel van die Anabaptiste" genoem was, sou daar seker dan baie soos hy gewees het. Dogmatiese verskille het natuurlik veral onmin aangewakker en veral in `n sterk persoonlikheid soos Luther. Zwingli het baie duidelik openlik van hom verskil (Bainton – v. verdere besprekings in Boek 3).

Opm. Servetus het natuurlik van die volgende geweet, en dit is dan ook geen wonder dat hy na die "driekoppige monster" verwys het in sy gesprekke met Calvyn nie! Hislop : 17 : "The Papacy has in some of its churches, as, for instance, in the monastery of the so-called Trinitarians of Madrid, an image of the Triune God, with three heads on one body. Stem dit nie ooreen met die Trimurti se driegesig-god nie? *1 Joh. 5.7* word in die algemeen vandag aan `n „Ou Latynse tradisie" toegeskryf. Egipte word as `n teëlaarde vir die triniteit gesien, paganisties en soos dit voorkom, ook Christelik. Beide Africanus en Tertullianus kom vanaf Karthage waar Latyn juis die baie belangrike voertaal was. (v. ook Boek 3 en Notas).

Veral die ouer garde onder die Calviniste is nogsteeds onder die indruk dat „die Christene se Drieënige God" aangetas word sodra `n ander godsdiens op die radio uitgesaai word (as hulle eie) maar dit het dalk tyd geword om te besef dat hierdie belydenis nie so absolute waarheid is as wat dit voorkom nie en veral omrede dit ook groot smart en trane gebring het. Jesus gaan ons beslis nie op die bevindings van die Niceense Raad voor Sy Regterstoel roep nie! (v. Hand. 10.42). Verwys ook Vaticanus I & II (Bibl – Webwerwe)

Daarom moet julle nie voor die tyd oordeel,
voordat die Here kom nie
wat die verborge dinge van die duisternis
in die lig sal bring
en die bedoelinge van die harte
openbaar sal maak;
en dan sal elkeen lof van God ontvang!

(1 Kor. 4.5)

Ons ikone het

inderdaad

voete van klei!

# NOTAS TOT BOEK 7

NOTA II.1(1) : Ook dit word meestal verswyg en daar sal eerder melding van Harvey as Servetus gemaak word wanneer daar na mediese ontdekkings verwys word. Dit behoort vir ons 'n aanduiding te gee van die outoritêre gesag wat die Kerk steeds uitoefen. Die veragting teen Servetus en die negering van sy intellek en vermoëns is 'n voorbeeld van beïnvloeding en gunswerwing wat steeds in die na-Middeleeuse tydperk bly steek het (v. EE 6 : 347 oor Harvey : 1578-1657 teenoor Servetus 1511 – 1553. v. ook Marais Bibl).

NOTA II.1(2) : CarringtonII : 452-453 oor Origenes en Clemens se Logos-teorie: “It begins with the concept of eternal being. It was conceded now in philosophic circles that it was not possible to think of an all-wise, all-good, eternal mind, without an element of plurality within its unity; it had to be a trinity.” Hy verwys dan daarop dat hierdie “bare monarchianism” (soos wat die Ebioniete skynbaar aangehang het, maar veral die Sabelliërs se belydenis en die Apostels het natuurlik ook een God tesame met Sy Middelaar bely – *1 Tim 2.5*) had been surpassed already by the philosophers. The multi-personal or poly-dynamic deity of the old Hebrew revelation found his counterpart now in the highest realms of philosophic speculation” (!). CarringtonII beweer verder dat die Logos-teologie, dit is in sy Klementynse vorm (Klemens van Alexandrië) het toe sy plek ingeneem as `n noodsaaklike element in die filosofie van die monoteïsme….”. En dit was dan die goddelike rede, “… eternally expressing the mind of the high God to himself and in relation to the cosmos.” CarringtonII noem dan iets baie interessant, naamlik dat `n element van minderwaardigheid (inferiority) of ondergeskiktheid, het nogsteeds aanklankgevind by die Logos van Origenes se denke…. “…. for though he is co-eternal with the Father, he is still the derivative God with which the cosmos must be content”. … Hy vra dan tereg wat van die Verlosser van die mensdom? En hy verklaar dan : „The Logos united himself with a pure soul (Jesus’) which had not sinned..” (met ander woorde hierdie konsep pas ook baie goed in by reïnkarnasie – Christus (Logos) het dus nie ‘n voormenslike bestaan by die Vader gehad nie, maar hy (dit) was maar net ‘n Rede). En dit is net asof ons die eggo van die Kabbalah hierin sien (v. Ginsburg KAB).

Dit is dan ook geen wonder dat Calvyn aan die „Ewige Seun van God“ geglo het nie en dat die kerngedagte van die Pauliniese *Brief aan die Hebreërs* toe skade gely het nie, naamlik die intredene by God, naamlik Jesus, ons ewige Hoëpriester! Calvyn se belydenis stem goed ooreen met die voorafgaande Logos-teologie. Hy kon dit dus met reg bevraagteken word! Hierdie teologie maak definitief die bestaan van Jesus in die vorm van die Verbondsengel (dus nie slegs ‘n Rede nie) tot niet (Dan. 12.1; Ex. 23.20+).

NOTA II.1(3) : Daar is natuurlik ook die aanname dat Sabellianisme die voorloper van die Drieëenheid was, deurdat dit die argumentering oor die bestaan van God en die ontleding van die Godheid aan die gang gesit het. Dit het later tot die formulering van die Drieëenheid gelei. Maar dit kom ook voor dat die Drieëenheidkonsep wel al moes gemanifesteer het, gevolglik Sabellius se standpunt.

NOTA II.1.(4) : Dit was nie die doel om Servetus se belydenis omvattend te bespreek nie en daarom het die klem net sekere belangrike besprekingspunte - dit wat ter sake gekom het in sy gesprekke met Calvyn - geval. Dis sou beter gewees het as ons sy geskrifte vanuit 'n objektiewe perspektief kon beoordeel het. Ons behoort ook in gedagte te hou dat die Drieëenheidbelydenis sy beslag op die Raad van Nicaéa 325 n.C. gekry het en Calvyn het hierdie belydenis oorgeërf van die Katolieke Kerk. Servetus, egter, het ‘n nuwe teologie bewoord wat totaal-en-al vreemd was vir die deursneë kerkganger,

of dit nou Katolieke of Protestante was. Daar is wel geskrifte van hom tot ons beskikking maar hoe volledig dit is, weet ons nie. C.D. O'Malley het sommige van sy werke in 1953 vertaal en gepubliseer (EE 11: 240) maar dit kom nie voor dat al sy geskrifte nog bestaan nie. Sommige is saam met hom op die brandstapel verbrand. Dit is jammer dat ons ons op Calvyn en sy Sekretaris, Beza, se oordeel en uitsprake moet verlaat en veral wanneer dit by die fynere nuaserings van Servetus se geloof in Jesus Christus en Sy Vader kom, is geskrifte van uiterste belang. Dat niemand in staat is om die Heilige Gees te verklaar nie, was ook seker vanuit 'n Reformasie-perspektief nie altyd duidelik gestel nie, want die Reformasie het maar voortgebou op die Niceense Geloofsbelydenis wat die Heilige Gees 'n Persoon gemaak het. Servetus het self 'n studie van die Bybel gemaak en sy stelling dat Jesus Christus wel die Seun van die Ewige God is, is heeltemal Bybels en Apostolies.

Servetus, self `n geleerde en `n teoloog daarby, het immers die reg gehad om van Calvyn te verskil want Servetus was voor sy ommeswaai na die Anabaptiste-beweging, 'n Spaanse Rooms-Katoliek wat sekerlik in Madrid baie te siene gekry het van die voorstelling van die Drieëenheid as 'n ou man, 'n vrou en 'n seun. En hoe sou so 'n voorstelling van die Godheid nie enige verligte Reformator aangegryp het nie! Moontlik was die Franse sy van die Katolieke Kerk meer abstrak in hulle benadering tot die Godheid as wat die Spanjaarde dit ervaar het. Verder behoort ons te besef dat Spanje die groot tuiste van die Sefardi Jode was en met hulle streng toegewydheid aan die monoteïsme, het Servetus baie moontlik van hulle teorieë onder oë gehad. Dit sou natuurlik 'n persepsie by Servetus geskep het van 'n ewige God wat ook 'n ewigdurende Gees is [Joh. 1.18; Joh. 4.24]. Geen wonder dan dat Servetus nie Sy God kon inbeeld as as 'n Drie-Persoon-God nie en het hy sekerlik die Indiese Trimurti in gedagte gehad toe hy na die "driekoppige monster-god" verwys het. Sekerlik, met Servetus se akademiese agtergrond en deelname aan die verligting in denkpatroon wat op die Donker Middeleeue gevolg het, kon hy tog ook insprake lewer! Maar hierdie tragiese gebeurtenis in die geskiedenis van die Reformasie, gee ons net weer 'n idee van hoe sterk kerklike tradisie bly steek het, al word daar beweer dat die Hervormers heeltemal met die Katolieke doktrine gebreek het.

NOTA II.1(5) : Die Engel van die Verbond wat oor Israel gestaan het in die Ou Testament (Ex. 23.20), word deesdae deur baie Protestante as Jesus in Sy voormenslike bestaan gesien.Tog was dit nie die geval selfs 'n paar dekades gelede nie, omdat hierdie leer deur die Katolieke Kerk as kettery verdoem was. Dit het nie gestrook met die Logos-leer (v. Boek 1) nie. Calvyn sou dit dus nie bely het as hy vol in die Niceense Geloofsbelydenis gestaan het nie. Wat opvallend is, is dat Calvyn wel die Engel van die Verbond met God self vergelyk en Hom God self maak. Hieroor het Servetus van hom verskil. Servetus sou glo giggelend op Calvyn se stelling reageer het. Maar ons behoort hierdie saak meer objektief te beoordeel.

NOTA II.1(6) : 'n Mens kan wonder of die "giggeling" nou 'n suiwer waarneming van Calvyn se Sekretaris de Beza self was! Sou iemand met die intellektuele stoffasie van Servetus werklik so seunsagtig tydens argumentering opgetree het? Net asof die profeet nie bevestig wat Moses alreeds gesê het nie, naamlik : "Waarom vra jy na my Naam?" En die belydenis van die heilige aartsvader dui genoegsaam aan dat dit nie 'n geskape engel was nie, maar dat die Godheid ten volle in Hom aanwesig was wanneer hy sê: "Ek het God van aangesig tot aangesig gesien." Dit kom duidelik na vore dat Calvyn hier aan die waarheid raak, maar as Calvyn hierdie Engel God (die Vader) maak en nie God se Verteenwoordiger (die beeld van God) nie, dan is dit geen wonder dat Servetus sy aanname verwerp het nie! As Servet wel aangevoer het dat God nooit aan Abraham en die ander vaders geopenbaar was nie, maar dat 'n engel in sy plek aanbid was, kan ons Servetus nie summier afmaak as 'n dwaalleraar nie. Immer is dit baie duidelik, veral as ons hierdie Engel in Sagaria tussen die mirtebome waarneem, hoe hy tot God spreek en tussen God en die ander engele as tussenganger optree [wie Hy uitstuur oor die aarde heen], kan ons tot die gevolgtrekking kom dat Hy die mondstuk of Agent van God was, inderdaad die Seun van God of Eersgeborene van die Skepping. Daar kon dus op hierdie punt 'n dispuut tussen Servetus en Calvyn gewees het, want ons sien nie dat Servetus hierdie Engel God maak soos wat Calvyn dit wel gedoen het nie.

NOTA II.2(1) : "En God het gesê: "Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis" (Gen. 1.26). Iets wat ons in gedagte behoort te hou is dat daar net soveel verklarings oor die siel en die lewe van God, die gees van die mens teenoor die Gees van God, die ontstaan en die bestaan van God, in die vroeë Christelike era was (die klassieke Romeinse en Griekse beskawings) as wat daar verklaarders was. In Calvyn se geval het hy net sy eie verklaring geduld. Niemand kan eintlik 'n suiwere uitspraak oor die siel lewer nie, ook nie oor die gees nie, want albei is maar begrippe van die onsienlike in die mens. Baie verwarring sal uit die weg geruim word as ons Skrifgefundeerd bly want God openbaar Sy saligheidsplan - sy heilsplan - in en deur die Heilige Skrifte. Die mens is uit die aarde geformeer en voortgebring (geskape). Die engele as God se onsigbare Skepping (onsigbaar vir die mens), is nie deel van die aardse skepping nie al is hulle deur God voorgebring (ook geskape of in die lewe geroep). Die menslike skepping word deur voortplanting in stand gehou na die vlees (procreation), maar die mens word deur Christus se offer aan die kruis in staat gestel om soos die engele te word, met ander woorde gelyke bestaan deelagtig te word, daarom sê Paulus: "Ons weet nie wat ons sal wees nie, maar ons weet dat ons aan Hom (Jesus) gelyk sal wees (dit is na die opstanding).

NOTA II.2(2) : Dat kinders wel deel was van huishoudings wat tot bekering gekom het in die tyd van die Apostels, is wel waar. Bekeerde kinders, diegene wat in Jesus geglo het, sou sekerlik net soos hulle ouers in Sy Naam gedoop gewees het, maar suigelinge sou uitgesluit gewees het want geloofsbelydenis in Christus en Sy bloedoffer was noodsaaklik. Voordat die doop deur onderdompeling afgeskaf was deur die Rooms Katolieke Kerk, was belydenis van die Niceense Geloofsbelydenis nodig. Dit was by latere Rade (tot op Chalcedon in 451) verkort (Carrington : 486). Daar is geen bewys dat die Apostels suigelinge gedoop het nie. Immers het Jesus, hulle Meester, hulle geleer: *Mar. 9.37*: "Elkeen wat een van sulke kindertjies ontvang in my Naam, ontvang My". Hy het verder gegaan en gesê dat die koninkryk aan kindertjies behoort." Waarom? Juis omdat hulle nog nie gesondig het nie en omdat Jesus as Beeld van God nooit ongeregtigheid aan onskuldiges sal toereken nie. Om die doop deur die erfsondeteologie te probeer regverdig, veral by kinders uit gelowige ouers gebore, (1 Kor. 7.14) spreek van misleiding.

Die feit dat Paulus baie pertinent aan die Efesiërs skryf [Ef 4.5] dat daar net een doop is, dui ook daarop dat daar nie "aanpassingsdoopwyses" was in die Apostels se dae soos wat ons dit later in die *Didache* kry nie. Ook is daar 'n baie sterk skeidslyn tussen die Ooste en die Weste (die Latyners en die Grieke) wat betref die kinderdoop sogenaamd. Rome het die kinderbesprinkelig later ingebring en die Grieks-Ortodokse Kerk dompel hulle suigelinge in die doopvont in die water in tot vandag toe. Daar word wel aangevoer dat Justinus die Martelaar kinderbesprinkeling toegepas het, al in ongeveer 150 n.C.

# BYLAAG EEN

# TOT DIE TWEEDE DRUK

Dit is nodig om by die lees van kommentaar oor Servetus en sy standpunte, in gedagte te hou dat die beslag van die Triniteit fases van oorweging en herbewoording behels het. Ook dat die Niceense Raad `n katolieke raad was. Vloeibaarheid van Christologiese perspektiewe was duidelik in die vroegste fase van die post-apostoliese Kerk aan die orde van die dag en om hierdie rede was daadwerklike stappe aangewend om teologiese standpunte oor God en Sy bestaan te stroomlyn. Dit is noodsaaklik om die diverse agtergrond van die Katolieke Kerk – verwysend na al die onderskeie sektegroepe wat om `n staanplek in die arena meegeding het - en veral haar opkoms te meet aan die sterk neerslag van drievoudigheid in die Godheid, hoe ook al bewoord en beredeneer, en wat in die hoofbelydenisse van die breë katolisisme ingebed was.

Servetus was duidelik kundig en as ons hom wou afskiet weens "dwaallering" oor sy eienaardige standpunte, behoort ons weer te besin oor die beslag van die Triniteitbelydenis wat baie duidelik aan `n groot "Misterie" (selfs die antieke Misterieë) gekoppel kan word. Die antieke nasies was gekondisioneer in `n triniteitpersepsie, ook eenheid in triniteit (Hislop). Al wat dan verander het in die post-apostoliese fase was herbewoording en natuurlik om dit by `n Christelike beskouing aan te kon pas. Servetus was kundig en wel belese. Hy het dan ook die Triniteitbelydenis met goeie rede bevraagteken alhoewel hy, net soos Calvyn, sy eie standpunte aanvaar het as waarheid maar ons merk `n meer oop, aanpasbare benadering in Servetus se benadering tot kontensieuse Katolieke standpunte oor God en Sy openbaring. Calvyn, alhoewel daar vandag geredeneer word dat hy sy eie interpretasies aan die Triniteitbelydenis gekoppel het – dit is met betrekking tot die Niceense Geloofsbelydenis – het wesentlik katolisisties in sy Christologiese standpunte gebly. Die Essene was beslis trinitaries in hulle benadering tot God en die goddellike en dit is iets wat al hoe meer tot ons kennis kom. Dit kom voor asof Servetus verdraagsaamheid bepleit het en natuurlik omrede die Triniteitbelydenis wat op Katolieke Rade sy beslag gekry het, baie vrae in die lug laat hang het en veral wanneer dit kom by "drie Persone", gekoppel aan die Onsienlike God en die Woord, die "begin van die skepping van God" (Gen. 1.3). Selfs Joh. 1.1 word tot vandag toe beredeneer en om hierdie rede maak ons natuurlik kennis met verskeie vertalings daarvan (Joh. 1.1 se "In die begin" stem goed ooreen met die eerste boek in die OT wat juis hierdie betekenis dra en wat ons natuurlik uitbring by 2 Kor. 4.6).

Die sterk neerslag van `n onverdeelbare triniteit in die Godheid behoort nie sonder Shimon Ben Yochai, `n Kabbalistiese grotbewoner en herldersiende, benader te word nie – ofskoon ben Yochai natuurlik weens omstandighede daar beland het! Dit kom natuurlik ook voor dat sommige bronne, ten spyte van goeie aanvullings oor Servetus se agtergrond, feite verdoesel want daar is tog meer verbonde aan Calvyn en sy betrokkenheid by Servetus se dood soos dit dan ook blyk die geval te wees en wat Calvyn dan wel as `n baie onverdraagsame, Esseense tipe persoonlikheid by ons tuisbring. Myns insiens word daar, dit is afgesien van Servetus se eie tekortkominge met betrekking tot sommige van sy teologiese perspektiewe, net eenvoudig te veel van die Triniteitbelydenis gemaak en veral as "onwankelbare enigste waarheid"! En om hierdie rede behoort ons die antieke beskawings en hulle kultiese belydenisse oor die Almagtige (die Supreme Being) en die goddellike altyd voor oë te hou en veral die impak van die Baälaanbidding op antieke Israel.

Dit het gewis Joods-Christelike denke beïnvoed en die tipe benadering sou dan noodwendig by

die bredie bygewerk gewees het, en veral gedurende die post-apostoliese fase. Servetus se geskiedenis behoort ons gevolglik te leer dat die Triniteit, net soos die Eenheidbelydenis, op wankelbare pilare staan want Calvyn, inaggenome al die pogings wat hy aangewend het om sy standpunte ten alle koste te handhaaf, het Servetus onbeweeglik gelaat en tot so `n mate toe dat hy selfs daarvoor sou sterf. Maar wie sou nie gevrees het vir `n vuurdood, en veral op `n nat brandhoutstapel nie? Feit is Calvyn se gevoellose houding teenoor `n man wat toe besig was om hierdie aaklige dood te sterf, behoort ons tot die besef te kan bring dat hy, ten spyte van die tyd waarin hy gelewe het, `n meedoënlose, monasities-Esseense persoonlikheid gehad het! Hy het ook baie duidelik saam met die Katoliekedom gewerk om Servetus van kant te maak! En dit is die kruks van hierdie netelige saak.

Dit is inderdaad asof onverdraagsaamheid net eenvoudig deel gevorm het van die mondering van die Triniteitsegspersone, soos onder andere Athansius en selfs Chrysostom. En dit kom dan ook voor dat hierdie belydenis wel verband hou, in sy wese en oorsprong, met die Esseens-Joodse sektes. Dit kom selfs voor asof Servetus die vooraardse bestaan van Jesus óf gerasionaliseer het óf dit bloot verwerp het, en dit mag dan wees dat hy Nasareense standpunte gehandhaaf het, naamlik om Jesus bloot `n Woord (`n manifestasie van die Logos, ook `n gedagte in God se bestaan) te maak, met ander woorde om Hom geensins aan `n vooraardse Engelebestaan te koppel nie, en dit kom gevolglik voor dat hy wel die Logosleer gehandhaaf het en veral in sy wordingsfase. Servetus was gekant teen “triteïsme” (drie PERSONE) wat die Trinitariërs eintlik wesentlik ontken maar tog, as daar generedeer word, word dit prakties wel as drie PERSONE aan een en almal voorgehou! Aanhaling uit Wikipedia: “Servetus affirmed that the divine Logos, the manifestation of God and not a separate divine Person, was incarnated in a human being, Jesus, when God's spirit came into the womb of the Virgin Mary. Only from the moment of conception, was the Son actually generated.”.

Nou, dit kom weereens voor dat dit ooreenstem met `n spesifieke hedendaagse Nasareense Joodse sekte wat aanspraak maak op `n eerste eeuse apostoliese oorsprong (die Natzrayahs). Servetus het dan, soos dit voorkom, die daadwerklike (wesens)vooraardse bestaan van Jesus verwerp maar hoeveel Trinitariërs glo self nie aan Sy (engele) vooraardse bestaan nie (Eks. 23.20+; Ex. 3)? En dit is natuurlik die rede waarom hy geskerts het oor God as Engel (dit is in sy gesprek met Calvyn). Die groot woord “genereer” (begotten) is juis deesdae in gedrang omrede die Griekse “monogenes” bo “eniggebore Seun” verkies word (v. Bylaag tot Die Burger, By, Sat.7 April 2012. E.S. Bart, “Die Unieke Seun”). Ons behoort dan inderdaad erkenning te gee aan nimmereindigende beredenering van Christologiese standpunte en natuurlik omdat die Katolieke Rade en veral die Niceense Raad los drade in die lug gelaat het Waarteen Servetus, soos dit voorkom, dan gekant was, was dat Maria as “Moeder van God” beskou kon word en dat Sy die draer van God, en dan die Tabernakel van die Heilige Gees is. Die groot vraag is: Het God nie `n liggaam (!) vir Sy Seun deur Sy Gees in die maagd voorgebring vir Sy Engeleboodskapper nie?( Mal. 3). Maar tog sekerlik was dit dan nie asof die Verbondsengel in die maagd Maria ingegaan het nie! (die vroegste Ebionitiese belydenisse verwys). En met betrekking tot hierdie saak, is dit nie tyd dat ons weereens oor Katolieke Rade en hulle tipe verwerping, soos byvoorbeeld van Nestorius, besin nie? Verwys gerus na besprekings in hierdie boekreeks oor die “Adopsianisme”, “Arianisme” en “Sabelianisme” , “Ebionisme” (Boek 8, Kruispaaie).

Calvyn word soms as `n humanis beskou, dit is verwysend na die intellektuele, wetenskaplike en literêre beweging van die 1400-1600 n.C., naamlik die Renaissance-tydperk. Hierdie beweging, wat duidelik na vore tree in die lewe van die Katolieke intellektueel, Desiderius Erasmus, het Grieks verheerlik asook die Romeinse kultuur. Dit word as teenoorgesteld van die Skolastisisme beskou.

Wat die humanistiese kultuur en sy denke dan wesentlik sou onderlê het, was die mens, sy belangstellings en ontwikkeling. Volgens Standard Dictionary, International Edition,1961, Funk & Wagnells Company, Vol. 2, was hierdie era ingestel “.... to exalt the cultural and practical rather than the scientific and speculative”. Wat ons dan uit hierdie bondige samevatting kan raaksien, is dat `n ware humanis dan sou gefokus het op die bestudering van die menslike natuur teenoor die skolastisisme wat

as die teenpool van die humanisme beskou word, en wat volgens voormelde bron beskryf kan word as `n sisteem van onderrig wat volstaan by tradisionele doktrine en uitdrukkingswyses (forms).

Te oordeel aan Calvyn en Servetus se onderskeie persoonlikheidstrekke, en wie tog tydgenote was, sou ek Servetus dan eerder die etiket van ware “humanis” wou gee, teenoor Calvyn wie baie duidelik tot skolastisisme geneig het - alhoewel hy ook `n goeie bydrae gelewer het om Christelike vernuwing teweeg te bring en wat die Protestante wel groter geestelike beweeglikheid as onder die striemende Katolisisme gebied het. . Maar as ons byvoorbeeld Erasmus teenoor Calvyn sou opweeg, behoort die verskil in optrede teenoor die naaste tog duidelik te wees. Die Romeinse kultuur was natuurlik gedoop in onmenslike optrede, maar die idee van `n regverdige verhoor was juis deur hierdie kultuur aangewakker, iets wat baie duidelik in Calvyn se optrede teenoor Servetus ontbreek het. En Calvyn het juis volhard in die Triniteiterfenis vanuit die Katolisisme, iets wat eerder by ingeprente skolastisisme tuishoort as by die vrye denkpatroon wat Servetus se profiel juis gekenmerk het, dit is nou afgesien sy wetenskaplike ingesteldheid tot die mens se liggaamlike welsyn (die mediese wetenskap van sy tyd). Alles inaggenome, kom dit dan nie voor asof Calvyn se persoonlikheid die mens en veral sy besondere, praktiese menswees wat teen 1400-1500 gesmag het na geestelike en intellektuele bevryding, enigsins vooropgestel het nie. Dit kom eerder voor asof sy rigiede, onbuigsame geaardheid hom in die voetspore van sy “Esseense” ikone gehou het!

———————————————

En  ek het die dode,
klein en groot,
voor God sien staan,
en die boeke is geopen;
en ‘n ander boek,
die boek van die lewe
is geopen.
En die dode is geoordeel
na wat in die boeke
geskryf is,
volgens hulle werke.
(Open. 20.12)